# Die Grondbeginsels van Eintyd-Profesie





deur

John R. Ecob D.D

vir Herout van Hoop

# *Die Grondbeginsels van Bybelse Eindtydprofesie*

***Oorspronklik uitgegee deur die "Herald of Hope Ministries" in Australië onder die titel "The Basics of Bible Prophecy"***

Kopiereg © dr. John R. Ecob 2005

Met toestemming vertaal vir Goeie Hoop Publikasies
deur die Tygerberg Baptiste Gemeente Vertalingspan
onder leiding van Chris Wilhelm (die leraar)

Vir verdere navrae, e-pos ons by hoh@mrf.za.net of
besoek ons webwerf by www.bbf.za.net

Eerste Uitgawe 2010

Gedruk en gebind deur ABC Press, Kaapstad

## ***<u>Die Herout van Hoop Bediening, Suid-Afrika</u>***

Liewe Leser

Laat my asseblief toe om hierdie uitstaande boek aan u bekend te stel. Dit is oorspronklik gepubliseer as "*The Basics of Bible Prophecy*" wat geskryf en saamgestel is deur dr. John R. Ecob, 'n besonderse geestelike man wat in diens van die Here staan. Dr. Ecob en sy vrou Joan, is in Orange, Australië, woonagtig. Hy vorm deel van die "Herald of Hope" bediening wat 'n span leraars is wat hulleself toewy om seminare oor Bybelse eindtydprofesie in plaaslike gemeentes in Australië te hou. Die Suid-Afrikaanse tak het grootliks voordeel getrek uit dr. John Ecob se interpretasies en insigte en wil met hierdie boek 'n dinamiese vertaling in Afrikaans bied. Die helder insigte wat in hierdie boek uitgelê word, getuig van die feit dat hy 'n noukeurige student van God se Woord is. 'n Tweemaandelikse tydskrif, 'n hele aantal boeke en 'n handige webblad is beskikbaar om die verdere studie van die Bybel vir studente of Christene op alle kontinente moontlik te maak.

Die Grondbeginsels van Bybelse Eindtydprofesie is as volg opgedeel:
Deel 1 – Die Sewe Dispensasies van Tyd
Deel 2 – Israel se 70 Weke van Geskiedenis
Deel 3 – Die Tye van die Heidennasies
Deel 4 – Die Heidense Alliansies gedurende Jakob se Benoudheid
Deel 5 – Die Tekens van die Laaste Dae
Deel 6 – Die Boek van die Openbaring van Jesus Christus

Die ontvouing van die waarhede van Bybelse eindtydprofesie soos uitgelê in hierdie boek, sal vertroosting, versterking en hoop gee aan die individuele Christen. Herlewing in plaaslike Bybelgelowige gemeentes sal plaasvind as gelowiges hulself opnuut toewy aan hulle skeppingsdoel. Dit is om die goeie nuus van die evangelie, naamlik die sterwe en opstanding van die Here Jesus Christus, en Sy spoedige terugkeer om ons finaal te bevry, te verkondig! Met 'n helder begrip van God se ewigheidsplan, sal ons 'n ander uitkyk hê op ons daaglikse lewe en die verwarde wêreld waarin ons leef. So sal ons van pessimisme na 'n Bybelgebaseerde geloof in God beweeg om Hom alleen te dien.

U medewerker in Christus se diens.

Dr. Marc S. Blackwell sr.
Ander boeke word ook deur die Herout van Hoop komitee onder leiding van dr. Blackwell beskikbaar gestel.

# *Deel 1*

# *Die Sewe Dispensasies van Tyd*



*"Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel*
*as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie,*
*WAT DIE WOORD VAN DIE WAARHEID REG SNY"*
*(2 Tim. 2:15)*

## *Inleiding*

Die Bybel, vanaf Genesis tot Openbaring, moet as die "*waaragtige woorde van God*" (Openb. 19:9) aanvaar en waardeer word. Hierdie Woord van God moet van hoek tot kant letterlik verstaan en geïnterpreteer word. Letterlike interpretasie is eenvoudig die normale en natuurlike manier waarop ′n mens die Bybel lees en verklaar. Elke woord in die Bybel is deur die Heilige Gees geïnspireer en deur Hom bewaar vir ons, en moet deur ons as onfeilbaar beskou word. God het deur Sy Woord, die Bybel, gesê wat Hy bedoel het en bedoel wat Hy gesê het.

Om die eindtydprofesieë in die Bybel reg te verstaan is dit nodig om:

**i)** Gesonde beginsels van Bybelverklaring of interpretasie te gebruik.

**ii)** Te onderskei tussen die Jode, die Heidene (nie-Jode) en die Kerk van die Here Jesus Christus as drie afsonderlike Bybelse groeperings van alle mense.

**iii)** Die sewe dispensasies of bedelings van tyd wat daar in die Bybel is, te erken.

Daar is geen mites en legendes in die Bybel opgeteken nie, en alles wat ons lees is histories en feitelik korrek en waar. Die karakters in die Bybel was werklike mense, en die plekke wat in die Bybel genoem word was werklike plekke. Wonderwerke was nie die norm nie, maar die uitsondering. Dit het die tye van die goddelike ingryping in die doen en late van die mens aangedui. Hierdie wonderwerke gaan alle menslike verstand te bowe, en moet in ′n feitelike sin aanvaar word sonder om dit ten alle koste te probeer verduidelik. Net so ook moet elke enkele eindtydprofesie letterlik geïnterpreteer word.

Waar simboliek in die Woord van God gebruik word, moet dit in die konteks waarin dit geskryf is verstaan en geïnterpreteer word. Soos wat ons een Skrifgedeelte met 'n ander Skrifgedeelte vergelyk, sal die betekenis daarvan onder die leiding van die Heilige Gees al hoe duideliker word.

Dit is essensieel om nie Israel as volk van God, die Heidene (nie-Jode), en die Kerk met mekaar te verwar nie. Wat aan Israel as 'n nasie deur God belowe is, sal letterlik aan hulle as 'n nasie vervul word en kan nie sommer net so sonder onderskeiding op die Kerk van toepassing gemaak word nie. Om na te laat om tussen die Jood, die Heiden en die Kerk te onderskei, sal net tot verwarring en verkeerde interpretasies lei.

Ten slotte, God se administrasie of hantering van die mensdom kan duidelik in sewe afsonderlike dispensasies, wat ook tydperke of bedelings van tyd beteken, opgedeel word. Elke bedeling van tyd begin met 'n nuwe geleentheid wat God aan die mens bied, en eindig in volslae menslike mislukking met die daaropvolgende oordeel wat hulle verdien het. Ons leef tans in die laaste dae van die sesde dispensasie of bedeling van tyd, en kan verseker weet dat die wêreld voor die deur staan om die oordele van die groot verdrukking te ontvang.

Sodra die laaste dispensasie of bedeling van tyd aan die einde van Christus se 1 000 jaar Vrederyk ten einde kom, sal daar volgens Bybelse profesie geen tyd meer wees nie en sal die geredde gelowiges van alle tye die ewige seëninge van die nuwe hemel en die nuwe aarde ingaan, *"... wanneer alles aan Hom onderwerp is . . . sodat God alles in almal kan wees"* (1 Kor. 15:28).

### *Die Grondbeginsels van Bybelse Interpretasie*

Die belangrikheid van die gebruik van gesonde beginsels van Bybelse interpretasie kan nooit oorbeklemtoon word nie. Die Bybel is nie 'n verrassingspakkie waaruit alleenstaande verse geneem kan word, en buite konteks saamgevoeg en geïnterpreteer kan word bloot net om 'n tematiese punt te maak of om iets as reg of verkeerd te bewys nie. Petrus vertel ons *"dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie"* (2 Pet. 1:20). Elke Skrifgedeelte moet in sy historiese, grammatiese en tekstuele konteks verstaan en verklaar word. Dit moet met ander Skrifgedeeltes, wat oor dieselfde onderwerp handel, vergelyk word en ooreenstem. Geen gedeelte kan in isolasie van ander dele 'n eiesoortige betekenis hê

nie, want God het elke waarheid wat in Sy Woord is met 'n menigte getuienisse bevestig.

Die Bybel is die oudste boek in die wêreld; dit is nou meer as 3 500 jaar sedert Moses die eerste vyf boeke geskryf het. Moses het selfs nog ouer opnames ingesluit, soos bv. die *"Boek van die Stamboom van Adam"* (Gen. 5:1). Om in staat te wees om 'n betroubare en deurlopende stamboomregister vanaf Adam tot Christus te vind, 'n tydperk wat oor 4 000 jaar strek, is geen geringe taak nie. Daarom is daar geen gelyke in hierdie Bybelse rekords van die antieke Bybelse geskiedenis nie.

Om hierdie sonderlinge verskynsel te verstaan kan ons maar in die goddelike oorsprong daarvan vertrou, want die Bybel maak daarop aanspraak dat dit God se eie woorde is en deur goddelike inspirasie weergegee is, soos die heilige manne van God deur die Heilige Gees daartoe gelei is. Om hierdie rede kan die Bybel met reg daarop aanspraak maak dat dit die woorde van die Heilige Gees van God is (Hand. 1:16; Hand. 28:25) wat deur die profete gespreek is. Gevolglik moet ons glo dat die Bybel onfeilbaar, foutloos en volledig is.

Bewyse vir die foutloosheid van die Bybel is talryk, maar nêrens kan die ongelooflike goddelike oorsprong daarvan beter gedemonstreer word as in die profetiese uitsprake en vervulling daarvan nie. Voorkennis is 'n unieke eienskap van God, wat sê: *"Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen"* (Jes. 46:9-10).

Baie profesieë van die Bybel is reeds op 'n besondere wyse vervul. Ten minste drie-en-dertig profesieë is net op een dag, die dag toe Jesus Christus gesterf het, vervul! Die magtige ryke van Egipte, Assirië, Babilon, Persië en Griekeland het almal opgestaan en geval net soos die Bybel dit baie jare vantevore voorspel het! Die feit dat

so baie profesieë reeds vervul is, lei ons om te glo dat daardie wat nog in die toekoms lê, net so seker vervul sal word.

### *Die Jode, die Heidene en die Kerk*

In die Bybel kan God se handelinge met die mensdom in drie verskillende groeperinge van die menslike ras opgedeel word. Die apostel Paulus stel dit duidelik in 1 Kor. 10:32: "*Wees geen oorsaak van struikeling vir **JODE** of **GRIEKE** of vir die **GEMEENTE VAN GOD** nie"* (klem bygevoeg).

Sedert die dae van Abraham was daar JODE en HEIDENE (nie-Jode), maar sedert die dag van die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge 2 het God 'n derde groepering bygevoeg: dit is die GEMEENTE, die KERK as die liggaam van die Here Jesus Christus. As ons, vir watter rede ook al, versuim om hierdie groeperinge van die mensdom afsonderlik en konsekwent deur die Bybel uit te beeld, maak dit die akkurate interpretasie van profetiese Skrifte onmoontlik. Spesiale aandag sal gegee word aan hierdie onderskeie groeperinge. God se program vir die Jode word in *"Die 70 Weke van Jerusalem en Israel"* in Deel 2 behandel, en God se plan




**'n Uitleg van die Bybelse groepering van die mensdom**

vir die Heidene word in *"Die Tye van die Heidennasies"* in Dele 3, 4 en 5 behandel. Die Gemeente sal in *"Die Openbaring van Jesus*


*Christus"* in Deel 6 aandag kry. Deel 6 sal die Gemeente se geskiedenis beskryf aan die hand van die briewe aan die sewe gemeentes in Asië. Hierdie studie van die sewe bedelings van tyd gee ′n oorsig van al drie individuele groepe (Jode, Heidene en die Gemeente), en die volgende diagramme toon hul plekke in die geskiedenis en die toekoms aan.


### *Die Sewe Dispensasies van Tyd*

Vanaf Adam tot aan die einde van tyd is daar sewe duidelik definieerbare tydperke in die geskiedenis van die mensdom wat bekend staan as die "SEWE DISPENSASIES VAN TYD". 'n Dispensasie kan as ***'n tydperk*** of ***'n era*** van God se handeling beskou word: 'n bepaalde tydperk waarin God met 'n spesifieke persoon of deur 'n groep mense ('n volk) wil werk tot voordeel van die mensdom. In die Ou Testament word sulke periodes dikwels *"geslagte"* genoem (Ps. 100:5), en in die Nuwe Testament word dit ook as *"eeue"* beskryf (Heb. 9:26; Gal. 1:4).

In hierdie studie sal ons leer dat God, met die verloop van tyd, telkens Sy handelinge (administrasie) met die mensdom aangepas het. Verskeie van hierdie dispensasies het reeds in die geskiedenis van die mensdom plaasgevind en is daarom verby. In die sendbrief aan die Efesiërs lees ons van *"die eeue kom"*, *"ander tye"* en *"alle geslagte" (*Ef. 2:7; 3:5,21). Die sendbrief aan die Kolossense praat van "*eeue en geslagte"* (Kol. 1:26). Die dissipels het vir Jesus gevra: *"wat is die teken van u koms en van die voleinding van die **wêreld**?"* (***wêreld*** is letterlik "eeu/era" Matt. 24:3).

Die geskiedenis van die wêreld is die verhaal van die mensdom. Die Bybel gee ons ′n wonderlike panoramiese beeld van die geskiedenis vanuit God se perspektief. Bybelse geskiedenis, wat die geskiedenis van die mens insluit, word deur die tye van goddelike ingryping benadruk, veral as die mensdom onder 'n spesifieke oordeel van God gekom het. Na elke oordeel het God Sy hantering van die mensdom met nuwe beloftes aangepas, maar onder elkeen van hierdie nuwe administrasies het die mens geheel en al gefaal.


DIE NUWE HEMEL EN NUWE AARDE
Gemeente
Jode
Heidene
2de koms van Christus
1 000 jaar
Koninkryk
Die Gemeente heers saam met Christus
Christus heers as Koning vir 1 000 jaar – Israel lei die nasies
Oorblywende heidennasies geseën onder Christus se heerskappy
7 jaar
3½
3½
Groot verdrukking Matt. 24:8
Matt. 24:15
Begin van smarte Matt. 24:8
Antichris
Wegraping van gemeente
Gemeente uitgeroep
Efesiërs 3
Israel tydelik opsy gesit
Romeine 11
Tye van die nasies
Luk. 21:24
Romeine
Grieke
Persië
Medo-
Babilon
606 v.C.
Gemeente
JESUS CHRISTUS
32n.C.
Jeremia
Nuwe verbond
Dawid
Dawidiese verbond
Moses
Mosaiese & Palestynse verbond
Abraham
Abrahamiese verbond
Jode
Assirië
Egipte
Babel
Heber
Peleg
Heidene
Adam
Metusalag
Noag
Joktan (13 seuns) … Arabië en al die konings van die gemengde bevolking wat in die woestyn woon; Jer. 25:24
Abraham
Groot Wêreldvloed
DIE PARADYS
Die Boublokke van Bybelse Eindtydprofesie



Nuwe Hemel en Nuwe Aarde
Openb. 21 & 22
Die Poel van Vuur Openb. 20:10-15
Ongereddes geoordeel
DIE SEWE DISPENSASIES VAN TYD
1 Onskuld
Gen. 2 tot 3
Adam
uitgewerp
2 Gewete
Gen. 4 tot 8
Noag
se vloed
3 Regering
Gen. 9 tot 11
Babel
geoordeel
4 Belofte
Gen. 12 tot 50
Israel
ballingskap
5 Wet
Eks. 1 tot Hand. 1
Israel
verstrooi
32 n.C.
6 Kerk
Hand. 2 tot Openb. 3
Christendom
in swaar tye
Die Wegraping van die Kerk
Israel tydelik opsy gesit Rom 11
Israel bekeer
Verborgenheid van ongeregtigheid
Groot Verdrukking
Openb. 6 tot 18
Die Dier heers
Nasies
geoordeel
Christus kom terug met die Heers
Bruilofsmaal van die Lam Openb. 20:1-9
7 1000 jaar Vrederyk
Christus regeer
Luk. 21:24 "en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is."
DIE TYE VAN DIE NASIES
606 v.C.
Ewigheid in die Verlede

Om die ***"woord van die waarheid"*** reg te sny (2 Tim. 2:15), dit wil sê om die Bybel reg te interpreteer, is dit daarom essensieel om die verskillende maniere waarop God met die mens gehandel het te sien as die progressiewe openbaring van Sy wil, en dit so te erken in ons interpretasie van die Bybel. Die sewe dispensasies van tyd is as volg:

1) **Die Tydperk van Onskuld** – Adam en Eva in die tuin van Eden.
2) **Die Tydperk van Gewete** – Vanaf Eden tot Noag se vloed.
3) **Die Tydperk van Menslike Regering** – Vanaf die vloed tot die toring van Babel.
4) **Die Tydperk van Belofte** (Verbonde) – Vanaf Abram tot Eksodus.
5) **Die Tydperk van die Wet** – Vanaf Eksodus tot Jesus Christus.
6) **Die Gemeente Tydperk** – Vanaf die uitstorting van die Heilige Gees tot die Wegraping.
7) **Die Vrederyk Tydperk** – Vanaf Christus se tweede koms tot die nuwe hemel en nuwe aarde.

### *1ste Dispensasie – Die Tydperk van Onskuld*
### *Genesis 1 tot 3*

Toe God vir Adam en Eva geskape het, het Hy hulle in die tuin van Eden gevestig. God het daagliks in ononderbroke gemeenskap met Adam en Eva verkeer, met hulle gewandel en gepraat. Ons word baie min vertel van die lewe in die tuin van Eden, maar ons leer dat gemeenskap met God ononderbroke was en dat die hele skepping in harmonie met die Skepper was. Siekte en dood was onbekend, en die mens was heerskappy (of eerder rentmeesterskap) gegee "*oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip"* (Gen. 1:28). Daar was ten volle voorsiening gemaak vir mens en dier. God het aan Adam gesê: "*Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees"* (Gen. 1:29). Adam het nie net gestaan en niks doen nie. God het 'n tuin geplant en Adam *"gestel om dit te bewerk en te bewaak"* (Gen. 2:15). Adam was die eerste tuinier en hy was vry om van elke vrug wat in die tuin gegroei het te geniet, met een uitsondering – die boom

van *"kennis van goed en kwaad"*. Daarvan mag hulle nie geëet het nie.

Deur Satan se misleiding het Eva, en toe Adam, die goddelike opdrag verontagsaam en van die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad geëet. Op daardie oomblik het sonde die wêreld en die mens binne gekom en gevolglik die mens se verhouding met God verbreek. Die mens het toe vir die eerste keer skuld ervaar en het bewus geword van goed en kwaad. Verder het die hele skepping onder die vloek van sonde gekom *"om jou* (Adam se) *ontwil"* (Gen. 3:17). Die aarde het *"dorings en distels"* voortgebring en Adam en Eva was uit die tuin verdryf. Gerubs en 'n vlammende swaard het die weg na die boom van lewe bewaak.

God het egter eers diere geslag en *"rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek"* (Gen. 3:21). Die rokke van vel het noodwendig die dood van diere beteken en kon die oordeel van sonde afweer. Adam se sondige natuur is as gevolg van hierdie sondeval aan alle mense oorgedra, *"Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word"* (Rom. 5:19).

Jesus Christus het gekom en *"Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis"* sodat ons geklee kan wees, nie in rokke van vel nie, maar in die geregtigheid van die vlekkelose Lam van God!

**So begin die Tydperk van Onskuld met seëninge, maar eindig in oordeel en toon die genade van God in die voorsiening van 'n versoening (bedekking) vir sonde.**

### *2de Dispensasie – Die Tydperk van die Gewete*
### *Genesis 4 tot 8*

Buite die tuin van Eden het God voorsorg getref om die mens se verhouding met Hom te herstel en voort te sit, maar as gevolg van die sonde het dit telkens die dood van 'n plaasvervanger behels. Die vereiste was 'n lam wat geslag moes word, en kort daarna lees

ons van Kain en Abel wat hulle offerandes na God bring. Kain het onwrikbaar geweier om die bloed van ′n lam te stort en is sodoende deur God geoordeel. Nadat hy geweier het om die bloed van ′n lam as sondoffer te stort (Gen. 4:7), het hy sy broer doodgeslaan, en daarna het geweld hierdie Tydperk van die Gewete gekenmerk, *"Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld"* (Gen. 6:11).

Die beskawing voor Noag se vloed was gekultiveerd en vernuftig in die vervaardiging van musiekinstrumente en gereedskap van yster, brons en goud. Ons lees van die seuns van Lameg in die nageslag van Kain. Sy seun Jubal was "*die vader van almal wat op siters en fluite speel"* (Gen. 4:21), en Jubal se broer Tubal-Kain was *"′n smid wat allerhande koper- en ysterinstrumente gemaak het"* (Gen. 4:22). Sulke vaardighede dui op gevorderde en kulturele nywerheidsgemeenskappe.


**'n Helm van goud uit Ur**

In 1922 het Sir Leonard Woolley ′n argeologiese ekspedisie vir die Britse Museum na Ur, waar Abraham gebly het, gelei. Hy het onder ′n agt voet laag klei ′n goue helm of pruik van die keurigste ontwerp, asook baie ander kunswerke en werktuie, gevind. Hierdie items uit antieke grafte word vroeër as die vloed gedateer en getuig van die merkwaardigste vaardigheid van die beskawing voor die sondvloed.

Sir Leonard het opgemerk: "In geen enkele graf was daar enige beeld van ′n god, of enige simbool of ornament wat ′n mens sou opval as van godsdienstige aard nie".

Die beskawing voor die sondvloed was blykbaar materialisties en sensueel, en hierdie beskouing is konsekwent met alles wat die Bybel daaroor sê. Jesus het van die dae voor die sondvloed gesê: *"toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat*

*die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie"* (Matt. 24:38-39).

Genesis 6 skilder die verdorwe toestand van die mens soos volg: *"Toe die mense op die aarde begin vermeerder . . . en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het . . . en al die versinsels wat hy in sy (die mens) hart bedink, altyddeur net sleg was . . . Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld"* (Gen. 6:1-2, 5, 11).

Te midde van sulke boosheid was daar een man, Noag, wat *"genade gevind het in die oë van God"* (Gen. 6:8), en toe die wêreldwye sondvloed die aarde bedek, is hy en die wat saam met hom die ark ingegaan het van die toorn van God gered.

**So wys die tweede bedeling dat slegs die kennis van reg en verkeerd nie 'n mens kan red nie, en eindig in 'n goddelike oordeel. Slegs uit die genade (onverdiende guns) van God, deur geloof, kan 'n mens gered word.**


### *3de Dispensasie – Die Tydperk van Regering*
### *Genesis 9 tot 11*

Voor die sondvloed is daar geen melding van konings en koninkryke gemaak nie. Die Bybel praat eenvoudig van "*geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam"* (Gen. 6:4). Maar ná die sondvloed het ons die eerste melding van 'n koninkryk. Nimrod, die seun van Kus, word beskryf as *" 'n geweldenaar op aarde"* en *" 'n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE"* (Gen. 10:8,11).

Ons lees ook verder, *"En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sínear"* (Gen. 10:10). Verder was daar ook 'n ander man met die naam Assur: *"Uit hierdie land het hy getrek na Assur en gebou: Ninevé en Réhobot-Ir en Kalag en Resen, tussen Ninevé en Kalag – dit is die groot stad"* (Gen. 10:11-12)[1].

Studente van antieke geskiedenis is vertroud met die name in die

[1] Gen 10:11 *Out of that land went forth Asshur, and built Nineveh, and the city Rehoboth, and Calah,* (KJV). Sien ook Keil & Delitszch se kommentaar van die Ou Testament.




**'n Kaart wat die vrugbare aarde in die vorm van 'n sekelmaan aandui**

tiende hoofstuk van Genesis. Sekulêre geskiedenis aanvaar dat die vroegste spore van beskawing in die "vrugbare area in die vorm van 'n sekelmaan" te vinde is en gestrek het vanaf die Persiese Golf, opwaarts in die Eufraatvallei en suid al langs die kus van Israel (Kanaän) tot in Egipte. Daar word na hierdie gebied verwys as die "wieg van die beskawing." Ons weet dat die ou Akkadiese en Sumeriese koninkryke gebloei het in die land van Sinear, tussen die Eufraat- en Tigrisrivier, en dat die Egiptiese faraos oor die Nyl geheers het. As ons onthou dat Noag se ark op die berg Ararat geland het, waar die Eufraat- en Tigrisrivier hul oorsprong vind, kan ons verwag dat party van Noag se afstammelinge met die Eufraatvallei sou beweeg het in 'n suidelike rigting tot by die vrugbare vlakte van Sinear. Ander sou nog verder suidwaarts na die waterryke Nyldelta beweeg. Aangesien Nimrod die stad Akkad gebou het kan ons hom met die Akaddiese koninkryk verbind. Stede soos Babel, Ur, Ereg en Ninevé, asook die land van Sinear verskyn dikwels in handboeke oor antieke geskiedenis. Selfs die datum toegeskryf aan die eerste Akkadiese koning, Sargon, stem ooreen met Bybelse chronologie. Prof. J.H. Breasted sê in sy boek *"Ancient Times"*: "Omtrent 2500 v.C. het daar in Akkad 'n Semitiese hoofman met die naam Sargon op die voorgrond getree . . . die eerste groot Semitiese leier in die geskiedenis".

Na die vloed het 'n hele aantal veranderinge plaasgevind, maar

eerstens is die mens se heerskappy oor die hele diereryk herbevestig. Ons lees: *"Die vrees en die skrik vir julle sal wees oor al die diere van die aarde . . . voëls . . . en al die visse van die see. Hulle is in julle hand oorgegee"* (Gen. 9:2).

Tweedens is die diere aan die mens gegee as voedsel, maar die eet van die diere se bloed was verbode. Ons lees in Gen. 9:4: "*Net die vleis met sy siel, met sy bloed, mag julle nie eet nie."* In dié tyd is ook gesag gegee aan die nuwe burgerlike owerhede om kwaaddoeners geregtelik te oordeel: *"Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word"* (Gen. 9:6). Ons weet dit is anders as in die eerste dispensasie, omdat hierdie opdrag in teenstelling is met die goddelike opdrag dat Kain, die eerste moordenaar, nie **deur 'n menslike hand doodgemaak mag word nie.** God het gesê, *"as enigeen Kain doodslaan, sal dit sewevoudig gewreek word "* (Gen. 4:15).

Ten slotte het God met Noag 'n verbond gesluit, **én sy nageslag na hom**, dat Hy nooit weer die aarde met 'n vloed sal verdelg nie. Die reënboog is as teken of bewys van hierdie verbond gegee. Ongelukkig was die nuwe mag wat aan die mens gegee is erg misbruik, en die praktyke van afgodery is gebruik om die mense te beheer. Die middelpunt van hierdie afgodery was die toring van Babel, *"'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik"*. Dit is moontlik dat die aanbidding van die son, maan en sterre hier begin het en as die begin van astrologie beskou kan word.

Die Bybel vertel ons dat Tera, die vader van Abram, *"het ander gode gedien"* (Jos. 24:2,14). Joodse tradisie wat in die Talmoed opgeskryf is, verklaar dat Abram na Sem moes vlug. Nimrod het sy teregstelling vereis omdat hy Tera se afgode vernietig het. Antieke geskiedenis verklaar ook verder dat Nimrod uiteindelik deur Sem doodgemaak is weens sy afgodery, en dat Nimrod se vrou Semiramis daarna 'n priesterlike stelsel gevestig het. Sy het 'n buite-egtelike kind gehad en het die aanbidding van "die moeder en kind" ingestel. Die "Moeder en die Kind" afbeelding is aan die wêreld oorgelewer deur hierdie afgodestelsel. Die kunsvorme wat

"Maria en die baba Jesus" sodanig voorstel is in werklikheid die uitbeelding van Semiramis en haar babaseun![2]

Dit is te wagte dat sulke afgodery goddelike oordeel tot gevolg sal hê. Die oprigting van die toring van Babel was bedoel om alle mense te verenig *"sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie!"*, maar dit was nie God se wil nie (Gen. 11:4). God het toe hulle taal verwar: *"So het die HERE hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi"* (Gen. 11:8-9). So is die aarde en sy mense dan verdeel in die dae van Peleg en is die oprigting van die toring van Babel gestaak.

**Die Tydperk van Regering het begin met 'n verbond tussen God en Noag en het in 'n warboel van sonde geëindig. Die tyd het nou aangebreek dat God deur 'n nuwe kanaal sou werk.**


### *4de Dispensasie – Die Tydperk van Belofte*
### *Genesis 12 tot 50*

Abram het in Ur van die Galdeërs gebly. Volgens die geskiedenishandboeke was Ur vir jare die toonaangewende stad op die vlakte van Sinear. Ur was op die oewer van die Eufraatrivier geleë en het oor vele hawens beskik.

**Prof. J.H. Breastead skryf: "Die periode van die konings van Sumer en Akkad, onder die leiding van Ur (vanaf ongeveer 2300 v.C.), kan as 'n eeu van voorspoed opgesom word. Hierdie tydperk volg na twee eeue van agteruitgang onder die nakomelinge van Ur. Die mag en rykdom van hierdie tydperk is onvergeetlik" (*Ancient Times* bladsye 163 & 166).**

Ur was 'n koninklike stad, en soos die kaart van die uitleg van die stad elders aantoon, het dit grafkelders vir adellikes gehad. 'n Groot gedeelte van die stad Ur is deur 'n heidense tempel in beslag geneem, en ons kan daarom verstaan hoe Tera, Abram se vader, in

[2] Met die verloop van tyd het die godsdienstige beelde van die Rooms-Katolieke kerk Maria en baba Jesus prominent uitgebeeld. Dit is egter bloot beelde van Semiramis en Tamus die buite-egtelike seun, wat volgens Semiramis 'n reïnkarnasie van Nimrod was. Lees meer daaroor in die boek "The Two Babylons", Rev. Alexander Hislop, Loizeaux Brothers, New York 1956.





afgodediens betrokke geraak het (Jos. 24:2). Die Joodse Talmoed verwys selfs na Joodse oorlewering waarvolgens Tera die regterhand van Nimrod was.

Volgens die Talmoed was Abram ontnugter deur die aanbidding van die son, maan en sterre. Aangesien hy nie die son in die nag of die sterre in die dag kon aanbid nie, het hy besef hulle is nutteloos as gode. Gevolglik het hy die gode van sy vader afgebreek en na Sem, die seun van Noag, gevlug vir beskerming.

Die Bybel leer dat Abram se vertrek uit Ur in gehoorsaamheid aan 'n opdrag van die HERE was. Die Bybel verklaar: *"En die HERE het*

*aan Abram gesê: Gaan jy **uit jou land** en uit jou familie en **uit jou vader se huis,** na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën . . . en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word"* (Gen. 12:1-3).

Die Tydperk van Belofte is ook die tydperk van die aartsvaders. Dit begin met Abram en volg die omswerwinge van Abram, Isak, Jakob (Israel) en die twaalf stamvaders (seuns van Jakob), wie se families die twaalf stamme van die volk van Israel geword het. Gedurende hierdie tydperk kon hulle nie die beloofde land in besit neem nie, soos Hebr. 11:9-16 verklaar: *"In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was"* (Hebr. 11:13).




In hierdie tyd het God beloftes in die vorm van 'n verbond aan Abraham gemaak, en dit aan Isak (Gen. 26:1-5) en Jakob (Gen. 27:28-29; 28:4,13-15; 35:9-12) bevestig. Hierdie beloftes, bekend as die Abrahamiese verbond, verklaar die volgende:

i) God sal Abraham seën en van hom "*'n groot volk maak"* (Gen. 12:1-3; 22:15-18).
ii) Almal wat Abraham en sy saad geseën het sal geseën wees, en almal wat sy saad vervloek sal vervloek wees (Gen. 12:3).
iii) God sou aan Abraham en sy saad na hom al die grond, "van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier", gee *"as 'n **ewige besitting**"* (Gen. 13:14-18; 15:18-19; 17:8).
iv) In Abraham se saad (Jesus Christus) sal al die nasies oor die aarde geseën word (Gen. 22:18, *"En aan jou saad, dit is Christus"* Gal. 3:16).

v) Abraham sou die *"vader word van baie nasies"* (Gen. 17:5).

Ongelukkig het die Tydperk van die Belofte in 'n mislukking geëindig. Josef is deur sy broers as slaaf verkoop en het so in Egipte beland. Twee-en-twintig jaar later word Josef se broers en hulle families ook die slawe van Farao. Ons moet onthou dat God geweet het wat sou gebeur, en Hy het Abraham vooraf daaroor ingelig.

In Gen. 15:13-16 het God aan Abram gesê: *"Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat* ***aan hulle nie behoort nie****; daar sal hulle diensbaar wees en* ***verdruk word vierhonderd jaar lank*** *. . . En die* ***vierde geslag*** *sal hierheen terugkom, want die ongeregtigheid van die Amoriete is tot nog toe nie vol nie."*

### *'n Geval van Vervulde Profesie*

Die omswerwinge van die nageslag van Abraham het 430 jaar geduur. Dit het begin die dag van Abram se vertrek uit Haran om die land Kanaän in te gaan (Eks. 12:40-41) en geëindig op die dag van Israel se uittog onder leierskap van Moses.

**Vierhonderd jaar is gekenmerk deur lyding onder die Egiptenare wat die hele Kanaän beheer het**. Slegs die periode van dertig jaar terwyl Josef die Farao se guns gewen het, was vol rus en vrede. *"Toe staan daar 'n nuwe koning oor Egipte op wat niks van Josef geweet het nie"*, en so het die dwangarbeid en slawerny dan begin (Eks. 1:8).

Die finale gedeelte van die profesie toon aan dat die *'saad'*, of nageslag van Abraham, 'n vreemdeling sal wees in die land wat nie hulle s'n is nie (Egipte). Die vierde geslag sou egter terugkeer na die land van Kanaän (Gen. 15:16). 'n Sorgvuldige ondersoek van die chronologiese kaart op bladsy 16 sal aantoon dat Abram se nageslag 215 jaar in die land van Egipte was, en dat die vier geslagte Levi, Kehat, Amram en Moses was. (Eks. 6:16-20). Terwyl die Israeliete slawe in Egipte was, kon hulle nie die land wat aan Abraham gegee is in besit neem tot vierhonderd jaar van

beproewing verby was nie, *"want die ongeregtigheid van die Amoriete (wie se land Kanaän was) is tot nog toe nie vol nie"* (Gen. 15:16). Hier sien ons die geduld en lankmoedigheid van God. Hy kon nie toelaat dat die Amoriete geoordeel word **totdat** hulle hul eie oordeel self verseël het deur hulle harte te verhard nie. Sodra die beker van ongeregtigheid gevul was, sou goddelike geregtigheid toelaat dat oordeel uitgevoer word. Dit het God gedoen deur die swaard van Josua, wat ons bring tot by die Tydperk van die Wet.

**Soos al die vorige dispensasies het die Tydperk van Belofte begin met 'n nuwe administrasie en nuwe geleenthede, maar het geëindig in klaaglike mislukking en slawerny. Ten spyte van die talle geleenthede wat deur God se genade voorsien word, sal die mens as gevolg van sonde altyd 'n mislukking daarvan maak. Die wonder is dat God so lankmoedig is oor die mens. Hy is waarlik die *"God van alle genade!"* (1 Pet. 5:10).**

### *5de Dispensasie – Die Tydperk van die Wet*
### *Eksodus 1 tot Handelinge 1*

Die periode van Moses tot Christus behels die vyfde tydperk van goddelike administrasie waaronder die mensdom geleef het. Dit begin met 'n nuwe openbaring van God en grootse vertonings van Sy almag in die land van Egipte. In hul gevangenskap het Israel na God uitgeroep vir redding. Hulle smekinge is verhoor, en Moses is gestuur om hulle van die mag van Farao te verlos. Daar het tien goddelike plae oor Egipte gekom en uiteindelik het Farao vir Israel toegelaat om uit Egipte te trek. Baie tekens en wonders het daarna plaasgevind. Die vuurkolom in die wildernis het dag en nag voor hulle uit beweeg, die Rooisee het geopen sodat die volk droogvoets kon deurgaan, water is in die woestyn voorsien, brood (manna) is daagliks vir ses dae per week gestuur en God het Sy teenwoordigheid op die berg Sinai getoon. Die Jordaanrivier het tydens die vloedseisoen opgehou vloei sodat die Israeliete kon deurgaan na die beloofde land. Ten slotte het die mure van Jerigo verkrummel toe die priesters van die HERE op trompette geblaas het. Aan die begin van die Tydperk van die Wet het God aan Israel tien gebooie gegee. Dit sluit sanitasie, voedsel en morele wette in.

'n Nuwe kalender, en 'n tabernakel met offers en offerandes wat alles deur die priesters en Leviete voorberei en bedien moes word, vorm deel daarvan. Die priesters en Leviete was inderwaarheid 'n geestelike staatsdiens wat deur die belastinggeld (tiendes) van God se volk ondersteun is.

Die Tydperk van die Wet was ook 'n tydperk waarin God vanuit al die volke **een volk** gekies het, waardeur Hy die openbaring van Sy Woord sou gee. Die Ou Testamentiese skrifte is gedurende hierdie periode geskryf, en die profesieë wat Hy gegee het strek tot aan die einde van tyd.

Die geskiedenis van Israel, regdeur die Tydperk van die Wet, kan in die diagram op bladsy 16 gevolg word. Daar kan ons sien hoe Israel oor 'n tydperk van 1 500 jaar deur die wildernis trek, die land van Kanaän verower en regeer word deur rigters, konings en heidene. Toe die Babiloniërs Jerusalem in 606 v.C. verower het, het die tydperk van die heidense oormag en heerskappy oor Israel, wat as die *"tye van die nasies"* (Luk. 21:24) bekend staan, begin. Dit sal eindig met die Seun van Dawid, Jesus Christus, wat weer sal kom om dan letterlik op die troon van Dawid in Jerusalem te sit en Sy eie Vrederyk vir eenduisend jaar lank te vestig.

God se uitverkiesing van die volk van Israel is die vervulling van Sy beloftes aan Abraham. Dit was die *"saad"* (nageslag) van Abraham deur Isak en Jakob. Hulle is daarop geregtig om al die seëninge, wat met die Abrahamiese verbond verbind is, op te eis. Geen ander volk op aarde het ooit ervaar wat Israel beleef en gesien het nie. Moses maak dit duidelik : " . . . *doen tog ondersoek na die vorige dae wat voor jou gewees het, van die dag af dat God mense op die aarde geskape het . . . Het 'n volk die stem van God uit die vuur hoor spreek, soos jy gehoor het, en in die lewe gebly? Of het 'n god probeer om vir hom 'n nasie uit 'n ander nasie te gaan neem deur versoekinge, deur tekens en wonders en deur oorlog en deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm en deur groot skrikwekkende dade soos die HERE julle God met julle voor jou oë in Egipte gedoen het . . . ? Uit die hemel het Hy jou sy stem laat hoor om jou te onderrig . . . en jy het sy woorde uit die*

*vuur gehoor"* (Deut. 4:32–39).

Die Abrahamiese verbond is God se ewige en onvoorwaardelike ooreenkoms met Israel. Die seëninge van die verbond sal egter verbind wees tot Israel se gehoorsaamheid. Hierdie beginsel word duidelik in Deut. 28 tot 30 in die Palestynse verbond beskryf, en God sal nooit Sy verbond verbreek nie (Lev. 26:44). Dit kan soos volg opgesom word:

1) **As Israel die HERE gehoorsaam het**, dan sou God hulle seën ooreenkomstig die beloftes van die Abrahamiese verbond: *"As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie . . . en al hierdie seëninge sal oor jou kom . . . en die Here sal jou seën IN DIE LAND . . . Die HERE sal jou vir Hom as heilige volk bevestig . . . En al die volke van die aarde . . . sal vir jou vrees. En die HERE sal die goeie aan jou oorvloedig gee . . . IN DIE LAND wat die HERE aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee" (Deut. 28:1-14).*

2) **As Israel die HERE verontagsaam het**, dan sou hulle onder die hand van God se tugtiging kom, en verdryf word uit die land wat God aan Abraham en sy nageslag vir ewig belowe het: *"Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God nie . . . dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal" (Deut. 28:15).*
   a) *Die HERE sal jou* ***en jou koning*** *wat jy oor jou sal aanstel, na 'n nasie laat gaan wat jy en jou vaders nie geken het nie (Deut. 28:36).*
   b) *Die HERE sal teen jou 'n nasie bring van ver, van* ***die einde van die aarde*** *af . . .'n nasie wie se taal jy nie verstaan nie (Deut. 28:49) . . . En hulle sal jou in benoudheid bring in al jou poorte (Deut. 28:52) . . . En die HERE sal jou verstrooi onder al die volke, van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde (Deut. 28:64) . . . En onder dié nasies sal jy geen rus hê nie (*Deut. 28:15-68; 29:1-29)**.**

3) **As Israel, nadat hulle verstrooi is, na God teruggekeer het,** dan sou God Sy belofte nakom en aan die volk al die seëninge van


> die Abrahamiese verbond verleen: *"En as al hierdie dinge oor jou kom . . . en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen die HERE jou God jou verdryf het, en jy jou tot die HERE jou God bekeer en na sy stem luister . . . dan sal die HERE jou God . . . Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke . . . sodat jy kan woon IN DIE LAND wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee"* (Deut. 30:1-20).

Daar is drie elemente van die Palestynse verbond wat die basis vorm van God se handeling met die volk Israel regdeur die Tydperk van die Wet. In eenvoudige terme is dit:

**1) Gehoorsaamheid,** en hulle sal geseënd wees IN DIE LAND.
**2) Ongehoorsaamheid,** en hulle sal UIT DIE LAND verdryf word.
**3) Berou,** en God sal hulle TERUGBRING NA DIE LAND.

Dit is interessant om te sien dat twee verstrooiings van Israel beskryf word. Die eerste sou wees terwyl hulle ′n koning gehad het. Dit het toe net so gebeur toe die Babiloniërs **Jojagin gevange geneem het, en in 597 v.C. na Babilon** weggevoer het. Die tweede verstrooiing sou na 'n verskriklike inname van Jerusalem plaasvind. Jode sou onder **al die nasies** van die een kant van die aarde tot aan die ander kant verstrooi word. Dit het ongetwyfeld in 70 n.C. aan die hand van die Romeine gebeur en vir bykans 2 000 jaar is die Jode oor die wêreld verstrooi, presies soos dit in Deut. 28 & 29 beskryf is! Ander Skrifgedeeltes verklaar dat Israel, na die Wegraping van die Gemeente, na hulle land sal terugkeer en **weereens God se getuies op aarde sal wees.**

**Die Tydperk van die Wet het met die wonderlike bevryding uit Egipte begin. Dit het egter geëindig met die volk wat so ver verwyderd van God was dat hulle Jesus Christus, hulle eie Messias, verwerp en Hom aan ′n Romeinse kruis laat kruisig het. In 2004 was daar 5.3 miljoen Jode reeds terug in die land, maar nog steeds blind ten opsigte van wie hul Messias is. Nadat die Jode hul Messias en Koning gekruisig het, is die volk tydelik eenkant geplaas. God het ′n nuwe dispensasie of administrasie**




**'n Diagrammatiese uitleg van die nageslag van Noag regdeur die Tydperk van die Wet**

**gekies, 'n nuwe kanaal om Sy waarheid aan die wêreld, deur die Gemeente, te openbaar. Ons sal in die volgende deel 'n studie van die Tydperk van die Gemeente doen.**

### *6de Dispensasie – Die Tydperk van die Kerk*
### *Handelinge 2 tot Openbaring 4*

Die Tydperk van die Kerk begin in Handelinge 2 met die uitstorting van die Heilige Gees, en sal voleindig word met die Wegraping van die ware Kerk. In hierdie tydperk sal elke mens wat deur geloof in Jesus Christus se kruiswerk as betaling vir

sonde vertrou, deur bekering van sonde oombliklik weergebore word, en deur die Heilige Gees en in die Liggaam van Christus geplaas word, en ook die Gees se inwoning ontvang. Sodoende word die individuele gelowige ‘n lid van die gemeente, die Liggaam van Jesus Christus, waarin daar geen onderskeid is tussen mense wat in Christus is nie. *"Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie;* ***want julle is almal een in Christus Jesus****"* (Gal. 3:28). Net voordat Jesus vanaf die Olyfberg opgevaar het, het die dissipels gevra: *"Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?"*

Die Here Jesus het geantwoord: *"Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet nie . . . maar . . . julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde"* (Hand. 1:6-8).

Oënskynlik het die dissipels op hierdie stadium niks van hierdie Kerktydperk geweet nie en was oortuig dat die beloofde koninkryk van die Messias, soos wat die Ou Testamentiese profete voorspel het, sou plaasvind. Jesus het hulle egter daarop gewys dat die koninkryk van die Messias uitgestel sou word. ′n Nuwe bedeling, ‘n tydperk van genade wat Heidene se verlossing insluit, sou binnekort begin. Dit is belangrik dat ons onthou dat die Ou Testamentiese profesieë niks te sê gehad het oor die Kerk nie. Alles wat ons van die Kerk weet is in die Nuwe Testament opgeskrywe, en is daarom ′n Nuwe Testamentiese openbaring. Paulus vertel ons dat dit ′n *"verborgenheid"* is en dat dit *"sedert die skepping ... verborge was in Christus"*, ‘n waarheid *"wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie"* (Ef. 3:1-9; Rom. 16:25).


Tydens die langdurige Tydperk van die Wet was Israel God se getuienis aan die wêreld en die HERE God was die *"God van Israel"* (Eks. 5:1). As ′n heiden homself (haarself) bekeer het, beteken dit dat die persoon van sy/haar eie nasie se gode weggedraai het na die God van Israel toe, en met die HERE se volk geïdentifiseer het deur die Joodse geloof aan te neem. In Romeine 11 word die verhouding tussen Israel en die Gemeente gedurende die

Gemeente Tydperk deur Paulus beskryf. Hy vergelyk Israel met die *"natuurlike tak"* van die olyfboom, en die Heidene (nie-Jode) met 'n *"wilde olyftak."* Die *"natuurlike olyftak"* is afgebreek en die *"wilde olyftak"* is ingeënt. In Romeine 11 wys die apostel Paulus onder die inspirasie van die Heilige Gees vir ons daarop dat Israel, as gevolg van hulle verwerping van die Messias, tydelik eenkant geplaas is. Dit beteken dat die Heidene ook nou in die Kerk die geleentheid kan kry om God se getuienis aan die wêreld te wees. Maar die belofte bly steeds staan, dat Israel weer ingeënt sal word as hulle berou kry oor hul verwerping van Christus.

*"God is magtig om hulle **weer** in te ent"* (Rom. 11:23); *"dat die verharding ten dele oor Israel gekom het TOTDAT die volheid van die heidene ingegaan het; en **so sal die hele Israel gered word,** soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom . . . as Ek hulle (Israel) sondes wegneem"* (Rom. 11:25-27).

Wanneer sal die *"volheid van die heidene"* ingegaan word? Die antwoord is ooglopend: met die Wegraping. Wanneer die Bruid van Christus (die Kerk) voltooid is, sal die hemelse Bruidegom haar wegraap of wegvoer (1 Thess. 4:17), en dan sal die 70ste week van Israel se geskiedenis, soos in Daniël 9:24-27 beskryf word 'n aanvang neem. Dit is die tydperk wat bekend staan as die "*tyd van benoudheid vir Jakob"* (Jer. 30:7), ook bekend as die *"groot verdrukking"* (Matt. 24:21,29).

In die eerste helfte van die sewejarige groot verdrukking sal Israel binnegeval word deur 'n leërmag vanuit die noorde wat deur Rusland gelei sal word. Hierdie noordelike leërmag sal moontlik Iran (Persië), Libië, Ethiopië (insluitende Soedan) en Turkye insluit. Israel sal tot bekering kom deur in die Here as hulle Verlosser te glo asook om Jesus Christus as die Messias te aanvaar (Eseg. 39:22). In die begin van die groot verdrukking tydperk sal die Antichris opstaan en 'n sewe jaar lange verdrag met Israel bekragtig (Dan. 9:27). Halfpad deur die sewe jaar sal hy die verdrag verbreek en *"die offers sal ophou"*, die offers wat in die herboude tempel in Jerusalem weer 'n aanvang geneem het. Die Antichris sal homself




**'n Diagrammatiese voorstelling van die tydperk van Christus se kruisdood tot en met Sy tweede koms**

verhef en in die tempel sit *"en voorgee dat hy God is"* (2 Thess. 2:4 - sien Deel 2). Onmiddellik na die groot verdrukking sal Jesus Christus in Sy volle goddelike mag terugkom om die Antichris en al die leërs van die nasies, wat saamgekom het teen Jerusalem (Matt. 24:29; Openb. 19:11-21; Sag. 14:1-9), te verslaan. Die oorblywende nasies sal lewend in Christus se Vrederyk ingaan. Dan volg die 7de Dispensasie, die Vrederyk Tydperk.

### *7de Dispensasie – Die Duisend Jaar Vrederyk*
### *Openbaring 20*

Die sewende tydperk begin onmiddellik na die groot verdrukking met die terugkeer van die Here Jesus Christus as Koning van die konings, en Here van die here. Hierdie koninkryk sal vir eenduisend jaar duur. Ons lees ses keer in Openbaring 20:1-7 van 'n duisendjarige tydperk waartydens Satan gebind sal wees en nie die nasies kan bedrieg nie. Ons word ook vertel dat die martelare van die groot verdrukking, wat die merk van die dier geweier het, vir eenduisend jaar saam met Christus sal regeer.

Matthéüs 25 verklaar dat die **geredde lewendige nasies,** wat die groot verdrukking oorleef het, Christus se aardse koninkryk sal ingaan. Ons lees: *"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle*

*van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei* (Matt. 25:31-32). Aan Sy skape sal Jesus sê: *"Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af"* (Matt. 25:34).

Die geredde mense uit al die nasies, wat die verskrikking en slagting van die groot verdrukking oorleef het, sal daarom lewendig in die Vrederyk van onse Here Jesus Christus ingaan. Ongeredde mense wat die merk van die dier ontvang het en die Antichris in die groot verdrukking aanbid het, sal in ewige vuur gewerp word. Jesus sal vir hulle sê: *"Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele"* (Matt. 25:41).

Die duisendjarige Vrederyk van Christus sal in die puin van die Armageddonslagveld begin. Psalm 46:7-11 beeld die toneel grafies uit: *"Nasies het gebruis, koninkryke het gewankel; Hy het sy stem verhef; die aarde bewe. Die HERE van die leërskare is met ons; die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons. Sela. Kom, aanskou die dade van die HERE,* ***wat verskriklike dinge oor die aarde bring,*** *wat die oorloë laat ophou tot by die einde van die aarde, die boog verbreek en die spies stukkend slaan, die strydwaens met vuur verbrand. Laat staan en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees onder die nasies, hoog op die aarde."*

Uiteindelik sal die Here Jesus se gebed beantwoord word, *"Laat U koninkryk kom!"* Groot veranderings waarvan sommige hieronder gelys word, sal onder die Koning van die konings se heerskappy in die Vrederyk plaasvind:

1) Die Here Jesus Christus sal oor die hele aarde Koning wees, *"wat al die nasies met 'n ystersepter sal regeer"* (Sag. 14:9; Openb. 12:5).
2) Daar sal wêreldwye vrede op aarde wees, *"en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse"* (Jes. 2:4).
3) 'n Nuwe Vrederyk tempel van groot omvang, waar die heerlikheid van God voortdurend die stad sal belig, sal in Jerusalem gebou word (Eseg. 40-48; Jes. 60:19–20).
4) Die nasie van Israel sal die *"priesters van die Here wees"* om God

se wet vanuit Jerusalem toe te pas (Jes. 61:6; Jes. 2:1-5).

5) Die heidennasies sal hulle rykdom (eintlik oorvloed) na Jerusalem bring en help met die heropbou daarvan (Jes. 60:5-11).
6) Die heidennasies sal Israel dien, en dié wat weier sal tot niet gaan (Jes. 60:12-24).
7) Elke jaar sal die heidennasies van regoor die hele aarde na Jerusalem *"optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier"* (Sag. 14:16). *"En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie – hulle sal geen reën kry nie"* (Sag. 14:17).
8) Die land van Israel sal oorvloedige reën ontvang en *"stortreëns van seën sal dit wees. En die bome van die veld sal hulle vrugte gee, en die land sal sy opbrings gee, en hulle sal veilig wees in hul land . . ."* (Eseg. 34:26–27; Jes. 41:18).
9) Die naam van Jerusalem sal verander word: "*en die naam van die stad sal van vandag af wees: Die HERE is daar!"* (Eseg. 48:35).




Alhoewel die Vrederyk van Jesus Christus aan die begin slegs verloste Jode en Heidene sal insluit, sal hulle nageslag (nes Adam van ouds) sondige nature en 'n behoefte aan verlossing hê. Hulle gehoorsaamheid aan Christus sal onder dwang wees en nie uit liefdevolle onderdanigheid nie.

Gedurende hierdie tydperk sal Satan gebind wees vir eenduisend jaar, en sal die verharding van hulle harte slegs aan die bedrieglikheid van hul eie sondige natuur toegeskryf kan word (Hebr. 3:13).

**Aan die einde van die duisendjarige Vrederyk heerskappy van Jesus Christus,** sal Satan uit sy tronk vrygelaat word om die

opregtheid van die aardbewoners se toewyding te toets. Die gevolg sal wees dat diegene wat nie werklik tot bekering gekom het nie, mislei sal word en in opstand teen die Here Jesus saamkom. *"En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei . . . En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad (Jerusalem) omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind"* (Openb. 20:7–9).

As die duisendjarige Vrederyk tot 'n einde kom sal die **tweede opstanding** plaasvind. Dit is die opstanding van al **die ongeredde mense van alle eeue,** van Adam tot die einde van tyd. Die **eerste opstanding** is die opstanding van die wat gered is voor die Wegraping; die tweede opstanding is dié van die ongeredde mense van alle tye. Die Bybel leer ons nie van ʼn algemene opstanding nie.

By die **tweede opstanding** sal al die siele van die ongeredde mense wat in Hades was, in opstandingsliggame voor die groot wit troon van Christus verskyn om geoordeel te word vir elke woord en daad. Omdat hulle God se genadige aandrang in hulle lewens verwerp het, is hulle name uit die Lam se boek van die lewe gevee en is hulle ewige lot sonder enige twyfel.

By die Wegraping van die Gemeente (Openb. 4:3) word die reënboog van genade *"rondom die troon"* gesien, maar met die **tweede opstanding** is daar GEEN REËNBOOG NIE! Die eerste opstanding van die verlostes word geïllustreer deur die verskeie stadiums van ʼn oes:

**i)** Die **eerste vrugte** sluit die Ou Testamentiese heiliges in. Gelowiges wat nadat Christus uit die dode opgewek is, saam met Hom opgestaan het (Matt. 27:52–53), en saam met Hom in die Paradys van die hemel ingegaan het. In 1 Kor. 15:20–23 lees ons: *"Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het; daarna die wat aan Christus behoort by sy koms."*

**ii)** Die **hoofoes** sal met die Wegraping plaasvind (1 Thess. 4:13-18).

**iii)** Die **na-oes** sluit die heiliges in wat as verlostes tydens die bewind van Antichris (Openb. 20:4–6) in die groot verdrukking gesterwe het, asook almal wat gered is aan die einde van die Vrederyk.

Ten slotte, na afloop van al hierdie gebeure sal daar 'n nuwe hemel en nuwe aarde wees *"want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie".* Johannes sien die "*nuwe Jerusalem, neerdaal van God uit die hemel, en toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is"* (Openb. 21:1,2). Die Bruid van die Lam, die Gemeente, sal in die nuwe Jerusalem woon (Openb. 21:9), "*En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel"* (Openb. 21:24).

Tyd sal dan vir altyd verby wees en ons, as die voorwerpe van die verlossende genade van God, sal aan die strande van 'n ewige dag staan, waar daar geen sonde of enige dood of hartseer meer sal wees nie, en GOD ALLES IN ALMAL IS (1 Kor. 15:28)!




**'n Diagrammatiese voorstelling van die chronologie van die 1ste en 2de opstandings**

# DEEL 2

# Israel en Jerusalem se '70 Weke' van Profetiese Geskiedenis



*"omdat die HERE Sion opgebou het, in sy heerlikheid verskyn het"*
Psalm 102:17

### *Die Verstommende "70 weke" Profesie oor Israel*

Die mees verstommende profesie oor God se plan vir die nasie Israel word in slegs vier verse in Daniël 9 gegee. Dit word die **"70 Weke"** profesie genoem.

*"Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak; om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring; om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af, om Jerusalem te herstel en op te bou, tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings. En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word"* (Dan. 9:24-27).

Die profesie in hierdie Skrifgedeelte begin met die woorde, *"Sewentig sewetalle (sewentig sewes) is oor* ***jou volk*** *en* ***jou heilige stad*** *bepaal"*. Dit wil sê: 70 x 7 of 490 jaar is vir die Joodse volk en die stad Jerusalem bestem – voordat ses beloftes aan hulle vervul sal word.

In die Hebreeuse taal beteken die woord *"week"* letterlik *"sewes"* en verwys nie noodwendig na 'n *"week"* van dae nie. In Daniël 10:2, in die Hebreeuse teks, beteken die uitdrukking *"drie volle sewe dae weke"* of 21 dae, letterlik drie sewetalle van dae. In Daniël 9:24-27 beteken dit slegs "*sewes*", en omdat baie van hierdie profesieë reeds vervul is, weet ons dat daar na "*sewes van jare*" verwys word.

Daarom is 70 jare x 7 (sewes) gelyk aan 490 jaar, 'n tydperk vasgestel vir Daniël se mense (die Jode) en vir Daniël se heilige

stad (Jerusalem) om die volgende te bereik:

> *1) "om die goddeloosheid te voleindig en*
> *2) om die maat van die sondes vol te maak en*
> *3) om die ongeregtigheid te versoen en*
> *4) om ewige geregtigheid aan te bring en*
> *5) om gesig en profeet te beseël en*
> *6) om wat hoogheilig is, te salf."*(Dan. 9:24)

Let asseblief daarop dat hierdie Skrifgedeelte bevestig dat die bostaande ses beloftes slegs op die **Jode** en **Jerusalem** van toepassing is en dus nog nie vervul is nie. Hierdie tydperk van 490 jaar sal eers met "*ewigdurende regverdigheid*" van Israel in die 1 000 jaar Vrederyk van Jesus Christus voltooi word!

### *Agtergrond van die Profesie*

Nebukadnésar, die koning van Babilon, het Jerusalem drie keer verower. Die eerste keer in 606 v.C. gedurende die regering van koning Jójakim, toe in 597 v.C. gedurende die kort regering van die jong koning Jójagin, en laastens in 586 v.C. gedurende die regering van koning Sedekía. Die stad en die tempel was in 586 v.C. vernietig. Daniël is gedurende die eerste inval in ballingskap na Babilon weggevoer, en Eségiël gedurende die tweede. Jeremia het in die land agtergebly en het teen die mense se afgodery en slegte lewenstyle gepreek. Hy het geprofeteer dat Israel vir sewentig jaar die koning van Babilon sal dien (Jer. 25:11-12; 29:10; Dan. 9:2; Esra 1:1). Die 70 jaar diens aan die koning van Babilon het in 606 v.C. begin en in 536 v.C., nadat Babilon deur die Mede en Perse verower is, geëindig. Kores het die bevel gegee dat die tempel herbou mag word.

### *Die Bevel van Kores*

Een van Jesaja se profesieë het meer as 170 jaar tevore voorspel dat Kores, die koning van Persië, 'n bevel sou gee dat die tempel herbou moes word. Die wonder is dat hierdie profesie selfs die naam van Kores genoem het nog lank voordat hy gebore was!

*"So sê die HERE aan sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings*

*losgord; om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie: Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan. En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die HERE is wat jou by jou naam roep, die God van Israel; ter wille van Jakob, my kneg, en Israel, my uitverkorene, het Ek jou by jou naam geroep; Ek het jou 'n erenaam gegee, hoewel jy My nie geken het nie"* (Jes. 45:1-4).

*"... wat van Kores sê: Hy is my herder, en hy sal alles volbring wat My behaag deurdat hy van Jerusalem sê: Dit moet gebou word, en die tempel moet gegrond word "* (Jes. 44:28).


Hoofstukke 1 tot 6 van die boek Esra bevat besonderhede van die bevel van Kores om die tempel te herbou. Alhoewel Kores **gesê** het dat Jerusalem ook herbou moes word, het sy **bevel** op daardie stadium slegs toestemming gegee vir die herbouing van die t**empel.** Hierdie werk was twintig jaar later in 516 v.C. te midde van weerstand van die Samaritane voltooi (Esra 6:15). Die herbouing van die tempel is egter nie die begin van die *"70 weke"* nie, maar volgens die profesie moet eerder na die herbou van die stad van Jerusalem gekyk word.

### *Die begindatum van die "70 Weke" –*<br>*Die bevel van* **Artasásta** *in 445 v.C.*

Die begindatum vir die 490 jaar periode van die 70 weke profesie is presies gegee: "*van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou*" (Dan. 9:5). Net soos die bevel van Kores gefokus het op die herbou van die tempel, net so fokus die begin van die *"70 weke"* op die herbou van Jerusalem. Hierdie gebeurtenis is opgeteken in Nehemía 2:1-11 en het plaasgevind in die maand Nisan, in die twintigste jaar van Artasásta (die koning van Persië). Ons weet dit was die jaar 445 v.C.

Nehemía was koning Artasásta se wyndraer en was hartseer in die koning se teenwoordigheid. Toe hy gevra is om sy hartseer te verduidelik, het hy geantwoord: *"Waarom sou my aangesig nie*

*bedroef wees nie, terwyl tog die stad waar my vaders begrawe is, woes lê en sy poorte deur vuur verteer is?"*



Herald of Hope Keys to Bible Prophecy No 1 (c)JR Ecob

Artasásta het dadelik briewe van magtiging aan Nehemía gegee om die stad van Jerusalem (Neh. 2:8) te herbou. Hierdie bevel, "*die woord … om Jerusalem te herstel en op te bou*" (Dan. 9:5), bevestig die begindatum van **Israel se 490 jaar** (die 70 weke profetiese tydperk) - **'n tydperk** wat met die tweede koms van Christus beëindig sal word! Soos reeds genoem het dit in die maand Nisan (die eerste maand van die Joodse jaar), in die twintigste jaar van Artasásta (445 v.C.) begin. Sommige mense verwar die bevel van Kores met die bevel van Artasásta, maar dis duidelik dat die stad Jerusalem nie herbou was in die dae van Serubbábel, die tyd toe die bevel deur Kores gegee is nie. Nadat Nehemía meer as negentig jaar later in Jerusalem aangekom het, word gesê dat hy die bouvalle van die stad wat nie opgeruim was nie ondersoek het en gesê het: "... *daar was geen plek vir die dier om onder my verder te gaan nie*" (Neh. 2:14). Slegs die tempel is gebou en na twee-en-vyftig dae was die muur gelas om 'n mate van beskerming teen die vyand te bied, terwyl die stad herbou word. Nehemía het geskryf: "*Die stad was wyd uitgestrek en groot, maar die mense daarin was min, en die huise was nie opgebou nie*" (Neh. 7:4).

***Drie Dele in die Sewentig Weke***

Die 70 x 7 jare word in drie periodes verdeel

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1) | 7 x 7 | = | 49 jaar |
| 2) | 62 x 7 | = | 434 jaar |
| 3) | 1 x 7 | = | 7 jaar |
| | **Totaal** | **=** | **490 jaar** |

Eerstens, gedurende die eerste 49 jaar is die stad in "moeilike tye" herbou omdat die Samaritane die herbou van Jerusalem teengestaan het.

Tweedens volg daar 434 jaar wat met die aanbieding van "*Messias die Prins*", as Israel se Koning, beëindig is. Die 69ste "*week*" word opgevolg deur die Messias wat "*afgesn*y" word, maar nie vir enige onreg wat Hy gedoen het nie.

Derdens en laastens sal Jerusalem en die tempel vernietig word voordat die laaste 7 jaar, die 70ste "week", begin.

Die som van die **eerste twee** periodes is 49 jaar + 434 jaar of dan wel 483 jaar en, soos Robert Anderson QC in sy boek "The Coming Prince" daarop wys, is hierdie profesie tot op die **presiese dag op "Palmsondag" vervul -** die presiese dag toe Jesus Christus Homself aan die nasie Israel as Messias en Koning geopenbaar het.

Dit het gebeur toe Hy op 'n esel in Jerusalem ingery en die skare geskree het, "*Geseënd is die Koning wat kom in die Naam van die Here*" (Luk 19:38) in vervulling van Sagaria se profesie in Sagaria 9:9; "*Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel – op 'n jong esel, die vul van 'n eselin*".

Op geen stadium voor "Palmsondag" het Jesus Homself aan die nasie as Koning voorgestel nie. Die menigte van mense het Jesus erken as die seun van Dawid, die Een wat op die troon van Dawid mag sit. Hulle het geskree: "*Hosanna vir die seun van Dawid. GESEËND IS HY WAT KOM IN DIE NAAM VAN DIE HERE*"


(Matt. 21:9; Luk. 19:38). Om terug te werk na die Gregoriaanse kalender en profetiese jare van 360 dae in berekening te hou, het Robert Anderson QC bewys dat hierdie profesie presies tot op die dag vervul is - presies 173 880 dae vanaf die **1ste Nisan 445 v.C. tot die 6de April 32 n.C.** (Bybelse profesie is geneig om 360 dae in 'n jaar te gebruik).

Soos wat Jesus op die dag in Jerusalem ingery het, het Hy vir Jerusalem gesê: "*As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie*" (Luk. 19:42-44).

Die gevolg van Israel se ongeloof in die profesie van Daniël 9 is dat Jerusalem vernietig en die Jode tussen die nasies verstrooi sou word. Jesus het gesê: "*En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is ... daar sal 'n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk. En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tyd van die nasies vervul is*" (Luk. 21:20-24).

Daniël het ook aangedui dat, **nadat** Messias "afgesny" is, Jerusalem vernietig sou word. Dit is in 70 n.C. vervul: *"en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings"* (Dan. 9:26).

Josephus, die Joodse geskiedskrywer, het die verowering van Jerusalem waargeneem en dit in sy boek "The Jewish Wars" opgeteken. Die optekening van die vyf maande inname is neerdrukkende leesstof. Terwyl Titus, die Romeinse generaal, die stad aangeval het, was daar drie faksies binne die stad in 'n meedoënlose burgeroorlog gewikkel. Sommige dae is daar vyfhonderd Jode in die openbaar gekruisig, en hongersnood het


Die "70 Weke" van Profesie - Daniël 9:24-27
"Sewentig sewetalle is oor jou volk
en jou heilige stad bepaal"
Die maand Nisan - twintigste jaar van Artasasta
7 Weke (49 jaar)
Jerusalem herbou
62 Weke (434 jaar)
tot op 'n Gesalfde, 'n Vors
32 n.C.
70 n.C.
Die verborge Kerk Tydperk
Ef. 3:1-9
Wegraping
Tweede Koms
1 Week (7 jaar)
Verdrukking
Ses seëninge oor die Jode en Jerusalem bepaal
1. ...om die goddeloosheid te voleindig ... en
2. ...om die maat van sonde vol te maak ... en
3. ...om die ongeregtigheid te versoen ... en
4. ...om ewige geregtigheid aan te bring... en
5. ...om gesig en profeet te beseël... en
6. ...om wat hoogheilig is, te salf.
Romeine 11
1 260 dae
1 260 dae
'n Romeinse prins sal die slagoffer en spysoffer laat ophou
445 v.C.
69 x 7 = 483 jaar
(profetiese jare van 360 dae)
483 x 360 = 173 880 dae
32 n.C.
Neh. 2:7-9
Die opdrag om Jerusalem te herbou
Lukas 19:42
Palmsondag Gesalfde, 'n Vors

vrouens tot gruwelike dade gedryf.

Die Romeinse vernietiging van Jerusalem en die verstrooiing van die volk is in die Palestynse verbond voorspel. Twee ballingskappe word beskryf: eerstens deur die Babiloniërs (Deut. 28:36) en daarna deur die Romeine, *"... onder al die volke, van die een einde van die aarde tot by die ander einde … Die HERE sal teen jou 'n nasie bring van ver, van die einde van die aarde af, soos 'n arend vlieg -'n nasie wie se taal jy nie verstaan nie"* (Deut. 28:49), **en** *"'n nasie hard van aangesig, wat 'n grysaard nie ontsien en vir 'n seun geen genade het nie"* (Deut. 28:50).

Josephus skryf dat baie Joodse gevangenes na Egipte gestuur is om as slawe in die myne te werk, net soos Moses gewaarsku het: *"En die Here sal jou op skepe na Egipte terugbring, op die pad waarvan ek jou gesê het: Jy sal dit verder nie meer sien nie, en daar sal julle aan jul vyande as slawe en slavinne verkoop word, maar daar sal geen koper wees nie"* (Deut. 28:68).

### *Daniël se 70ste Week (Die Laaste Sewe Jaar)*

Aangesien die profesie tot die einde van die 69ste week so akkuraat vervul is, ontstaan die vraag: ***"Wanneer sal die laaste sewe jaar van Jerusalem se geskiedenis uitgespeel word?"***

Dis duidelik dat die 70ste week nog nie voltooi is nie, want indien wel sou Jerusalem reeds herstel gewees en ewige regverdigheid geniet het. Die allerheiligste plek in die tempel sou reeds herbou wees en gereed vir diens, en die volk Israel sou met God versoen gewees het.

Dit is duidelik dat die 70ste week nie onmiddellik na die 69ste week, toe Christus Homself as Koning aan die volk voorgestel het, begin het nie. Inteendeel, die profesie dui aan dat die 70ste week **nie** dadelik na Christus se triomftog in Jerusalem sou plaasvind nie, want twee ander gebeurtenisse moes nog plaasvind.




**'n Diagram wat die tydperk vanaf die ballingskap tot en met die herbou van die tempel en stad uitlê**

Hierdie twee gebeure was:
1) Die "afsny" van die Messias (vier dae later), **en**
2) Die vernietiging van Jerusalem en die tempel (die stad en die heiligdom) agt-en-dertig jaar later.

Ons kan beswaarlik sê dat die ses seëninge wat die einde van die 70ste week sal kenmerk, al ʼn realiteit geword het. Israel het hulle Messias doodgemaak en is dan ook deur die Romeinse ryk verstrooi! Die Bybel het voorspel dat hierdie verstrooiing die resultaat van die volk se ongehoorsaamheid sou wees (Deut. 8:36-37, 63-67).

Josephus se verslag van die verowering van Jerusalem en ander gebeurtenisse in sy tyd, wys daarop dat Jerusalem glad nie geregverdig of met God versoen is nie. Die tempel is ook nie die plek van heilige aanbidding gewees nie. Selfs die Romeine was geskok deur die afgryslike optrede van die vegtende Jode.

### *Die "Gaping" tussen die 69ste en 70ste weke*

In die lig van hierdie geskiedkundige feite moet ons aanneem dat daar 'n gaping in tyd tussen die 69ste en 70ste weke is. Iemand kan vra: "Hoe lank is die gaping en hoekom moet daar ʼn gaping wees terwyl daar geen onderbreking in die eerste 483 jare is nie? "

Die idee van ʻn gaping in die 70 weke profesie is nie ʻn eenmalige of geïsoleerde insident in die Bybel nie, want ander Skrifgedeeltes toon ook gapings in Israel se geskiedenis aan.

### *Die "Gaping" volgens Jakobus*

Jakobus, in sy toespraak aan die ander apostels en die ouderlinge in Jerusalem het gesê: "*Símeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om ʻn volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is: Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel* (Hand. 15:14-16).

Eerstens sal heidense gelowiges in die gemeente versamel word en DAARNA sal Christus terugkom EN DIE VERVALLE HUT VAN

DAWID WEER OPRIG! Die finale hervestiging van die troon van Dawid wag op die vervulling van die "*volheid van die heidene*" (Rom. 11:25). Jakobus wys ons nie net op 'n gaping tussen die 69ste en 70ste weke nie, maar hy vertel ons ook wat die doel daarvan is: *"dat God in die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir Sy Naam aan te neem."* Dit is duidelik dat dit na die Tydperk van die Kerk verwys, en dat die mense wat geroep is na die heidense gedeelte van die Bruid van Christus verwys.

### *Die "Gaping" volgens Esegiël*

Esegiël het geprofeteer dat koning Sedekía die laaste een sou wees wat 'n kroon op die troon van Dawid sou dra – *"TOTDAT Hy kom wat daarop reg het"* (Eseg. 21:25-27). Daar sal dus 'n lang wagtydperk wees, vanaf 586 v.C. tot en met die tweede koms van Christus, waar niemand op die troon van Dawid sal wees nie. Die finale seëning van Israel is dus in afwagting op die terugkeer van die Here Jesus Christus om as Koning op die troon van Dawid te sit, soos deur die engel Gabriël voorspel is*: "Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie"* (Luk. 1:32-33).

### *Die "Gaping" volgens Hosea*

Hosea praat ook van 'n gaping in Israel se geskiedenis, waarna die volk dan tot die Here sal terugkeer. Hy skryf: *"Want die kinders van Israel sal 'n lang tyd bly sit sonder koning en sonder vors en sonder slagoffer en sonder klippilare en sonder efod en huisgode. Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en die HERE hulle God soek en Dawid hulle koning, en met siddering aankom na die HERE en na sy goedheid in die laaste van die dae"* (Hos. 3:4-5).

Hosea het aan die noordelike koninkryk geprofeteer. Hulle staan bekend as Efraim of Israel en is in 721 v.C. deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer. Ons leer in die Bybel dat Israel en Juda, na 'n lang periode van "*baie dae*" sonder 'n koning of offers, na hulle land en tot die Here teruggebring sal word. Daardie herstel van die

nasie tot God sal in **die laaste dae** plaasvind!

Esegiël voorspel ook die hereniging van die twee koninkryke van Efraim en Juda na 'n lang tyd van skeiding. Sy profesie van die twee stukke hout kyk vooruit na 'n tyd wanneer God *"hulle een volk sal maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees"* (Eseg. 37:22), terwyl Sagaria eenvoudig sê: *"En Ek sal die huis van Juda sterk maak en aan die huis van Josef hulp verleen en hulle 'n woonplek aanwys, want Ek ontferm My oor hulle; en hulle sal wees asof Ek hulle nie verwerp het nie, want Ek is die HERE hulle God, en Ek sal hulle verhoor"* (Sag. 10:6).

Hosea maak dit duidelik dat die herstel van die noordelike koninkryk en die hereniging met Juda eers na 'n lang verloop van tyd sal geskied. Hierdie "gaping" sal aan die begin van die 70ste week van Daniël se profesie eindig.




**'n Diagram wat die Ou Testamentiese profete se uitkyk oor die bergtoppe van eindtydprofesie uitbeeld**

### *Die "Gaping" volgens Paulus*

Paulus vertel in Romeine 11 hoe Israel, die "natuurlike olyftak", afgebreek is (Rom. 11:17) en die Heidene, die "wilde olyftak", in hulle plek ingeënt is. Hy vervolg deur te sê dat die blindheid en

*"verharding ten dele oor Israel"* sal aanhou totdat *"die volheid van die heidene ingegaan het"* (Rom. 11:25).

Hierdie gaping in Israel se geskiedenis sal voortduur TOTDAT die Tydperk van die Kerk voltooi is, en DAN *"sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem"* (Rom. 11:26-27).

Dit klink net soos die seëninge wat aan die einde van die 70ste week op Israel sal val. Wat 'n groot verskil! In Paulus se dag (60 n.C.) wou die Jode *"hulle aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie"* (Rom. 10:3), en hy skryf verder: *"maar wat die uitverkiesing betref, is hulle wel vyande ter wille van julle"* (Rom. 11:28). Hy sê egter ook aan die Korinthiërs: *"Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem"* (2 Kor. 3:14-16).

Hierdie verandering wat tot die voltooide seëning van Israel sal lei, kan slegs plaasvind nadat die VOLHEID VAN DIE HEIDENE INGEGAAN HET! En hierdie wonderlike gebeurtenis staan bekend as die WEGRAPING van die Kerk!

Die laaste sewe jaar van Israel se geskiedenis moet dus **voorafgegaan** word deur die verwydering van die Kerk, en **gevolg** word deur die tweede koms van Christus as die Koning van konings. Aan die begin van daardie sewejaar periode sal 144 000 Jode tot bekering kom. Hulle sal die evangelie van die verwagte koninkryk van Jesus Christus verkondig en 'n menigte sal tot bekering kom. Die nasie van Israel, as geheel, sal egter die groot verdrukking se oordele nodig hê om hulle by die punt van bekering te bring (Openb. 7:1-17; Rom. 11:26; Eseg. 39:22).

Die tydperk (gaping) tussen die 69ste en 70ste weke verloop al vir

byna tweeduisend jaar, terwyl Israel wat verstrooid is onder die nasies, vervolg en vermoor word. Israel is egter gedeeltelik terug in die land as vervulling van Esegiël se profesie (Eseg. 36), en sodra die Kerk weggeraap word, sal die 70ste week begin.

### *Die Tydperk van die Kerk – Die Geheimenis*

Sommige sal die vraag vra: "Waarom word daar nie in Daniël 9 na die Tydperk van die Kerk verwys nie?" Ons vind die antwoord in Efesiërs 3. Ons lees dat God reeds opgehou het om met Israel te handel (tydelik) soos Hy in die Ou Testament gedoen het. Hy het nou met 'n nuwe liggaam begin werk, naamlik die Gemeente, Jode en Heidene wat *"mededeelgenote is van dieselfde liggaam"*. Hierdie is 'n **nuwe** eenheid en word **nie** in die Ou Testament genoem nie. Dit was 'n *"verborgenheid"* wat in die ander tye of die vorige dispensasies as 'n geheim gehou is. Paulus sê: *"wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees, naamlik dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie"* (Ef. 3:5-6).

Op die dag van die uitstorting van die Heilige Gees het die apostels in heidense tale gepraat *"oor die groot dade van God"* (Hand. 2:11). Jesaja het geprofeteer dat daar 'n tydperk sou kom wanneer God met Israel sou spreek deur *"lippe wat hakkel, en met 'n vreemde tong … maar hulle wou nie luister nie"* (Jes. 28:11-12). Paulus haal aan uit Jesaja se profesie in 1 Kor. 14:21. Vers 22 sê dat die heidense tale vir Israel 'n *"teken"* sal wees. Die apostels wat in die heidense tale gepraat het, was 'n teken dat God van plan was om in veroordeling teenoor die Jode op te tree en na die Heidene te draai.

Petrus het hulle egter herinner dat, as hulle sou bekeer, God *"Hom mag stuur wat vooraf aan hulle verkondig is, naamlik Jesus Christus ... Hom wat die hemel moet ontvang **tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge,** waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al Sy heilige profete"* (Hand. 3:19-21).

Die verwerping van Israel is net totdat die nasie bekeer; dan sal Jesus Christus deur God gestuur word met tye van verkwikking

vir die nasie. Die tydsduur van die "gaping" is gekoppel aan die tydperk van Israel se ongeloof.

***Die Toekomstige Romeinse Prins en die Laaste Sewe Jaar.*** Aan die begin van die 70ste week van Israel se profetiese geskiedenis sal daar 'n Romeinse prins kom wat 'n sewejarige verdrag met Israel sal sluit. Ons kan weet dat die komende prins 'n **toekomstige Romeinse** heerser sal wees, want die Bybel sê dat dit **sy mense** is wat die stad en die heiligdom sal verwoes soos wat dit in 70 n.C. gebeur het. Almal is dit eens dat dit die Romeine was wat dit gedoen het: *"En die volk van 'n **vors wat sal kom** en die stad en die heiligdom verwoes"* (Dan. 9:26).

Ons leer verder dat, gedurende die laaste sewe jaar van Israel se profetiese geskiedenis, hierdie toekomstige Romeinse vors 'n vredesverdrag vir een week (sewe jaar) sal sluit. In die middel van die sewe jaar (na drie-en-'n-half jaar) sal hy na Israel terugkeer en dit beëindig: *"slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees"* (Dan. 9:27). In Openb. 11:2-4; 12:6,14; 13:5 en Dan. 7:25 word hierdie periode ook beskryf as *"duisend-twee-honderd-en-sestig (1 260) dae", "twee-en-veertig (42) maande", en "'n tyd en tye en 'n halwe tyd".*

Die Romeinse vors is sonder twyfel die komende Antichris wat uit die herleefde Romeinse ryk sal verrys. Hy sal die offers in die **herboude tempel** in Jerusalem laat ophou sodat *"op die vleuel van gruwels daar 'n verwoester"* sal wees (Dan. 9:27). Sommige interpreteer die *"vors wat sal kom"* as 'n verdere verwysing na "*Messias, die Vors*." Hulle sien die verwysing na *"die slagoffer en spysoffer laat ophou"* as verwysend na Christus se offer op Golgota, as die vervulling van die Ou Testament se tipologie en vervanging van die diere-offers.

Daniël 9:27 gee egter **die rede** waarom die offers gestop moet word: dit is as gevolg van die **gruwel van afgodery wat na die verwoester verwys.** Hierdie komende prins kan dus nie die Messias wees nie, maar móét die Antichris wees, omdat hy

gedurende die 70ste week die Joodse offers met sy eie afgodsbeeld sal vervang. Dit sou godslasterlik wees om te sê dat die doel van Christus se offer op Golgota *"vir die vleuel van gruwels"* was!

Paulus leer ons van hierdie vreeslike gebeurtenis in 2 Thess. 2:3-4: die *"mens van sonde ... die seun van die verderf"* wat homself sal *"verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy* ***in die tempel van God as God*** *sal sit en voorgee dat hy God is."*

Sagaria praat van twee herders in Israel. Die hemelse Herder sal deur die nasie verwerp en vir dertig sikkels silwer (Sag. 11:10-13) verkoop word, maar die dwase herder, die *"slegte herder"*, sal teen die nasie draai en dit soos 'n wilde dier verskeur en die trop verwoes.

Hierdie dwase en slegte herder is die een na wie Jesus verwys: *"as* ***'n ander een in sy eie naam kom,*** *hom sal julle aanneem* (Joh. 5:43). Die karakter van die Antichris se heerskappy word vaagweg in Openb. 13:14-15 en in Dan. 11:35-39 beskryf. Daniël sê: "*En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word. En op die gode van sy vaders sal hy nie ag slaan nie, en op die liefling van die vroue en op enige god sal hy geen ag gee nie; want hy sal homself bo alles groot hou. Maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings vereer, en die god wat sy vaders nie geken het nie, sal hy met goud en silwer en edelgesteente en kosbaarhede vereer. So sal hy dan optree teen die versterkte vestings met behulp van 'n vreemde god; diegene wat hy erken, sal hy baie eer en hulle oor baie laat heers en grond as beloning uitdeel."*

Die "*vleuels van gruwels*" sal die aanbidding in die herstelde tempel verwoes. Die woord *"vleuels"* wat in die Afrikaanse vertaling gebruik word, mag verwys na die karakter van die Antichris soos uitgebeeld in die Romeinse arend. In hierdie verband sal die Antichris die vervulling wees as 'n "tipe" van Antiochus Epifanus wat sy **afgodsbeeld** op die altaar van God in die tempel opgerig het. Hy het ook ander afgode in elke dorpie in Israel geplaas. In 167

v.C. het Antiochus Epifanus die tempel van God aan die Griekse god, Jupiter Olimpus, toegewy (historiese verwysings: 1ste Boek van Makkabees 1:47-56; 2de Boek van Makkabees 6:1; Dan. 8:11-14).

Aan die einde van die 70ste week sal Christus terugkeer en die Antichris en sy profete sal geneem word en *"lewend gewerp word in die vuurpoele wat met swawel brand"* (Openb. 19:20).


Daniël sê dat die Romeinse vors tot aan die einde van die 70ste week sal heers, maar dat *"wat vas besluit is"*, God se oordeel, "*sal oor wat woes is, uitgestort word"*. Die woord wat vertaal is as *"woes"* kan ook vertaal word as *"verwoester"*. Die Romeinse "*vors wat sal kom*" sal hierdie verwoester wees wat sy afgodsbeeld in die tempel sal oprig. Hierdie godslasterlike aksie sal die oordeel van God tot gevolg hê.

***Implikasies van hierdie Profesie – Die Herboude Tempel!***

Vandag nader ons die einde van die Tydperk van die Kerk. Die Wegraping kan enige oomblik plaasvind en dan sal die laaste sewe jaar van Israel se geskiedenis begin. Israel is alreeds besig om haarself in lyn te bring met die herleefde Romeinse ryk (EU) en is 'n medelid van die Europese Unie. Die tempel sal vroeg in die sewe jaar, wanneer Israel na die Here terugkeer, herbou word. Daar moet nog twee tempels in Jerusalem gebou word. Dit is:

1) Die **Groot Verdrukking Tempel** waarna Openb. 11:1-4 verwys,
2) Die **Vrederyk Tempel** waarna Eseg. 40 tot 46 verwys.

Hierdie groot verdrukking tempel sal opgerig word met die goedkeuring van die Romeinse "vors", die Antichris, en die aanmoediging van twee profete, wat met Haggai en Sagaria ooreenstem. Hulle is die twee Ou Testament profete wat Serubbábel, die goewerneur, en Josua, die hoëpriester, aangemoedig het om die tempel ná die Babiloniese gevangenskap op bevel van 'n heidense keiser te herbou (Sag. 4:1-14). Op soortgelyke wyse sal die groot verdrukking profete die herbouing



**'n Voorstelling van die tempel**

van die tempel tydens die eerste helfte van die groot verdrukking aanmoedig. Let daarop dat hulle beskryf word as die *"twee olyfbome"* wat die olie voorsien om die sewe lampe van getuienis brandend te hou (Openb. 11:4; Sag. 4:3).

Dit is interessant om daarop te let dat Sagaria *"tussen die tempel en die altaar"* van die herboude tempel (Matt. 23:35) doodgemaak is, en dat die twee profete deur die Antichris in Jerusalem verslaan sal word (Openb. 11:7-12)! Die geskiedenis sal homself hierin herhaal. Die Jode se tempel gedurende die groot verdrukking sal nie die hele Olyfberg beslaan nie, want Johannes kry die opdrag om nie die voorhof buitekant die tempel te meet nie, *"want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap"* (Openb. 11:2). Volgens Luk. 21:24 sal *"Jerusalem vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is."*

Na 'n aanvanklike periode van vrede onder die beskerming van die Antichris sal daar 'n skielike verandering plaasvind, en Israel sal groot verdrukking ervaar soos nog nooit tevore nie. Hierdie laaste drie-en-'n-half jare voor Christus se tweede koms, sal die mees intense gedeelte van die groot verdrukking wees. Matthéüs skryf wat Jesus verklaar het: ***"En dadelik ná** die verdrukking van daardie dae ... sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn"* (Matt. 24:29-30).

Die nasies wat die groot verdrukking oorleef sal deur Christus geoordeel word (Matt. 25:31-46), en Israel sal direk na die verstrooiing, wat tydens die groot verdrukking plaasvind, finaal teruggebring word na hulle land. Hulle sal met vliegtuie en skepe

terugkeer (Matt. 24:31; Jes. 60:8-9).

Die nasies wat die Antichris gevolg het, sal in die hel gewerp word (Matt. 25:41). Dié wat aanhou glo het en by God se volk, Israel, deur die groot verdrukking bly staan het, sal ingaan in die Vrederyk van Christus (Matt. 25:34-40; Sag. 14:16; Jes. 60:3, Jes. 10-16). In daardie dag sal Israel die lied sing wat in Jes. 26 aangeteken is, en hulle sal 'n regverdige nasie wees, "*priesters van die Here*" (Jes. 61:6).

Die tempel gedurende die groot verdrukking sal moontlik deur 'n groot aardbewing verwoes en verwyder word (Openb. 16:18; Sag. 14:4-11), en 'n nuwe, glansryke tempel sal gebou word. Dit sal funksioneer volgens die spesifikasies wat in Esegiël 40 tot 46 uitgelê is.

Laastens sal die heerlikheid van God terugkeer en aanhoudend skyn vanuit Jerusalem. Die stad se naam sal verander word na *"Jehovah Shammah"*, wat beteken *"DIE HERE IS DAAR"* (Eseg. 48:35).

### *Sewe Karaktereienskappe van die Antichris*

Daar is sewe dinge aangaande die laaste dae Romeinse prins, die Antichris, waarop ons moet let:

1) Hy sal aanvanklik in vrede aan die wêreld verskyn en 'n sewe-jaar vredesverdrag met Israel sluit (Dan. 9:27).
2) Hy sal 'n ooreenkoms aangaan waarin Israel die vermoë sal hê om die tempel te herbou terwyl die Heidene die voorhof van die Olyfberg beset, met ander woorde die moskee van Omar (Openb. 11:2).
3) Hy sal *"die land* (van Israel) *verdeel vir wins"* (Dan. 11:39; Joël 3:2). Die Arabiese/Israelitiese verdeling van die land sal dus bevestig word.
4) Na drie-en-'n-half jare sal hy God se twee profete in Jerusalem doodmaak, maar God sal hulle in verheerlikte liggame, ten aanskoue van alle mense, wegneem (Openb. 11:7-12).

5) Halfpad deur die sewejaar lange groot verdrukking sal Hy die tempel se offerandes wat deur die alreeds bekeerde nasie van Israel uitgevoer word, tot 'n einde bring en hulle vervolg (Dan. 9:27). (Israel se bekering sal in die groot verdrukking plaasvind. Lees Esegiël 38 en 39.)
6) Hy sal in die tempel sit en daarop aanspraak maak dat hy God is (2 Thess. 2:3-4).
7) Hy sal sy afgodsbeeld in die tempel en oral in die wêreld oprig, en universele aanbidding vereis! (Openb. 13:12).

Hierdie toekomstige Romeinse heerser sal dus vir die laaste twee-en-veertig maande van die groot verdrukking aanhou met heers, totdat die Here Jesus Christus terugkeer met die leërs van die hemele om beide die dier en sy valse profeet in die poel van vuur te werp (Openb. 19:11-21).

***Hoe Naby is Ons aan die 70ste Week van Israel se Geskiedenis?***

Daar is baie aspekte van hierdie profesie wat daarop wys dat ons al hoe nader kom aan die tyd wanneer Israel sal ingaan in die laaste sewe jaar voor Jesus Christus terugkom om te regeer.

Sedert Mei 1948 word Israel as 'n soewereine staat erken. Die Joodse bevolking in die land het van 565 000 in 1945 tot 5 200 000 in 2001 gegroei. Die Arabiese bevolking was toe ongeveer 1 000 000, met die Wesbank uitgesluit.



Die Olyfberg word deur 'n Moslem moskee beset, maar baie Jode wag vir die Messias om terug te keer en die tempel te herbou. Party groepe wil dit self begin bou voordat die Messias terugkeer, en baie van die instrumente vir aanbidding in die tempel is reeds gemaak en kan by die tempelinstituut in Jerusalem besigtig word.

In April 1997 het 'n advertensie in die *Jerusalem Post* aangekondig dat die *"Restore the Half-Shekel"* fonds, in ooreenstemming met

Moses se instruksie in Eks. 30:11-16 gestig is en soos in 2 Kron. 24:1-14 toegepas sal word. Die hoof van die rabbinaat van Jerusalem sal elke jaar spesiaal gemunte muntstukke verkoop en dit sal elke jaar terugkeer na Jerusalem en toegewy word as *Hekdesh* (tempelskatte). Dit sal gestoor word in 'n spesiale kelder in die bank van Israel totdat die **Messias terugkeer!** Die "heilige" silwer halfsikkel is vir die onderhoud van die tabernakel en tempelgeboue gebruik, en sal fondse voorsien vir die konstruksie en onderhoud van die tempel. Die eerste "heilige" halfsikkel is gedurende die 50ste bestaansjaar van die nasie uitgegee, en die illustrasie daarop is 'n voorbeeld van die embleem wat as herdenking van die 55ste jaar van Israel se hervestiging gebruik was.

Joodse befondsing, vervaardiging van instrumente en die identifisering van die priesterlike familie (die seuns van Aäron), dui daarop dat voorbereidings vir die hervatting van die tempel-aanbidding goed vorder.


'n Verslag in die *Israel Today* van Oktober 2003 wys foto's van 'n volskaalse model van 'n tempel wat in 'n Joodse gemeenskap by *Mitzpe Yericho*, naby die Dooie See, opgerig is. Dit funksioneer as 'n opleidingsentrum om priesters *(kohanin)* vir diens in die derde tempel voor te berei.

Daar bestaan min twyfel dat die fondasies van die tweede tempel vasgestel is deur professor Kaufman, ongeveer 100 meter noord van die Moslem moskee (Koepel van die Rots) in die noordelike voorhof van die Olyfberg. Asher Kaufman, 'n Skotse Jood, het in 1960 na Israel geïmmigreer. Hy het 'n professor aan die Hebreeuse Universiteit in Israel geword en navorsing gedoen oor fusie en die spektroskopie van gejodeerde gasse. Hy was 'n baie presiese man wat streng aandag aan detail geskenk het.

Prof. Kaufman het 'n studie gedoen van vroeëre Joodse geskrifte om die afmetings van die tempel vas te stel. Hy het gevind dat die ligging daarvan in 'n oos-wes oriëntasie was, met die ingang wat

na die oostelike hek van die muur front, wat die voorhof van die tempel omring. Indien die posisie van die oostelike hek vasgestel kon word, sou slegs 'n reguit lyn in 'n reg westelike rigting getrek moes word om die posisie van die tempel vas te stel.

Verder het hy vasgestel dat die rooi vers geoffer is op 'n verhoogde posisie op die Olyfberg, waar die tempel oor die mure van Jerusalem gesien kon word. Deur op hierdie hoë punt te staan moet daar net verby die oostelike hek (of Goue Poort) gekyk word om die posisie van die tempel vas te stel.




The Herald of Hope Keys to Bible Prophecy No 5 © J R Ecob 1998

'n Ondergrondse rioleringstelsel wat gebruik is om die bloed vanaf die altaar wat voor die tempel gestaan het na die Kidronvallei te neem, is in die 19de eeu deur die Britse opmeter, Kaptein Warren, gevind. Sy bevindings is in die *Biblical Archaeological Review* gerapporteer. Gershom Gorenberg, senior verslaggewer van die *Jerusalem Report*, het geskryf: "Hy (Kaufman) het die tekeninge van die spoelbakke aan die noordelike kant van die tempel, soos aangeteken deur die negentiende-eeuse ontdekkers, bestudeer. Dit is in lyn met waar húlle verklaar het die mure was."

Teen 28 Desember 1974 het prof. Kaufman genoeg bewyse gehad om te bewys dat hy die terrein van die tweede tempel gevind het, **eenhonderd meter noord van die Koepel van die Rots moskee!**

Die derde tempel kan gebou word sonder om die Koepel van die Rots moskee te verwyder.

Die herlewing van die Romeinse ryk onder die banier van die Europese Unie (EU) en Israel se vennootskap met die EU, berei die weg voor vir die Antichris se betrokkenheid in Israelse aangeleenthede. Die Oslo-verdrag en ander vredesplanne poog om die Arabiese/Joodse konflik deur verdeling van die land op te los; om Jerusalem ʼn internasionale stad te maak baan die weg vir onderhandelinge ten opsigte van die Tempelberg.

Die oplewing van Islamitiese fundamentalisme in 1979 in die tyd wat die vors van Persië verslaan is, is baie betekenisvol. Dit is duidelik uit die Bybel dat die Jode deur God se voorsienigheid tot ʼn soeke na die Here sal kom. Israel het haar Arabiese bure oorwin op die oorlogsveld en voel nou meer veilig, veral met die militêre ondersteuning van die Verenigde State. Die wyer sirkel van die Islamities nasies soos Iran (Persië), Turkye (Togarma), Libië en Ethiopië (Soedan) verteenwoordig ʼn meer gedugte bedreiging, waarteen Israel nie voldoende militêre weerstand kan bied nie. **Rusland se verhouding met die Islamitiese nasies is nog ʼn onheilspellende teken.**

Die Wegraping van die Kerk sal plaasvind **voor die 70ste "week"** begin en die tempel herbou sal word. Alhoewel ons ten strengste daarteen moet waak om enige tydsduur te koppel aan die tweede koms van Jesus Christus, is dit duidelik dat ons die einde van die tyd nader.

### *Die Dag van die Here*

Reg deur die Bybel word die *"dag van die Here"* gesien as ʻn tyd van grootskaalse oordeel wat die tweede koms van Christus voorafgaan. Profesie oor gebeure wat die dag van die Here voorafgaan, stem ooreen met gebeure in die periode wat Jesus die *"groot verdrukking"* noem. Ons kan met veiligheid sê dat beide na dieselfde periode verwys.

Paulus skryf in sy eerste brief aan die Thessalonicense: *"… die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag … wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid - dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood van 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie ... Want God het ons nie bestem vir die toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe"* (1 Thess. 5:2-10).

Hierdie verse laat ons met absoluut geen twyfel nie dat die Wegraping VOOR die dag van die Here, die 70ste week van Daniël se profesie, sal plaasvind. Die 70 weke is Israel se profetiese geskiedenis en is nie op die Kerk van toepassing nie. Dit is die *"tyd van benoudheid vir Jakob"* (Jer. 30:7) en die Kerk moet weggeneem wees **voor** daardie dag aanbreek. Net soos Noag en Lot na veiligheid geneem is voor die oordeel oor die aarde voltrek is, so sal die Kerk ook weggeneem word voor die dag van die Here aanbreek.

***Opsomming***

Die "70 *weke*" profesie is 'n tydperk van 70 keer 7 jaar. Dit beteken 490 jaar sal verloop voordat **Israel en Jerusalem** na **ewigdurende geregtigheid gebring sal word.** Die profetiese tyd **begin** op die eerste dag van die maand van Nisan, in die twintigste jaar van Artasásta, naamlik 445 v.C. Hierdie 490 jaar word in drie periodes verdeel.

Gedurende die eerste 7 "weke" of 49 jaar word die stad herbou. Aan die einde van die 69ste week (7+62=69 weke of 483 jaar) het die **Messias** homself as Koning van Israel vertoon. Christus as Messias het dit op die eerste Palmsondag gedoen, maar Hy was nie deur die hele volk so aanvaar nie.

Vier dae later is die **Messias afgesny** (gekruisig) aan die kruis van Golgota, en soos geprofeteer is Jerusalem uiteindelik 38 jaar later in 70 n.C. verwoes. Hierdie gebeure moes **tussen die 69ste en 70ste *"weke"*** van die profesie plaasvind. Die 70ste week volg dus nie

direk op die 69ste week nie en daar is duidelik ′n gaping in tyd tussen die 69ste en 70ste "*weke*", dit wat bekend staan as die verborgenheid of geheimenis van die Tydperk van die Kerk, wat nog nie bekend gemaak was nie (Ef. 3:1-9), maar besig is om nou plaas te vind.

Wanneer die Kerk weggeraap word, sal die Tydperk van die Kerk voltooid wees. Israel se 70ste week sal begin met ′n sewejaar **vredesverdrag** wat met hulle deur ′n **Romeinse prins (EU)** gesluit sal word. Hierdie prins sal die fasiliteerder wees van ′n finale ooreenkoms om die **land van Israel te verdeel** (Dan. 11:39) en gesamentlike besetting van die Tempelberg deur Jode én Heidene toe te laat (Openb. 11:1-2). Die tempel sal gevolglik in die groot verdrukking gebou word.

Die Antichris, die Romeinse prins, sal Israel aanvanklik goedgesind wees en haar teen ′n Egiptiese aanval verdedig (Dan.11:40-45), terwyl hy terselfdertyd die Midde-Ooste sal onderdruk as inleiding tot die besetting van die *"pragtige land".*

**Voordat die groot verdrukking se oordele 'n aanvang sal neem,** sal 144 000 Jode verseël word met die Vader se naam op hulle voorhoofde. Hulle taak sal wees om die evangelie van die koninkryk te verkondig *"tot ′n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom"* (Matt. 24:14). Hulle sal halfpad deur die groot verdrukking van die aarde ′n marteldood sterf, vrygekoop word en die hemel ingaan (Openb. 14:1-3). Die bekering van die 144 000 kan moontlik as gevolg van die Wegraping begin.

Gedurende hierdie tydperk sal die **hele Israel** deur die evangeliese prediking van die 144 000 Joodse *"diensknegte van God"* tot bekering kom (Joël 2). Die twee Joodse profete in Openbaring 11 word doodgemaak nadat hulle *"hul getuienis voleindig het"* (Openb. 11:3, 7).


Gedurende die eerste drie-en-′n-half jaar sal die vredesverdrag verbreek word en die Antichris se ware karakter sal geopenbaar

word. Hy sal dan probeer om Israel uit te wis, maar een derde van die mense sal bewaar word vir die tweede koms van die Here. Die Antichris sal dan in die poel van vuur gewerp word. God sal Israel tydens die tweede helfte van die groot verdrukking in die wildernis bewaar, en hulle sal Christus verwelkom wanneer Hy terugkeer om as die Koning van die konings te regeer.

'n Engel sal tydens die tweede helfte van die groot verdrukking Goddelike getuienis gee. Hy sal die ewige evangelie verkondig (Openb. 14:6). Die ewige evangelie waarsku die wêreld: *"Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het"* (Openb. 14:7).


Aan die einde van die tweede helfte van die groot verdrukking word die oordeel oor die heidennasies voltrek met die slag van Armageddon, wanneer *"alle nasies"* in Jerusalem versamel sal wees.

Christus se Vrederyk sal uiteindelik op aarde gevestig word en slegs dán sal die ses beloftes, wat op Israel en Jerusalem betrekking het, 'n realiteit word. Die **490 profetiese jare** sal dan finaal voltooi en vervul wees.


Die Boek van Daniël
1
2
3
4
5
6
7
8
9
10
11 & 12
606 v.C.
536 v.C.
Babilon
332 v.C.
Persië
445 v.C.
4 Konings van Persië
64 v.C.
Grieke
Israel se 69 Weke
'n Magtige koning Alexander
Romeine
32 n.C.
Die Kerk Tydperk
?
Antichris
VERDRUKKING
70ste Week
Antichris
Die 2de Koms van die Here Jesus Christus
Die Wêreldwye Koninkryk van Christus

# *DEEL 3*

# *Die Tye van die Heidennasies*



*"*en *Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is"*
(Luk. 21:24)

### *Die Tye van die Heidennasies (Daniël 2 & 7)*

'n Volledige beskrywing van die Tye van die Heidennasies word in twee drome of visioene, wat in Daniël hoofstuk 2 en hoofstuk 7 opgeteken is, uitgelê. Beide hierdie drome of visioene, wat aan twee verskillende mense gerig is, dek dieselfde geskiedkundige tydperk - vanaf die Babiloniese ryk tot en met die tweede koms van Jesus Christus.

Wat hierdie eindtydprofesieë so interessant maak, is die feit dat my en jou geskiedenis daarin opgeteken is en dat dit geopenbaar is lank voor ons nog gebore is. Groot gedeeltes van hierdie profesieë het alreeds in vervulling gegaan, en ons lewe vandag naby aan die einde van die "Tye van die Heidennasies". Ons kan terugkyk na dit wat oorspronklik as profeties voorspel was en hoe dit in die bladsye van die geskiedenis vervul is.

Die ***eerste*** droom of visioen is gegee aan 'n goddelose koning, Nebukadnésar, en die ***tweede*** aan die heilige profeet Daniël. Nebukadnésar se visioen wys vier magtige koninkryke se militêre oorwinnings, verbasende burgerlike beheer, indrukwekkende bouprogramme, stelsels van afgodery en humanistiese kulture – iets om te bewonder. Nebukadnésar sien in sy droom 'n fantastiese beeld, wat uit al die kosbare metale van die aarde gevorm is en wat verteenwoordigend van vier geskiedkundige koninkryke is. Daniël het weer op sy beurt dieselfde koninkryke as vier wrede diere gesien.


Beide drome dui egter daarop dat hierdie vier gevestigde aardse koninkryke God se koninkryk, wat op aarde sal wees, sal voorafgaan. Die trotse Nebukadnésar wou natuurlik hê dat sy koninkryk tot in ewigheid duur. Voor Nebukadnésar se koninkryk was daar nog geen koninkryk wat oor die hele wêreld regeer het nie. Die **Assiriese en Egiptiese heerskappye** was tevrede met hulle stelsel van plaaslike oppergesag. Daniël verklaar in sy uitleg van die koning se droom dat Nebukadnésar **die eerste wêreldheerser** is en sê: *"U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel, die koningskap, die krag en die sterkte en die eer*

*verleen het, en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het – u is die hoof van goud"* (Dan. 2:37-38).

Die beeld in Nebukadnésar se droom simboliseer nie alleen die Babiloniese ryk nie, maar al die heidense magte wat die wêreld sou domineer tot en met Jesus se koms: *"met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens ... sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie"* (Dan. 7:13-14). Besonderhede van hierdie droom word later in 'n diagrammatiese voorstelling op bladsy 7 uitgebeeld.

Nie alleen was Nebukadnésar die eerste wêreldheerser nie, maar volgens die Bybel sal die begin van sy regering ook die begin van die "*tye van die nasies*" kenmerk. Hierdie tydperk van die tye van die nasies word gekenmerk deur die verlies aan nasionale soewereiniteit van die volk van Israel en hulle ondergeskiktheid aan die heidennasies. Nebukadnésar is tot koning verkies na die dood van sy vader Nabopolassar in die derde jaar van Jójakim, koning van Juda (606 v.C.). In 2 Konings 24 en 25 lees ons die treurige verhaal van Israel se laaste negentien jaar van rebellie teen God en teen die koning van Babilon. Nebukadnésar se leërs het daarna Jerusalem verower, die tempel verbrand en die stad se mure afgebreek (586 v.C.)

Die eerste inval is tydens Jójakim se derde regeringsjaar geloods. Hy is toegelaat om as onderkoning te regeer, maar het later in opstand gekom. Gedurende die tweede inval en besetting van Jerusalem sterf Jójakim en word deur sy seun, Jójagin, as koning opgevolg. Hy kies om oor te gee en is na Babilon geneem waar hy 37 jaar later aangestel word oor die ander konings wat gevange geneem is (2 Kon. 25:27). Soos aangedui in die geslagsregister in Matthéüs 1, kan Jójakim se nageslag nagespoor word tot en met Jesus Christus. Daar was dus altyd iemand "op die troon" van Dawid, al was hulle in ballingskap (Jer. 33:17). Die laaste koning




van Juda was Sedekía – Jójagin se oom. Hy het die koning van Babilon gedien, maar kom later in opstand en word gedurende die derde inval gevange geneem. Sedekía het gesien hoe al sy seuns verslaan word (Jer. 52:10,11; Eseg. 12:12,13).

Esegiël beskryf Sedekía as 'n "*onheilige en goddelose vors*", en verklaar: *"So sê die Here HERE: Die tulband moet weg, en die kroon moet af! Dit bly nie so nie: Na bo met wat nederig is! Na onder met wat hoog is! Puinhoop, puinhoop, puinhoop sal Ek dit maak. Ook die* (kroon*) sal nie bly nie – **TOTDAT Hy kom wat daarop reg het, en aan Hom sal Ek dit gee**"* (Eseg. 21:25-27).

Hoséa het ook geprofeteer dat Israel (die noordelike ryk) sonder 'n koning sou wees; ook hierdie deel van Israel sal sy soewereiniteit verloor **tot die laaste dae wat** onder heidense beheer sou wees. *"Want die kinders van Israel sal 'n lang tyd bly sit sonder koning en sonder vors en sonder slagoffer en sonder klippilare en sonder efod en huisgode. **Daarna** sal die kinders van Israel hulle bekeer en die Here hulle God soek en Dawid hulle koning, en met siddering aankom na die HERE en na sy goedheid **in die laaste van die dae**"* (Hos. 3:4-5).

Met die eerste koms van Jesus was die Romeinse ryk ten volle in beheer van Israel. Die Babiloniese, Persiese en Griekse ryke het gekom en gegaan. Die vierde ryk het vanaf Engeland tot by Babilon geregeer. Israel het geen koning op die troon van Dawid gehad nie. Verder het Jesus geprofeteer dat Israel voortdurend deur die Heidene verdruk sou word en dat Jerusalem binnekort vernietig sou word. Hy het gesê: *"En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is ... En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die* ***TYE VAN DIE NASIES VERVUL IS****"* (Luk. 21:20-24).

Die woorde van Jesus is in 70 n.C. deur Rome se verwoestende inval op Jerusalem en die tempel vervul. Die oorlewendes is oor die hele Romeinse ryk verstrooi. Hierdie harde werklikheid het vir bykans 2 000 jaar voortgeduur net soos dit deur God in die Palestynse verbond (Deut. 28-30) bepaal is.

Die Tydperk van die Heidennasies duur nou al vir meer as 2 500 jaar voort. Jerusalem word nog steeds deur heidennasies *vertrap*. Die vraag oor Jerusalem se toekoms word oorweeg in die finale fase van vredesonderhandeling wat deur Jode, Arabiere en die wêreld, sedert die Oslo-verdrag in 1999, bespreek word. 'n Moslem moskee is op die Tempelberg gevestig en meeste nasies se ambassades is in Tel Aviv – hulle weier om Jerusalem as die hoofstad van Israel te erken. Die Verenigde Nasies beskou Jerusalem as 'n "internasionale stad" – so ook die Vatikaan. Die Palestyne eis egter ook Jerusalem as hulle hoofstad. Terwyl ortodokse Jode by die Klaagmuur op die Tempelberg rouklaag en bid, daar waar God gekies het om Sy Naam te plaas (Deut. 12:5,11,14), is dit steeds onder heidense beheer en sal so wees totdat *"Hy kom wat reg is"* (Eseg. 21:27).

Sedert die begin van die Sionistiese beweging in 1881 het die Jode na Israel begin terugkeer. Dit het tot gevolg gehad dat die Joodse bevolking van 565 000 (1945) tot 5.3 miljoen (2004) toegeneem het.

Die totale bevolking in Israel, insluitend nie-Jode, het op 6.3 miljoen in 2004 gestaan. Daar word voorspel dat die getal teen 2020 n.C. tot soveel as 8 miljoen kan styg. Levitiese priesters versamel alreeds die "heilige" halfsikkel, vir tempeldiens doeleindes, in afwagting vir die tempel om herbou te word. Ons sien egter in hierdie studie dat die besetting van Jerusalem deur Heidene (nie-Jode) sal aanhou totdat Christus aan die einde van die Verdrukking sal terugkeer. Gedurende die Verdrukking sal 'n tempel in Jerusalem gebou word (Openb. 11:1-2; 2 Thess. 2:4; Matt. 24:15 en Dan. 9:27). Dit sal egter deur die Antichris, die laaste leier van die vierde koninkryk op aarde, beset word. Wanneer Jesus kom, sal die Antichris in die poel van vuur gewerp word, en dit sal die einde van die Tydperk van die Heidennasies wees.

### *Die Verklaring van Nebukadnésar se Droom*

Die verklaring van Nebukadnésar se droom word in Dan. 2:36-49 weergegee. Die vier dele van die beeld in Nebukadnésar se droom verteenwoordig vier koninkryke, wat oor die wêreld sal heers vanaf die tydperk van Daniël tot aan die einde van die tye wanneer God 'n koninkryk sal oprig wat tot in ewigheid bestaan: *"Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self **sal dit vir ewig bestaan**"* (Dan. 2:44).

### *Die Eerste Koninkryk – Die Kop van Goud*

Die eerste van hierdie koninkryke is die Babiloniese ryk, wat lande van Babilon tot Assirië in die noorde, Klein-Asië (Turkye) in die weste, en Israel en Egipte in die suide insluit. Nebukadnésar het as koning van Babilon regeer en Daniël het geprofeteer, *"U is die hoof van goud"* (Dan. 2:38).

Die Babiloniese ryk was van korte duur. Volgens Jeremia se profesieë sou dit slegs sewentig jaar heerskappy voer: *"En as sewentig jaar vol is, sal Ek oor die koning van Babel en oor dié nasie, spreek die Here, hulle ongeregtigheid besoek, en oor die land van die*

*Chaldeërs, en sal dit ewige wildernisse maak"* (Jer. 25:12).

Die Babiloniese ryk het vanaf 606 v.C. tot 536 v.C. geduur voordat Darius, die Mediër, die koningskap ontvang het (Dan. 5:30-31).

### *Die Tweede Koninkryk – Die Skouers van Silwer*

'n Tweede koninkryk vervang die Babiloniese ryk en dit word deur *"skouers van silwer"* uitgebeeld. Ons lees in Daniël: *"En ná u sal daar 'n* ***ander koninkryk*** *opstaan, geringer as dié van u (*Dan. 2:39) ... *sy bors en sy arms van silwer* (Dan. 2:32).





**'n Voorstelling van Nebukadnésar se droombeeld**

Die tweede koninkryk is sonder twyfel die Medo-Persiese ryk. Die twee arms van die beeld dui op die tweeledigheid van die oorspronklike vorm van die koninkryk wat vanaf 536 v.C. tot 331 v.C. geduur het. Met verloop van tyd staan dit egter as die Persiese ryk bekend, en word tot 'n val gebring deur die Grieke (Alexander die Grote). Die Persiese ryk het uitgebrei tot by die grens van Indië in die ooste, Griekeland in die weste, Kaukasië in die noorde en Egipte in die suide.

### *Die Derde Koninkryk – Die Buik en Dye van Koper*

Die derde koninkryk word uitgebeeld deur die buik en dye van koper, en het oor groot mag beskik. Daniël vertel ons meer: *"'n*




**'n Kaart wat die bewegings van Alexander die Grote se wêreldwye verowerings aandui**

*ander, 'n derde koninkryk van koper wat oor die hele aarde sal heers"* (Dan. 2:39). Die jong Alexander het klein getalle Griekse magte teen die groot Persiese leërs aangevoer. Hy is voortgedryf deur die manier waarop die koning van Persië die Grieke verneder het. Alhoewel hy 'n klein leër en byna geen vloot gehad het nie, het hy drie veldslae oor Klein-Asië aangevoer om die mag van Persië te verbreek: Granikos 334 v.C., Issus 333 v.C. en Gaugamela 331 v.C.

Alexander het Tirus (332 v.C.) en die hele Egipte verower – 'n vervulling van die profesie in Eseg. 27. Hy het die Persiese vloot geneutraliseer deur die oostelike kusstrook van die Middelandse See te annekseer, en koning Poros van Indië verslaan. Hy het later teruggekeer na Babilon, en as jongman ná 'n dronkfees in Junie 323 v.C. gesterf.

Na Alexander se vroeë dood is sy hele familie om die lewe gebring, en is sy koninkryk, wat gestrek het van Indië tot Europa, tussen sy vier generaals verdeel. Die Griekse magte se beheer oor Jerusalem

het geduur vanaf 332 v.C. tot 63 v.C., 'n tydperk van 269 jaar. Hierna verskyn die Romeinse ryk op die voorgrond.


***Die Vierde Koninkryk – Die Bene van Yster***

Die meeste klem word op die vierde koninkryk geplaas. Dit word uitgebeeld deur bene van yster, voete van yster en klei, en tien tone. Dan. 2:40 sê: *"… soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis"*. Die beginjare van die koninkryk word gekenmerk deur sterkte en mag (yster), maar verswak met verloop van tyd (deels yster en deels klei). In die finale stadium verdeel die vierde koninkryk in tien dele, *"maar in die dae van **dié konings** sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie"* (Dan. 2:44).

Daarna volg die beëindiging van die "*tye van die nasies*". Heidense magte sal Jerusalem nie meer langer vertrap nie. Die beloofde ewige koninkryk van God sal deur Jesus Christus ingelei word. Die vierde koninkryk is sonder twyfel die **Romeinse ryk** wat in 63 v.C. beheer oor Jerusalem oorgeneem het. Die keiserlike bewind van die Romeinse ryk het voortgeduur vanaf keiser Augustus (31 v.C. – word keiser in 27 v.C.) tot en met die Wes-Gote se inname van Rome in 410 n.C.

Dit word gevolg deur die Vandale in 455 n.C. en die laaste westerse mag - Romulus Augustus - in 476 n.C. Die keiserlike bewind het **dus 506 jaar geduur, maar dit was nie die einde van die Romeinse ryk nie**.

**BABILON** het Ninevé in 612 v.C. en Egipte in 570 v.C. verower. Jerusalem is in 606, 597 en 586 v.C. ingeneem. Jeremia het voorspel dat Babilon na sewentig jaar sal val (Jer. 25:9-12).




The Herald of Hope Keys to Bible Prophecy No3 © J R Ecob 1998




Die **MEDE** en **PERSE** het Babilon verower, en Kores het in 536-516 v.C. die Jode toegelaat om terug te gaan en die tempel in Jerusalem te herbou.




Artasásta het Nehemia toegelaat om Jerusalem in 445 v.C. te herbou.





**GRIEKELAND**: Alexander die Grote het drie veldslae teen Darius in 334, 333 en 331 v.C. aangevoer. Na sy dood in 323 v.C. is die koninkryk uiteindelik in 306 v.C. in vier dele verdeel. Daniël het die voortduring van die koninklike lyn van die Seleukiede en Ptolemeïese koninkryke tot en met die heerskappy van Antiochus Epifanus in 175-163 v.C. voorspel.




**ROME:** Die Romeinse ryk het die wêreld verower, en in 31 v.C. is die keiserlike bewind van stapel gestuur. In 63 v.C. het Pompeius Palestina verower. Die weste van Rome is deur Germaanse




stamme in 476 n.C. verower. Die oostelike Bisantynse Romeinse ryk het voortgeduur tot en met 1453 toe Konstantinopel oorgeneem is deur die Ottomaanse Turke. Die Germaanse stamme




is deur Asiatiese mensegroepe, bekend as die Hunne en die Aware, uitgedryf (wes en suid). Daarna is die westelike Romeinse ryk deur die pousdom gedomineer (600 n.C.) en die Heilige Romeinse Ryk deur Germaanse leierskap beset (800 n.C. tot 1806 n.C.). Op Kersdag 800 n.C. het pous Leo III vir Karel die Grote as keiser oor die Heilige Romeinse Ryk aangestel. As die koning van die Franke (Germane) het hy die Lombardiërs, Aware en Sakse verower, almal gekersten, en dele van Italië aan die pous teruggegee. Ses-en-sestig keisers het deel gevorm van die Heilige Romeinse Ryk, een-en-dertig is deur die pous aangewys. Die inkwisisies (1232 tot 19de eeu) en die kruistogte (1096 tot 1271) was slegs moontlik weens die eenheid tussen die staat en kerk.

### *Die Bisantynse (Romeinse) Ryk*

In 258 n.C. is die Romeinse ryk in Oosterse en Westerse ryke verdeel en weer vir 'n tyd onder Konstantyn verenig.  In 330 n.C. verskuif hy die setel na Konstantinopel. Die oostelike Bisantynse

(Romeinse) ryk duur vanaf 330 n.C. totdat Konstantinopel deur die Ottomaanse Turke in 1453 n.C. ingeneem word.

### *Die Pousdom en die Heilige Romeinse Ryk*

In tussentyd het die Rooms-Katolieke kerkstelsel al hoe meer mag verkry. Die biskoppe van Rome het posisies van outoriteit beklee as gevolg van hul ondersteuning van die keisers. Dit het uiteindelik tot die vorming van die pousdom in die tyd van pous Gregorius die Grote gelei (590 – 604 n.C.).


In 800 n.C. is pous Leo III van die Oosterse ryk afgesonder en Karel die Grote gekroon as die koning van Duitsland en het keiser van 'n nuwe ryk in die weste, bekend as die "Heilige Romeinse Ryk", geword. Die keisers van die nuwe Westerse ryk is dikwels deur die pous aangewys - gewoonlik die keiser[1] van Duitsland of Oostenryk. Die laaste keiser, Francis II, het eers gedurende Napoleon se bewind (1806) van die titel afstand gedoen. Sodoende het die "Heilige Romeinse Ryk", wat die sekulêre arm van die pousdom was, na 1 006 jaar verdwyn.

### *Napoleon, Keiser Wilhelm en Hitler*

Keiser Napoleon (koning van Italië) het 'n dapper poging aangewend om Europa te verenig. Hy het die Midde-Ooste oorwin en as die meester van Egipte bekend gestaan. Teen 1812 het hy groot gedeeltes van Europa onder sy beheer gehad, insluitende Oos- en Sentraal-Europa, Spanje, Italië en Noorweë. Hy het selfs Moskou beset, maar kon dit nie behou nie. In 1814 eindig sy bewind as keiser en word hy na die eiland Elbe verban. In 1815 ontsnap hy, maar word egter tydens die slag van Waterloo verslaan. In 1821 sterf hy op die eiland St. Helena in die Suid-Atlantiese Oseaan.

Die volgende poging om Europa te verenig is gedurende die Eerste Wêreldoorlog (1914 – 1918) deur keiser Wilhelm II (Duitsland) van stapel gestuur. Die Pruisiese koning, Wilhelm I (1870), het homself na die vereniging van Duitsland en die

[1] Keiser kan ook as koning gelees word




vorming van die Duitse ryk tot keiser verhef. Keiser Wilhelm II was die kleinseun van keiser Wilhelm I. Die einde van sy bewind word egter ingelei deur mislukte pogings om die Duitse ryk uit te brei (1918). In 1939 is nog 'n poging aangewend om Europa te verenig – hierdie keer deur Adolf Hitler. Met Italië en Spanje as vennote het Hitler se leërs deur Europa getrek. Hitler het daarop aanspraak gemaak dat sy sogenaamde "Third Reich" heerskappy vir 1 000 jaar sal voortduur. In 1945 het sy leër en sy ideaal vir 'n soewereine nasie egter tot 'n einde gekom.

## *Die Europese Unie (EU)*

Na Napoleon, keiser Wilhelm en Hitler se mislukte pogings om 'n nuwe Romeinse ryk in 'n verenigde Europa te skep, het meeste nasies besef dat Europese eenheid en die voorkoming van oorlog slegs moontlik gemaak kan word deur ekonomiese en politieke samewerking.

In die begin het Europa uit twee afsonderlike ekonomiese gemeenskappe bestaan – die "Innerlike Ses" (EEC) en die "Uiterlike Sewe" (EFTA). EEC lidmaatskap het Duitsland, Frankryk, Italië, België, Luxemburg en Holland ingesluit. Samewerking is moontlik gemaak deur 'n reeks vredesverdrae. Die belangrikste aspekte van die verdrae lui soos volg:

1) Die **Verdrag van Rome** (1958) het die grondslag vir die Europese Unie gelê.
2) Die **Verdrag van Maastricht** (1993) het verder gestem vir ekonomiese en monetêre eenheid asook politieke eenheid.
3) Die **Verdrag van Amsterdam** (1997) het weer uitgebrei op die Verdrag Maastricht, en voorsiening gemaak vir Sentraal- en Oos-Europese lande wat onafhanklikheid verkry het na die Sowjet-Unie tot 'n einde gekom het (1989 – 1991).

In 1998 was daar elf Europese lande wat die "Verdrag van Vennootskap" geteken het as 'n eerste stap om die vyftien lande, bekend as die Europese Unie (EU), te verenig. In Mei 2004 is tien nasies tot die Europese Unie bygevoeg om die totale bevolking onder sy beheer tot 455 miljoen te bring. Onderhandelinge met ander nasies duur voort. Die algemene geldstelsel, die Euro, sal uiteindelik die wêreld se finansiële markte oorheers en sy ekonomiese en politieke invloed sal geen gelyke ken nie.

Die Europese Unie het alreeds 'n Europese parlement met 'n president, en die wetgewing is in 2004 gefinaliseer. Die Schengen-verdrag van 1985 het weggedoen met interne grense, en meeste lande in die EU vereis nie meer grenskontroles nie. Die EU beskou die Middellandse See as 'n Europese meer, en is besig om 'n

**Marshall Hulpplan**
**1947**

**Verdrag van Parys**
**1952**

**Verdrag van Rome**
**1958**

**Verdrag van Merger**
**1967**

**Euro Verkiesingswet**
**1978**

**Verdrag van Schengen**
**1985** Open grense in die EU

**Enkele Euro Wet**
**1987**

**Verdrag van Maastricht**
**1993** Ekonomiese en Monetêre Unie (EMU), Politieke Unie en gesamentlike sosiale beleid

**Euro-Middellandse Vennootskap 1994**
Om teen 2010 'n vryehandelsgebied om die Middellandse See te vestig

**Verdrag van Amsterdam**
**1997** Insluiting van Sentraal- en Oos-Europese state in die Europese Unie

vryehandelsgebied daar rondom te vestig. Dit sal na verwagting reeds teen 2010 in plek wees. Hierdie handelsinisiatief sal 'n mark van meer as 200 miljoen mense in die ontwikkelende lande van Noord-Afrika en die Midde-Ooste voorsien. Sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog voorsien Amerika $14 biljoen (ongeveer R100.8 biljoen) aan die "Marshall Hulpplan" om die lande van Europa te hervorm. In die lig van die groeiende invloed van Russiese en internasionale kommunisme, was dit vir Amerika belangrik om 'n sterk verenigde Europa te sien ontwikkel.

***Die Finale Stadium van die Romeinse Ryk – Die Tien Tone***

Volgens die Bybel sal Europa gedurende die finale stadium van die Romeinse ryk in tien state verdeel word. Hulle sal hul trou aan ***een man, die Antichris,*** beloof. Hy word in die Bybel ook *"die dier"*, *"die man van sonde"* en *"die seun van die verderf"* genoem. Meer van hom

word in die visioene van Daniël 7 geopenbaar. Die tien state word deur die tien tone van die beeld in Nebukadnésar se droom gesimboliseer, en korrespondeer met die tien horings van die dier in Daniël hoofstuk 7 en Openbaring hoofstukke 12, 13 en 17. Openbaring 17:12 lees: *"En die tien horings wat jy gesien het****, is tien konings*** *wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank* ***saam met die dier****"*.

So ver het ons gesien dat die vierde koninkryk, uitgebeeld deur die bene, voete en tone van die beeld, die Romeinse ryk in sy verskillende vorms en fases verteenwoordig. Keiserlike Rome is gekenmerk deur sterkte (yster), maar die "Heilige Romeinse Ryk" was deels sterk (yster) en deels swak (klei). Teen die einde van die twintigste eeu, kon ons reeds die begin van 'n herlewing van die ou Romeinse ryk sien, wat blyk om die oorheersende wêreldmag te word, gereed vir die verskyning van die Antichris en die tien horings (of tien konings).

### *Christus se Tweede Koms – Die Rots uit die Hemel*

Laastens openbaar Daniël aan Nebukadnésar die volgende oor die beeld in sy droom: *"U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het ... maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het"* (Dan. 2:34-35).

Die ***klip*** wat 'n ***groot rots*** word verteenwoordig Jesus Christus en dit wat by Sy tweede koms sal gebeur. Verdere Skrifgedeeltes verklaar dat Jesus die nasies sal oordeel wanneer Hy weer kom. Die Bybel sê: *"en aan julle wat verdruk word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie"* (2 Thess. 1:7-8).

*"En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip*

*van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige"* (Openb. 19:15).

*" Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die Here sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog"* (Sag. 14:2-3).

*"En hulle sal gaan in die spelonke van die rotse en in die gate van die grond vanweë die skrik van die Here en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik"* (Jes. 2:19).

*"En in dié dag sal die Here besoeking doen oor die leërskare van die hoogte in die hoogte en oor die konings van die aarde op die aarde; en hulle sal opgesluit word soos gevangenes opgesluit word in 'n kuil en bewaar word in 'n kerker; maar ná baie dae sal daar op hulle ag gegee word"* (Jes. 24:21-22).

Die beeld van 'n meteoriet ('n groot rots) wat uit die ruimte na die aarde tuimel is waarlik skrikwekkend, maar dit is niks in vergelyking met die tweede koms van die "Ewige Rots"(Jes. 26:4), Jesus Christus nie.

Die Tydperk van die Heidennasies as 'n wêreldmag word met die tweede koms van Jesus Christus beëindig. Daarna vestig Christus 'n letterlike koninkryk op aarde – gesimboliseer deur die berg wat die aarde vul. 'n Berg word ook elders in die Bybel gebruik om 'n nasie te verteenwoordig. Jesaja sê: *"Die woord wat Jesaja, die seun van Amos, gesien het met betrekking tot Juda en Jerusalem. En aan die einde van die dae sal **die berg van die huis van die Here** vasstaan op die **top van die berge** en verhewe wees **bo die heuwels**, en **al die nasies sal daarheen toestroom**. En **baie volke** sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel.*

*Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem"* (Jes. 2:1-4).

In Matthéüs 24 en 25 lees ons dat Christus se tweede koms net ná die Verdrukking sal plaasvind. Eerstens sal **dié** wat die Verdrukking oorleef het, geoordeel word. Gelowiges sal die Vrederyk lewend binnegaan en die ongelowiges sal weggestuur word om die ewige straf te ontvang. Die Bybel sê: *"**En dadelik ná die verdrukking** van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En **dan** sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en **dan** sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid"* (Matt. 24:29-30).

*"En **wanneer** die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, **dan** sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. **Dan** sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, **beërf die koninkryk** wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af"* (Matt. 25:31-34).

Die langverwagte Vrederyk van God sal slegs op aarde gevestig word wanneer die Tydperk van die Heidennasies verby is, wanneer Israel as 'n nasie gedurende die Verdrukking hulle bekeer van hulle verwerping van die Messias, en wanneer Jesus Christus weer terugkom tot op die aarde om persoonlik oor die aarde te heers. Die "*tien tone*" wat "*tien konings*" verteenwoordig is dus die vierde en laaste heidense ryk wat Jerusalem sal vernietig: *"Maar in **die dae van dié konings** sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan"* (Dan. 2:44).

### *Daniël se Droom – Daniël Hoofstuk 7*

Die **tweede** verklaring of uitleg aangaande die Tye van die Heidennasies was deur God aan Daniël in 'n droom geopenbaar. Hy sien vier diere (vier winde) wat uit die see opkom en die "*groot see in beroering bring*" (Middellandse See). Die eerste dier wat hy sien is **'n leeu** met arendsvlerke, die tweede **'n beer** met drie ribbes in sy bek en die derde **'n luiperd** met vier vlerke en vier koppe. Die vierde dier word as "*vreeslik en **skrikwekkend** en baie sterk met groot ystertande*" beskryf.

Die vierde dier het ook **tien horings**, maar later in die droom verskyn 'n enkele horinkie ook op die toneel. Die **horinkie** ontwortel drie van die voriges. Hierdie "*klein horing*" neem menslike eienskappe aan met *"oë soos die oë van 'n mens en 'n mond wat groot dinge spreek"* (Dan. 7:8). Laastens sien Daniël een soos die Seun van die mens wat in wolke van die hemel kom, en aan Hom is gegee *"heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie"* (Dan. 7:14).


Die verklaring van Daniël se droom is dieselfde as wat ons in Daniël 2 gesien het. Nebukadnésar beskou die beeld in sy droom as glorieryk, maar Daniël sien die ***skrikwekkendheid*** van die beeld raak. Die geestelike toestand van ons hart bepaal hoe ons die wêreldtoneel beskou! Die goddelose verbly homself in die wêreld se prag en praal, maar die gelowige sal 'n ewigheidsperspektief behou.

### *Vier Diere uit die Groot See – Die Middellandse See*

Daniël se droom, soos Nebukadnésar s'n, beskryf die vernietiging van Jerusalem (606 v.C.) en word grafies deur vier diere (heidennasies) voorgestel: *"Hierdie groot diere wat vier is – vier konings sal uit die aarde opstaan; en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid"* (Dan. 7:17-18). Die vier diere uit die "***groot see***" kom te voorskyn nadat die *"vier winde van die hemel die*

*groot see in beroering bring"*. Die *"**groot see**"* word as die Middellandse See geïdentifiseer en word deur die volgende Skrifgedeeltes bevestig: Num. 34:6,7; Deut. 1:7; Jos. 9:1; 15:12,47; 23:4; Eseg. 47:10,15,19,20 en Eseg. 48:28.

Die *"**vier winde van die hemel**"* verteenwoordig vier hemelwesens wat God se bevele gehoorsaam. Hulle word deur vier strydwaens met vier sterk rooi, swart, wit en bont perde voorgestel (Sag. 6:1-3).




Dit is merkwaardig dat al vier wêreldkoninkryke groot gedeeltes van die vasteland om die Middellandse See beslaan, insluitende Israel en Egipte.

In 1996 is die Middellandse See as 'n **Europese meer** verklaar. Die Europese Unie verwag om teen 2010, soos reeds genoem, vrye handelsooreenkomste met meeste Noord-Afrika en Midde-Oosterse lande te sluit. Dit sal as die Euro-Med bekend staan. Europa het eksterne markte nodig, en ontwikkelende lande in Noord-Afrika en die Midde-Ooste bied hierdie gulde geleentheid. Grootskaalse hulppakkette sal deelname aanmoedig.

### *'n Leeu met Arendsvlerke – Die Babiloniese Ryk*

Die simbole van die vier diere beskryf die opeenvolgende koninkryke. Die leeu met arendsvlerke stem ooreen met die Babiloniese ryk. Die ingange van die paleishekke van Babilon was met beelde van leeus met vlerke versier. Daniël sê: *"Die eerste was soos 'n leeu, en hy het vlerke van 'n arend gehad; ek het bly kyk totdat sy vlerke uitgeruk is en dit van die grond af opgehef en soos 'n mens op twee voete neergesit is en daaraan 'n mensehart gegee is"* (Dan. 7:4).


Die verwysing na die leeu wat in 'n mens verander verwys na wat in Daniël 4 met koning Nebukadnésar gebeur. Hy is neergewerp as gevolg van sy trots en die engel het gesê: *"Laat sy hart anders word as dié van 'n mens en **'n dierehart** aan hom gegee word"* (Dan. 4:6).

Gevolglik het Nebukadnésar vir sewe jaar *"plante geëet soos die beeste, en deur die dou van die hemel is sy liggaam natgemaak, totdat sy hare lank geword het soos die vere van arende, en sy naels soos dié van voëls"* (Dan. 4:33). Na sewe jaar is sy heerskappy egter weer herstel. Daniël 4:37 verklaar: *"Nou prys ek, Nebukadnésar, en ek roem en eer die Koning van die hemel: al sy werke is waarheid en sy paaie is reg, en Hy kan verneder die wat in hulle trotsheid wandel."*

***Die Vier Diere van Daniël se Droom (Dan. 7)***




**1STE DIER –** 'n Leeu met die arendsvlerke wat verwys na die Babiloniese ryk.
606 v.C. tot 536 v.C.



**2DE DIER –** 'n Beer met drie ribbes in sy bek wat verwys na die Persiese ryk.
536 v.C. tot 332 v.C.



**3DE DIER –** 'n Luiperd met vier koppe en vier vlerke wat verwys na die Griekse ryk. 332 v.C. tot 63 v.C.



**4DE DIER –** 'n Afgryslike, vreesaanjaende en baie sterk dier wat 'n mengsel is van die ander diere wat verwys na die Romeinse ryk 63 v.C. tot die tweede koms van Jesus Christus.

***'n Beer Met Drie Ribbes In Die Bek – Die Persiese Ryk***

Aan die beer met drie ribbes in die bek is gesê: *"Staan op, eet baie vleis"*. Hierdie drie ribbes verwys na die drie nasies waaruit die groot Persiese ryk bestaan, naamlik **Medië, Babilon en Persië**. Die Persiese ryk het oorwinnings behaal oor Egipte, Klein-Asië en selfs Griekeland. Herodotus, die Griekse geskiedkundige, het geskryf dat 'n leër van twee miljoen man en slawe gebruik is om Griekeland te verower. Daar was in werklikheid ongeveer 180 000 soldate.

***'n Luiperd Met Vier Koppe En Vier Vlerke – Die Griekse Ryk***

Hierdie beeld beskryf die Griekse ryk wat die Persiese leërs oorwin het en die Middellandse vloot geneutraliseer het. Die Grieke is aangevoer deur Alexander die Grote wat met groot spoed soos weerlig in drie oortuigende veldslae die mag van die Persiese weermag verbreek het. Na Alexander se dood is sy familie om die lewe gebring en die koninkryk onder die vier generaals (die vier vlerke en die vier koppe van die luiperd) verdeel.

### *'n Dier met Ystertande en Tien Horings – Die Romeinse Ryk*

Daar word meer oor hierdie vierde dier as oor al die ander gesê: *"Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier"* (Dan. 7:19).

Alhoewel die karakter van die Romeinse ryk oor die eeue baie verander het, het dit steeds in een of 'n ander vorm bly voortbestaan. Europese lande kom nou saam onder die vaandel van die EU (Europese Unie) met 'n gesamentlike militêre mag NAVO (Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie), 'n Europese parlement, 'n president, 'n polisiemag en vele ander gesamentlike aktiwiteite, insluitende 'n ruimtevaartagentskap. In 1999 het Europa 'n gesamentlike geldstelsel op die been gebring. Die Euro sal bydra tot politieke eenheid met 'n gemeenskaplike buitelandse beleid, 'n gemeenskaplike sosiale beleid en 'n gemeenskaplike sekuriteitstelsel!

Die Schengen-verdrag het vrye toegang en die afskaffing van grenskontroles tussen lidlande voorgestaan. Teen Junie 1997 het agt uit vyftien lande die ooreenkoms geteken. Andere is besig om in hul voetstappe te volg. Sedert die vrylating van Oos-Europese lande (1989) en die val van die Sowjet-Unie (1991), is daar 'n toename in aanvraag om toegang tot die Europese Unie te verkry. Die bevolking van die vyftien lidlande het in 1996 op 370 miljoen gestaan. Met die byvoeging van tien nuwe lande in Mei 2004, het die getal tot 455 miljoen mense gestyg.

Grootskaalse pogings is aangewend om Rusland se vrese vir die vorming van 'n supermoondheid aan sy westelike grens te keer, en 'n veiligheidsooreenkoms is in Mei en Julie 1997 tussen Rusland/NAVO en Oekraïne/NAVO onderteken. Hierdie ooreenkomste laat Oos-Europese lande toe om by NAVO in te skakel. Gedurende die Kosovo-krisis is Hongarye, Roemenië en Pole vinnig tot NAVO toegelaat sodat Rusland nie voorrade en troepe kon stuur om Serwië te ondersteun nie. Rusland is toestemming geweier om oor hierdie lande te vlieg.

Die verdediging van Europa word tans deur NAVO (Noord-

Atlantiese Verdragsorganisasie) gedryf. Hierdie taak om die verspreiding van internasionale kommunisme te bekamp en te verhoed is oorspronklik deur die VSA gedurende die Koue Oorlog behartig. Alhoewel die Sowjet-Unie uitgeskakel is, het die Europese Unie Islamitiese fundamentalisme as 'n eksterne veiligheidsbedreiging geïdentifiseer. Rusland se pogings om die ou Sowjet-Unie onder die banier van die "CIS" (Commonwealth of Independent States) te laat herleef en hul handels- en militêre ooreenkomste met die heidense wêreld, veral Iran en Libië, is insiggewend. 'n Russiese handelsroete deur Iran, wat vanaf die Kaspiese See na die Indiese Oseaan loop, is in 2002 amptelik geopen. Hierdie roete verminder die reistyd tussen Indië en die Verre Ooste met dertien dae.

Die Romeinse ryk sal uit **tien afdelings** bestaan en word deur die **tien tone** van Nebukadnésar se droombeeld en die **tien horings** van Daniël se droombeeld verteenwoordig. Die ***"klein horing,"*** die **Antichris**, sal vanuit hierdie tien horings spruit (Openb. 13 en 17). Dit is ook hy wat die *herleefde* Romeinse ryk in die tyd van Christus se tweede koms sal lei. Hierna sal Christus Sy ewige Koninkryk oprig.

**Sewendedagadventiste** voer aan dat die Romeinse ryk gedurende 476 n.C. in tien koninkryke verdeel het. Die geskiedenis ondersteun egter nie hierdie siening nie. Die Bybel sê: *"maar in die dae van **dié konings** sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie"* (Dan. 2:44).

**Preterisme** beweer dat die *"tien horings"* en die *"klein horing"* na die Romeinse heersers van Pompeius (64 v.C.) en die keiser Vespasianus (70 n.C.) verwys. Vervolgens beweer hulle ook dat die *"tien horings"* die tien Romeinse provinsies verteenwoordig, maar ignoreer die feit dat daar 54 Romeinse provinsies was. Preterisme glo ook dat Christus alreeds "geestelik" teruggekeer het in die jaar 70 n.C. Wanneer Christus terugkeer volgens Openbaring 1:7 sal *"elke oog Hom sien"* en dit het sekerlik nie letterlik so in 70 n.C. gebeur nie.

### *Die Vrou op die Dier (Openbaring 17)*

Volgens Openbaring 17 sal die vierde dier tot mag kom onder die leiding van 'n "*hoervrou*". In Openbaring 13 en 19 leer ons ook dat 'n "*valse profeet*" wat wonders doen, die Antichris sal bystaan.

Die "*hoervrou*" kan geïdentifiseer word met die gebruik van die volgende Bybelse leidrade:

1) **Sy is 'n internasionale en politiese figuur**. Sy is betrokke by "*die konings van die aarde*" en sy sit op "*baie waters*" – dit verwys na verskillende volke, menigtes, nasies en tale (Openb. 17:1,2,15).
2) **Sy is godsdienstig en betrokke by afgodediens.** Sy is 'n "*VERBORGENHEID, DIE GROOT BABILON, DIE MOEDER VAN DIE HOERE EN VAN DIE GRUWELS VAN DIE AARDE*" (Openb. 17:5). In Johannes se tyd was die "geheime godsdienste" van Rome reeds welbekend.
3) **Sy hou 'n goue beker** in haar hand, "*vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery*" (Openb. 17:4).
4) **Sy is buitengewoon ryk**. "*En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels*" (Openb. 17:4).
5) **Sy vervolg Christene** en is "*dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus*" (Openb. 17:6).
6) **Sy sit op sewe berge** en is "*die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde*" (Openb. 17:9,18).
7) **Sy identifiseer met die dier** – die Romeinse ryk en sy finale heerser. Sy beskik oor groot invloed en beheer (Openb. 17:3, 11).

Die leidrade dui ongetwyfeld daarop dat die "*hoer*" afvallige Christendom, gelei deur die Roomse kerk, voorstel. Die Roomse kerkstelsel is internasionaal en polities. Dit is godsdienstig, en 'n stelsel van afgodery. Mense word "*dronk gemaak met die wyn van haar hoerery*" en bedwelm deur bygelowige materiële dinge soos medaljes, kruise en rosekranse. Die goue beker van die "Mis" word onderhou as 'n voortdurende offer - 'n godslasterlike handeling. Rome staan bekend as die "stad van sewe berge" en het

oor die konings van die aarde geregeer toe Johannes die boek van Openbaring in 96 n.C. geskryf het!

In die dae van keiserlike Rome het die keisers aan die hoof gestaan van die geheime godsdienstige afgodestelsel. Hulle het aanspraak gemaak op godheid, en vereis dat hulle lede hulself sal offer. Duisende Christene het eerder gesterf as om hulle aan die keiser te onderwerp. Gedurende die 1 006 jaar van die "Heilige Romeinse Ryk" het die pousdom keisers aangestel. Die eerste hiervan was keiser Karel, die koning van Duitsland. Hy het die sekulêre staatsmag gemanipuleer om ware Christene en Jode te vernietig. Vandag, met die herlewing van die ou Romeinse ryk, sien ons dat dit deur die Rooms-Katolieke kerk gelei word.

Dit is 'n historiese feit dat die Vatikaan saam met Hitler gewerk het om na die Tweede Wêreldoorlog 'n ontsnaproete vir Nazi oorlogsmisdadigers te voorsien. Die Vatikaanse Bank is gebruik om Nazi goud te stoor en Europa het bekend gestaan as "Die Kasteel van Christendom".

In die laaste dae sal Christenskap deur 'n vermenging van liberale, charismatiese en humanistiese godsdiens gekenmerk word. Die Woord van God, as anker vir die siel, sal verwerp word. Die outoriteit van die geïnspireerde Woord van God sal vervang word met menslike redenasies, sosiale programme, ervaring gedrewe godsdiens en kerklike dogma.




Hierdie grafiese voorstelling van 'n vrou wat op 'n dier ry, het in "Time Magazine" van 9 Desember 1991 in 'n artikel oor die Europese Unie verskyn.

Volgens die "*New Europe 24 Mei 1997*" het die Ekumeniese Patriarg van Konstantinopel (die leier van 250 miljoen Ortodokse kerklidmate) gesê dat die primêre taak van alle kerke is om eenheid in Europa te onderhou en te beskerm.

Samewerking tussen die Ortodokse en Katolieke kerke word ook al hoe meer sigbaar.

### ***Wanneer sal die Antichris geopenbaar word?***

Die tien horings van die vierde dier verwys na tien konings wat *"mag ontvang…een uur lank saam met die dier"* (Openb. 17:12). Die *herleefde* Romeinse ryk sal dus in tien dele verdeel word.

Vyf-en-twintig nasies behoort sedert 2005 aan die Europese Unie en meer sal toegelaat word as daar aan die intreevoorwaardes voldoen word. As die Schengen-verdrag ten volle geïmplementeer is en interne grense van min waarde is, sal daar eindelik 'n verdeling van tien state plaasvind.

Volgens Daniël 9:27 sal die Antichris se koninkryk vir sewe jaar duur. Aanvanklik sal hy as 'n man van vrede voorkom en 'n sewejaar verbond met Israel sluit. Hy sal ook toelaat dat die Jode die tempel herbou (Openb. 11:1,2). Ná die eerste drie-en-'n-half jaar van die Verdrukking, sal hy die verbond van vrede met Israel verbreek en homself as god in die tempel vestig (2 Thess. 2:4). Daarna sal hy poog om gedurende die laaste drie-en-'n-half jaar Israel uit die weg te ruim (Eseg. 39:22).

Die Antichris sal nie kompetisie verdra nie, selfs nie van 'n afvallige Christendom nie, en die tien konings sal hierdie valse kerkstelsel, die hoervrou, met vuur verbrand (Openb. 17:16,17). Die hoervrou kan dus nie die Antichris wees soos die Sewendedagadventiste beweer nie.

Die Antichris sal nie verskyn VOOR **die Wegraping van die Kerk** nie, *"...want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf* (Antichris), *die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is"* (2 Thess. 2:3-4).

Die *"afval"* kan letterlik vertaal word vanaf Grieks as *"**die vertrek**"* en in die konteks verwys dit na die vertrek (Wegraping) van die

Kerk. Paulus herhaal die verklaring: *"En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy* (Antichris) *op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou,* ***uit die weg geruim is****; en* ***dan*** *sal die ongeregtigheid geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak"* (2 Thess. 2:6-8).

Die Antichris sal nie verskyn voor die Kerk weggeraap of weggevoer word nie, maar afvallige Christendom sal nie die groot verdrukking ontvlug nie (Openb. 17:16-17).

***Die Oordeel Van Die Antichris***

Met Christus se tweede koms sal die dier (die Antichris) vernietig word: *"En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het ... Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand"* (Openb. 19:20). Paulus skryf: *"En dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak"* (2 Thess. 2:8).

Daniël verwys na die Antichris as die finale heerser van die Romeinse ryk: *"Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die heerskappy ontneem om dit vir goed te verdelg en te vernietig"* (Dan. 7:26). In Daniël 11:45 lees ons ook: *"En hy sal sy paleistente opslaan tussen die see* (die Middellandse See) *en die berg van die heilige Prag, maar hy sal aan sy einde kom, en DAAR SAL VIR HOM GEEN HELPER WEES NIE"*.

Die tempel in Jerusalem sal nie meer deur die man van sonde beset word nie. Israel sal hulle bekeer en die Messias verwelkom, *"en hulle sal opsien na My* (Christus) *vir wie hulle deurboor het* (op Golgota)" (Sag. 12:10).

Die Tye van die Heidennasies sal dan tot 'n einde kom en Jesus Christus sal Sy ewige heerskappy opneem.

### *Babel en Rome*

**Baie mense bespiegel of Babilon in die laaste dae herbou gaan word**, maar die Woord van God bewys die teendeel (Jer. 50:39).

Verborge Babilon **word egter met Rome geïdentifiseer** en as 'n *"hoervrou"* beskryf (Openb. 17 en 18). Sy is bestem om aan die einde van die groot verdrukking verbrand te word, en verteenwoordig die afvallige Christendom wat deur die valse Roomse kerk gelei word. Die feit dat sy op die dier se rug ry, dui op 'n intieme verhouding tussen haar en die opkomende of herleefde Romeinse ryk.


**Die parlementsgebou van die EU**

Die opkomende Romeinse ryk sal egter aan die einde van die groot verdrukking teen haar draai (Openb. 17:16-17; 18:1-24). Die simboliek van 'n vrou op 'n dier is tans 'n algemeen aanvaarde beeld vir die EU, en die nuwe parlement wat in Strasburg gebou word is soos die toring van Babel ontwerp.

Skilderye van die toring van Babel het as inpirasie vir die ontwerpers van die parlementsgebou gedien. Tekeninge (op volgende bladsy) van Mathieu Merian (1593 – 1650), Peter Bruegal (1525 – 1569) en Abel Grimmer (1604) is geraadpleeg.

'n Slagspreuk van die EU, "baie tale – een stem", dui op die EU se


**Links:** Die toring van die EU met onvoltooide voorkoms - soos die toring van Babel.
**Regs:** 'n Beeld van 'n vrou wat op 'n dier ry staan buite die kantore van die Europese raad.



onbeskaamde identifikasie met antieke Babel – 'n tydperk waartydens die lewende God se opdrag om te versprei, verwerp is.




Die EU het twee parlementshuise - in Brussel en in Strasburg. Die nuwe gebou in Strasburg, geleë aan die Franse kant van Duitsland se grens, is in 1999 geopen en spog met 1 133 kantore en 'n waarde van $400 miljoen (ongeveer R2 880 miljoen).



Talle voorbeelde van die vrou wat op die dier ry kan gevind word, en dien as 'n simbool van 'n nuwe Europese wêreldmag.

Die Bybel dui daarop dat die heidense wêreldmag met Babilon begin het en met die vierde wêreldryk, verborge Babilon, sal eindig.



Daar sal nie 'n vyfde koninkryk wees voordat Christus kom om te regeer nie! Die twaalf sterre op die vlag van die Europese Unie (EU) en die vrou verwys na verborge Babilon – afvallige Christendom (Openb. 17).




Die prente van die vrou wat op 'n dier ry het in "Time Magazine" se artikel oor die EU in Desember 1991 verskyn.




This graphic appeared on the front cover of a book entitled "Europe is Rising"
Courtesy G Rehn








**Onder:** **"**Penguin Books" het dieselfde simbool op die omslag van hul boek *Companion to the European Union* gebruik.




**Regs:** Die beeld van die Maagd van Quito, met die twaalf sterre van Maria op haar kop, staan meer as 200 voet hoog in die stad Quito, Ecuador






### *Waarom 'n Vrou Wat Op 'n Dier Ry?*

Die Bybel sê in Openbaring 17: *"ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier"*. Hierdie beelde verwys na die afvallige Christendom en herleefde Romeinse ryk gedurende die Verdrukking. Die EU het die simbool vir hulself aangeneem, maar hoekom? Die antwoord kan gevind word in Griekse mitologie.

Een van hierdie verhale uit die mitologie lui soos volg. Zeus het **Europa,** die dogter van die koning van Tirus, raakgesien terwyl sy

besig was om blomme te pluk. Hy was so oorweldig deur haar skoonheid dat hy homself in 'n pragtige wit bul verander het om haar te verlei. Nadat hy haar oortuig het om op sy rug te sit, het hy met haar na die eiland van Kreta geswem. Met hul aankoms het hy sy ware identiteit bekend gemaak, Europa as vrou geneem en haar as die koningin van Kreta gekroon. Europa het na bewering drie seuns vir Zeus in die lewe gebring: Minos, Sarpedon en Rhadamanthos. Die mite verklaar ook dat haar broers gestuur is om haar te vind, maar nooit teruggekeer het nie.



**"Die ontvoering van Europa" - deur Antonio Carracci 1583-1618**


Een van die prente van 'n vrou wat op 'n houtdier ry, sinspeel op die geskiedenis toe in ongeveer 1200 v.C., gedurende die Trojaanse oorlog, die Grieke die "houtperd van Troje" gebou het om toegang tot die stad te verkry. Zeus het na bewering aan die kant van die Grieke geveg, en sedertdien sien ons die skets in die "*Time Magazine*" wat 'n vrou op 'n houtdier uitbeeld. Hierdie simbool is dus reeds vroeg in heidense godsdiens te vinde.

Die simbool van 'n vrou wat op 'n houtdier ry, was dus goed in die heidense godsdienstige gedagtes gevestig. Die Bybel, die geopenbaarde Woord van God, gebruik hierdie simbole om die mees godslasterlike van alle godsdienste, die afvallige Christendom, as 'n hoervrou wat op 'n dier ry te beskryf.

Verborge Babilon die Grote is die "verborgenheid van die ongeregtigheid", wat reeds aan die werk is om die Antichris op die troon van die herleefde Romeinse ryk en die hele wêreld te plaas (2 Thess. 2:6-7), net soos die Bybel ons leer.

# DEEL 4


# *Die Heidense Alliansies en Israel se Bekering*




*"En die huis van Israel sal weet*
*dat Ek die HERE hulle God is, van dié dag af en verder."* (Eseg. 39:22)

### *Die Heidense Alliansies Gedurende "Jakob se Benoudheid"*

Al die profesieë oor die laaste dae dui op 'n universele oorlog wat gedurende die komende Verdrukking sal plaasvind. Die Ou-Testamentiese profete verwys na hierdie tydperk as die "*dag van die Here*". Esegiël, Joël en Daniël maak melding van 'n groot aanval wat vanuit 'n noordelike rigting teen Israel sal kom.





**'n Voorstelling van die fases van Christus se koms**

Hierdie inval sal deur Gog uitgevoer word. Hierdie hewige vervolging van Israel gedurende die Verdrukking, word deur Jeremia as "*'n tyd van benoudheid vir Jakob*" beskryf: *"want kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander, sê die Here; en Ek sal hulle* ***terugbring in die land*** *wat Ek aan hulle vaders gegee het, en hulle sal dit in besit neem ... Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is* ***'n tyd van benoudheid vir Jakob****; maar hy sal daaruit verlos word" (Jer. 30:3,7).*

Esegiël en Joël gee besonderhede oor die aandeel wat die Russiese inval moontlik op Israel sal hê. Daar is geleerde mense wat glo dat hierdie inval daartoe kan lei dat God se volk tot bekering kom, en beide hierdie profete doen 'n sterk beroep op die volk om te bekeer.

Joël beskryf die **laaste stadium** van die "*dag van die Here*" as 'n tydperk waartydens ALLE NASIES na Jerusalem sal optrek. Dit beteken dus dat die noordelike inval voor die oorlog van Armageddon sal plaasvind (Joël 3).

Dr. John R. Ecob verklaar soos volg: "Die voorkennis van God, die Almagtige, vertel ons wat die gevolg sal wees van 'n inval



Die Twee Oorloë
Wegraping van die Kerk
Heidense alliansie
Iran-Turkye-Libië-Soedan
"Die Noordelike Weermag"
Alle nasies
Versamel by Armageddon insluitende die konings van die Ooste
Die tweede koms van Christus
Joël 2
Eseg. 38 & 39
Joël 3
Sagaria 14
Openbaring 19
Israel se kastyding en bekering
Die oordeel oor die Heidene

deur 'n alliansie van heidennasies by die oorlog van Armageddon. Die Russiese inval sal tot Israel se bekering lei. *"En die huis van Israel sal weet dat Ek die Here hulle God is, van* ***dié dag af en verder****"* (Eseg. 39:22).

Die slag van Armageddon sal Israel red van hulle vyand, die Antichris, asook die nasies oordeel en Christus se Vrederyk inlei. *"Kyk, daar kom 'n dag vir die Here ... Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem ... En die Here sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd ... En die Here sal Koning wees oor die hele aarde ... en Jerusalem sal in veiligheid woon"* (Sag. 14:1-11).

***Die Nasies wat Israel sal Binneval***

Esegiël profeteer oor 'n hewige inval op Israel en bied besonderhede van die soldate en die onafwendbare gevolge van die inval. 'n Bondgenootskap van magte sal deur *Gog* gelei word, *"die land van Magog, die prins van Ros, Meseg en Tubal"*. Die naam "Ros" in Eseg. 38:2 beteken "vors" (Eseg. 38:2-3). Die naam *"Gog"* is in alle waarskynlikheid 'n titel, soos president of farao, wat aan 'n individu gegee is. Die lande wat hy (Gog) geregeer het, is Magog, Mesag en Tubal. Josephus, die eerste eeuse Joodse geskiedkundige, skryf: "…**die Grieke het destyds na Magogiete**




**Die verspreiding van mense na die vloed**

**verwys as Skithiërs"** (*Antiquities*, Book I Ch VI).

Skithië, die land van Magog, word as die hedendaagse Rusland en Oekraïne geïdentifiseer. J.B. Bury se '*History of Greece'* (bl. 234) verklaar: **"Stamme noord van Donau** (Walasië en Moldawië) het algemeen onder Grieke as die Skithiërs bekend gestaan. Philips se '*World History – People, Dates and Events'* (bl. 16) verklaar: "Skithiërs afkomstig van **die steppe**, het die Midde-Ooste in 650 v.C. binnegeval".

Halley se *'Bible Handbook'* (bl. 310) haal Rawlinson soos volg aan: "Groot getalle Skithiërs het ongeveer 626 v.C. die ryk vlaktes van die suide oortrek." Die '*Oxford Encyclopedia of World History*' beskryf Skithiërs as "'n groep van Indo-Europese stamme wat 'n deel van Klein-Asië in die sewende eeu v.C. beset het. Hulle is kort voor lank deur die Mediërs verdryf en het hulself op die ou einde in die **suide van Rusland gevestig**...". Die Skithiërs is **die nageslag van Magog**. Moskou en Tobolsk het waarskynlik hul name aan Meseg en Tubal te danke. Assiriese inskripsies dui ook daarop dat die heerskappy van Sargon, die koning van Assirië, sover as "Muski" gestrek het. Daar word ook verskeie kere verwys na "Mita, koning van die Moskowiete" ('*New Biblical Guide'* Urquhart vol. II bl. 416).

Dit is van belang dat Gog saam met sekere mensegroepe ook in Esegiël volgens stamname van herkoms geïdentifiseer word: ***"Perse, Kusiete en Putéërs**, saam met hulle, almal met skild en helm; **Gomer en al sy leërs, die huis van Togarma**, in die uithoeke van die Noorde, en al sy leërs – baie volke saam met jou"* (Eseg. 38:5-7). Sekere mense glo dat Gog 'n individuele karakter is of dat Gog, soos in die bostaande verklaring, 'n mensegroep is. (Die verskil tussen hierdie twee opinies is nie belangrik vir 'n goeie begrip van die onderwerp nie.)

Al die nasies van die wêreld spruit voort vanuit die nageslag van Sem, Gam en Jafet (Gen. 10). In breë trekke:

a) Die seuns van Jafet vestig hulself in die Noorde en Weste.

b) Die seuns van Sem vestig hulself in die Ooste (Abraham is 'n afstammeling van Sem).
c) Die Seuns van Gam vestig hulself in Kanaän, Egipte en Afrika.

Baie van die name wat in Genesis 10 voorkom, verskyn in die antieke historiese rekords van Herodotus (sterf in 242 v.C.), Josephus (eerste eeu n.C.) en so meer. Volgens hierdie antieke historiese bronne is dit duidelik dat Magog, Meseg, Tubal, Gomer, die huis van Togarma, Skeba en Dedan geleë was soos die vorige kaart aantoon, en mettertyd verder versprei het.


**Gomer** word in Genesis 10:2-3 as die eerste seun van Jafet genoem. Hy het drie seuns gehad - Askenas, Rifat en **Togarma**. Duitse Jode staan as "Ashkenazi Jode" bekend, en Gomer en Togarma het beide aan die "*uithoeke van die noorde*" gewoon (Eseg. 38:6). **Togarma het gevestig in Armenië, bekend as Oos-Turkye**. Gomer en Togarma het die gebied beset wat as die hedendaagse Turkye bekend staan, en rondom die Swart See versprei.

Persië (Iran) is bo aan die lys van lande wat hulself met Rusland verenig het. Ethiopië, bekend as Kus gedurende Bybelse tye, verteenwoordig die Afrikane suid van die Egiptiese grens (Soedan). Libië verteenwoordig die Noord-Afrika mensegroepe wat ondanks hul oorwegend Moslemse kultuur ook verskillende etniese oorspronge vanuit Arabië het. Vandag is hulle Moslem nasies.

### *Wanneer sal Israel binnegeval word?*

Bybelse profesieë in verband met die inval op Israel is baie duidelik. Volgens die profesieë is daar vier aanduidings oor **wanneer** dit sal plaasvind:

1. Gedurende die "*laaste dae*".
2. Gedurende "*die dag van die Here*" (die Verdrukking).
3. Nadat Israel teruggekeer het na hul land en 'n sterk militêre mag


VOLG DIE FAMILIES VAN DIE STAMME
Gen. 10 - (na die vloed 2485v.C.)
Tubal
Meseg
Magog(Skithiërs)
Gomer
Askenas
Jafet se nageslag
Togarma
Jawan
Kittiërs
Dodaniete
Kaftoriete
Ludiete
Sidon
Tiras
Asser
Peleg
Nimrod
Kanaan
Dedan
Elam
Sem se nageslag
Joktan
Hawila
Ofir
Skeba
Raéma
Misraim
Patrusiete
Put
Kus
Gam se nageslag
Na Noord-Amerika
Na NS en Australië
Na Suid-Amerika

opgebou het.
4. As die nasies van Skeba en Dedan hulself met Tarsis en sy jong leeus identifiseer.

### *(1) Die "Laaste Dae"*

Hierdie inval op Israel vanaf die noorde moet nie met ander invalle verwar word nie. Die Assiriërs het lank voor Esegiël se geboorte reeds op die voorgrond verskyn, en die laaste drie Babiloniese invalle het plaasgevind 'n jaar voor die profesie uitgespreek is.

Vorige oorloë sluit groepe soos die Grieke, Romeine, Arabiere, Ottomaanse Turke en die kruistogte in, maar nie een hiervan stem ooreen met die beskrywing van die gebeurtenis in Esegiël 38 en 39 nie. Die inval wat in Esegiël beskryf word, sal in die *"laaste dae"* plaasvind. Hy sê: *"aan die **einde van die jare** sal jy 'n land intrek ... op die berge van Israel ... en jy sal optrek teen my volk Israel soos 'n wolk om die land te oordek. Aan die **einde van die dae** sal dit wees"* (Eseg. 38:8,16).

### *(2) Die "Dag van die HERE"*

Joël plaas hierdie bogenoemde inval tydens die "dag van die Here". Die "dag van die Here" staan ook as die Verdrukking bekend. Daarna kom Christus om as Koning van die konings in Sy Vrederyk te regeer. Joël verklaar: *"want die **dag van die Here** kom, … wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die eerste geslagte nie"* (Joël 2:1-2).

### *(3) Na Israel se terugkeer*

Nadat Israel die Messias verwerp het, het hulle hulself onder die tugtigende hand van God geplaas en derhalwe die oordele van die Palestynse verbond (Deut. 28-30) oor hulself gebring. Die Romeine het Jerusalem in 70 n.C. vernietig en die Joodse volk is regoor die wêreld verstrooi. Die Jode het vir ongeveer 1 900 jaar geen nasionale tuiste gehad nie. Hulle het hulself egter in 1948 as 'n nasie verklaar en in die land van hul herkoms hervestig.

Israel het sedert 1948 beide sy bevolking en grense uitgebrei. In 2001 was daar 5.2 miljoen **Jode,** en Israel kan spog met 'n onverbeterlike verdedigingsmag wat deur 'n hoë tegnologiese verdedigingsindustrie ondersteun word.

Die Skrif sê vir ons dat die Antichris ná die Wegraping vir sewe jaar 'n verbond *"met baie"* sal bevestig, en Israel is ongetwyfeld deel hiervan. Esegiël sê die volgende in verband met Gog: *"Ek sal optrek teen die land wat ooplê, ek sal kom by rustige mense **wat in veiligheid woon** ... en teen 'n volk wat **uit die nasies versamel is**, wat vee en goed verwerf het, wat op die middelpunt van die aarde woon"* (Eseg. 38:11-12). *"Daarom, profeteer, o mensekind, en sê aan Gog: so spreek die Here HERE: Sal jy dit nie opmerk in dié dag as my volk Israel **veilig woon** nie?"* (Eseg. 38:14).

### *(4) As die Arabiese Skiereiland hulself met die VSA identifiseer*

Die vooruitgang van die moderne industrie gedurende die twintigste eeu is onomwonde gekoppel aan die voorsiening van groot hoeveelhede olie. Duitsland het die Eerste Wêreldoorlog verloor omdat hulle nie beheer oor die olievelde van Baku kon kry nie.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog kon Duitsland weereens nie daarin slaag om olievoorrade te bekom nie. Nadat haar sintetiese olievelde gebombardeer is, het alles tot 'n stilstand gekom. Japan se oorlogsmag het ook tot 'n stilstand gekom toe die VSA se duikbote Japannese olietenkskepe gekelder het.

Industriële lande is hoogs afhanklik van olie vir vervoer en bedryfstelsels. Ongeveer 66% van die wêreld se bekendste olie- en natuurlike gasbronne is in die Midde-Ooste geleë. Westerse oliemaatskappye het leiding geneem met die ontginning van olie en gas. Dit het gelei tot 'n sterk verbinding tussen die Weste en die ses Arabiese state in die Persiese Golf. Koeweit, Bahrein, Qatar, die Verenigde Arabiese Emirate, Saoedi-Arabië en Oman het elkeen sterk bande met die VSA, insluitende militêre

ooreenkomste en waarborge om verdediging teen Irak en Iran te verseker.

Operasie "Desert Storm" (1991) is 'n bewys van die Weste se vasberadenheid om hul olie- en gasbelange in die Persiese Golf te beskerm.


Die Bybel verklaar dat *"Skeba en Dedan en die koopmans van Tarsis en al sy jong leeus"* die leërs van die heidennasies sal teenstaan wanneer Israel binnegeval word. Hulle sal sê: *"Kom jy om buit te maak? Het jy jou menigte bymekaar laat kom om roof te rowe? Om silwer en goud weg te dra, om vee en goed weg te neem, om 'n groot buit te maak?"* (Eseg. 38:13).

**Skeba en Dedan, die Arabiese Skiereiland**

Die Arabiese skiereiland se bevolking is ongetwyfeld die afstammelinge van Skeba en Dedan (Gen. 10:7; 25:3). Die nageslagte van Abraham, Hagar en Ketura is *"na die ooste van die land"* gestuur voor Abraham se dood, sodat daar nie gestry sou word oor die land wat God aan Isak as 'n ewige erfenis gegee het nie. Die Skrif toon ook aan dat die seuns van Abraham by sy byvroue suidwaarts oor die hele lengte van die Arabiese skiereiland versprei het. Dit is een van die geslagslyne waaruit die Arabiese mensegroepe kom.


Die Arabiere het ook van Heber se seun **Joktan**, die broer van **Peleg,** afgestam. Waarom was dit vir God belangrik om vir ons die name van Joktan se dertien seuns te gee as die goddelike lyn in elk geval deur Peleg na Abram, Isak en Israel sou gaan? Dr. John Ecob gee sy verklaring: *"dat hulle die Arabiese skiereiland moes beset en dat hulle deur God gebruik sal word om die nasie van Israel in die laaste dae tot bekering te bring. Hulle was ook deel van die beloftes wat God 250 jaar later aan Abraham gemaak het".*

Abraham het die seuns van Hagar en Ketura *"weggestuur van Isak ...na die ooste"* (Gen. 25:6) om by hul neefs, die nageslag van Eber


Die Stamboom van die Arabiere
SEM
Elam (Persiërs)
Assur (Assiriërs)
Arpagsad
Selag
HEBER (Hebreërs)
Lud (Lidiërs in Klein-Asië)
Aram (Oorspronklik Siriërs)
PELEG
Rehu
Seru
Nahor
Tera
ABRAM
(Sara)
ISAK
Esau (Edom)
Jakob (Israel)
Ismael (Hagar)
(Ketúra)
Simran
Joksan
Skeba
Dedan
Medan
Midian
Efa
Efer
Henog
Abída
Éldaä
Jisbak
Suag
JOKTAN
Almódad
Selef
Hasarmáwet
Jerag
Hadóram
Usal
Dikla
Obal
Abímael
Skeba
Ofir
Háwila
Jobab
(13 seuns van Joktan)
Die Arabiese nasies
Die seuns van Abraham se byvroue. Gen 25:1-6
Die 13 seuns van Joktan die seun van Heber. Gen 10:26-30
Persiese Golf
Rooi See

en Joktan, aan te sluit. Volgens *'Unger's Bible Dictioary'* het al dertien seuns van Joktan stamhoofde geword en hulself in Arabië gevestig. Háwila was een van hulle, en Moses beskryf die landstreek wat na hom vernoem is soos volg: *"waar die goud is. En die goud van die land is goed"* (Gen. 2:11-12). Hy sê ook: *"Daar is balsemgom en onikssteen"* (Gen. 2:12).

Die Ofir-goudvelde, ook na een van Joktan se seuns vernoem, is in Suid-Arabië geleë en staan tans as Jemen bekend. Salomo en Hiram se knegte het skepe na Ofir se goudvelde gestuur om 450 talente goud vir die tempel te gaan haal (2 Kron. 8:18). Joktan het 'n seun en Abraham het 'n kleinseun met die naam van Skeba gehad, en argeoloë kan bevestig dat die koninkryk van Skeba, naamlik die Sabeërs wat Job se osse geneem het (Job 1:15), goed in Arabië gevestig was.




**'n Kaart wat die verspreiding van die Arabiese stamme aantoon**

Ons leer ook dat die koningin van Skeba, wat deur Jesus as "*die koningin van die suide"* (Matt. 12:42) beskryf word, met kamele en 'n groot gevolg na Jerusalem gegaan het om Salomo se rykdom en wysheid te aanskou. Sy het *"speserye en goud in menigte en*

*edelgesteentes"* saamgeneem (2 Kron. 9:1).

Ons kan met veiligheid sê dat die seuns van Abraham en Hagar oor die afgelope 4 000 jaar met die nageslag van Joktan vermeng het, en die Arabiese volk gevorm het. Jeremia verwys na die *"konings van Arabië, en al die konings van die **gemengde bevolking** wat in die woestyn woon"* (Jer. 25:24). Die sekulêre geskiedenis van die Arabiere, soos in die eerste eeu opgeteken is deur die geskiedskrywer Josephus sowel as Griekse en Romeinse geskiedkundiges, beskryf die oorspronklike inwoners van Arabië soos volg: *"hoofsaaklik nomadiese mense wat in tente gewoon het en geweier het om betrokke te raak by landbou of die bou van stede. Daar is dus min rekords van hulle"* (direkte vertaling).

Die Regabiete (Jeremia 35) is waarskynlik Arabiere weens die feit dat hulle getrou gebly het aan die bevel wat hulle van hul vader Jónadab ontvang het: *"Julle mag geen wyn drink, julle en julle kinders tot in ewigheid nie. Ook mag julle geen huis bou of saad saai of wingerd plant of dit besit nie, maar julle moet in tente woon al julle dae, sodat julle baie dae mag lewe in die land waar julle as vreemdelinge vertoef"* (Jer. 35:6,7).

Dit lyk asof drie tipes Arabiese groepe die koninkryk van Nabu opgemaak en as Nabateërs bekend gestaan het. Hulle was almal handelaars gewees. In die suide van Arabië was die koninkryk van Skeba (Sabeërs) wat sover as China en Indië met speserye, wierook, mirre, diere, ivoor, pêrels, katoen, gemmer, kaneel, suiker, medisyne, goud en sy handelgedryf het (Eseg. 27:20-22). Die seevarende Nabateërs was bekend op die Rooi See as seerowers en plunderaars. Die woestynbewonende Nabateërs het ingevoerde goedere met kamele noordwaarts na die westerse markte van Tirus geneem, waar dit na Griekeland en Rome verskeep is (Eseg. 27:20-22).

Die noordelike Nabateërs het hulself in Edom gevestig (586 v.C.) nadat Nebukadnésar se leërs, soos deur Esegiël voorspel

(Eseg. 25:12-14), verwoesting gesaai het. Die Nabateërs het die Edomiete se plek ingeneem en 'n stad (Rekem/Rekmu), wat uit rots gekap is, opgerig. Dit is later jare deur die Romeine na Petra hernoem, en het bekendheid verwerf as 'n handelstad. Die nou ingang van 'n paar meter breed strek vir meer as 'n kilometer ver en selfs antieke Chinese geskrifte maak melding daarvan.

Die voorgeslagte van die Nabateërs is afstammelinge van Sem en het die ware God geken. Moses se skoonpa was 'n priester in Midian, en rekords dui daarop dat die Arabiese stamme oorspronklik geregeer is deur priester-konings, net soos Melgisedek 'n priester-koning was. Die koningin van Skeba het God erken. Sy het aan Salomo gesê: *"**Geloofd sy die Here u God** wat behae gehad het om u op die troon van Israel te laat sit!"*
(1 Kon. 10:9).

Deur die eeue heen het die waarheid van God onder die Arabiese mensegroepe weggekwyn. Mohammed se valse boodskap en militaristiese aanslag het dus spoedig steun gewerf.

Arabiese leërs het teen 638 n.C. Jerusalem beset en hulself daarop toegespits om die Midde-Ooste en Noord-Afrika in te neem. In 711 n.C. het hulle Spanje bereik, en is eers in 1492 n.C. finaal uitgedryf. Die Moslem kultuur het die Arabiere van woestynnomades in stadsbewoners omskep.

Vroeg in die twintigste eeu het Arabiere in Arabië teen die Ottoman Turkse heersers opgestaan en aanspraak gemaak op Palestina. Die land oos van die Jordaanrivier, Sirië, Egipte en Saoedi-Arabië is na die Eerste Wêreldoorlog aan hulle gegee. Die land wes van die Jordaan is verdeel en Israel het sy onafhanklikheid in 1948 verklaar.

Uit die geskiedenis is dit duidelik dat daar nooit 'n Palestynse nasie was nie. Arabiese heersers het gekom en gegaan en vanaf Damaskus, Bagdad, Riad en Kaïro geregeer, maar nooit vanaf

Jerusalem nie.

Die koningin van Skeba het met kamele gekom om die wysheid van Salomo te sien, en ons Here het haar die *"koningin van die suide"* genoem (Matt. 12:42). Argeologiese bewyse verklaar die ontdekking van 'n steenmuur met die name van almal wat oor die koninkryk van Skeba geregeer het, insluitende 'n aantal koninginne. Die bewyse is noordoos van Jemen (Suidwes-Arabië) gevind - bekend as die Mahram Bilquis - *"die koningin van Skeba se plek"* (*'Time Magazine'*, 10 September 2001). Ons weet dat die Midianiete langs die noordwestelike kus van die Arabiese skiereiland gebly het en die nageslag van Abraham en Ketura is.

Gedurende die sewende en agtste eeue van die Christentydperk het Islam die hele Midde-Ooste verower en vorige inwoners verdryf. Dit beteken dat talle inwoners van Irak, Sirië, Jordanië, Egipte en "Palestina" van Abraham afstam, en etnies gesproke Arabiere is.

### *Die Handelaars van Tarsis en die Jong Leeus*

Die *"handelaars van Tarsis"* en hul *"jong leeus"* is uitspruitsels van Brittanje. Herodotus, die Griekse geskiedkundige, skryf dat Tarsis **agter die Pilare van Hercules** lê - groot rotse weerskante van die Straat van Gibraltar wat na die Atlantiese Oseaan lei.

Genesis 10:4-5 verklaar dat Tarsis een van die seuns van Jawan ('n kleinseun van Jafet) is en aan wie God *"die eilande van die Heidene"* gegee het. Die Skrif verwys ongeveer tien keer na die *"**skepe** van Tarsis"* (bv. Jes. 2:16; 23:1,14; 60:9; Eseg. 27:25). Ongeveer 2 500 jaar gelede het Esegiël oor die groot handelsentrum van Tirus geskryf. Hulle het met tin handel gedryf wat uit Tarsis gebring is: *"Tarsis het handel gedrywe met jou weens die menigte van allerhande goed: silwer, yster, **tin** en lood het hulle as handelsartikels aan jou gelewer"* (Eseg. 27:12).


Die naam Brittanje is afgelei van die Fenisiese naam "Baratanic"

wat "land van tin" beteken. Aristoteles verwys in 350 v.C. daarna as Brittanika. Die *'New Twentieth Century Encyclopaedia'* toon aan dat Cornwallis die bron van tin gedurende die antieke tydperk was.




Die '*Independent International*' (19 Augustus 1997) verklaar as volg: *"Tinontginning in Cornwallis word na 2 500 jaar tot 'n einde gebring. Die laaste oorblywende tinmyn in Brittanje en Europa het Donderdag aangekondig dat hulle sal sluit - met die verlies van 270 poste."*

Die verslag wys ook daarop dat Cornwallis gedurende die negentiende eeu gespog het met 400 myne en 30 000 werknemers. Die *"handelaars van Tarsis en die jong leeus"* word verbind met die Anglo-Saksiese mensegroepe, insluitende die VSA en hul "seevarende mag". Die Amerikaanse vloot is tans




**'n Uitleg van die nageslag van Noag**

verantwoordelik vir die patrollering van die Persiese Golf en die beskerming van Skeba en Dedan.

Dawid se gebed vir sy seun Salomo, wat profeties is van Christus, koppel Skeba aan Tarsis en dui daarop dat beide gedurende die duisendjarige Vrederyk geseën sal word. *"Die konings van* ***Tarsis en van die eilande*** *sal geskenke aanbied, die konings van* ***Skeba en Seba*** *belasting aanbring. Ja, al die konings sal hulle voor hom buig, al die nasies sal hom dien"* (Ps. 72:10-11).

Is dit bloot toevallig dat Saoedi-Arabië, die antieke koninkryk van Skeba, met die **jong leeus** van antieke Tarsis verbind is? Midde-Oosterse politici het verseker dat Arabiese olie-sjeiks afhanklik moet wees van die Weste se beskerming teen aggressiewe buurlande.

### *'n Noordelike Inval*

Beide profete, Esegiël en Joël, verwys na hierdie inval vanaf die noorde. Joël sê: *"Ja, Ek sal die sprinkaanswerm, uit die* ***noorde afkomstig****, van julle af wegjaag en dit wegdrywe na 'n dor en woeste land..."* (Joël 2:20).





**'n Kaart wat die noordelike ligging van Rusland aandui**

Esegiël sê: *"Dan sal jy kom uit jou woonplek, uit die agterhoeke van die* ***noorde*** *... En Ek sal jou weglok en jou lei en jou laat optrek uit die agterhoeke van die* ***noorde*** *en jou laat kom op die berge van Israel"* (Eseg. 38:15; 39:2).


Een van die nasies wat met Rusland verenig sal word, word in Esegiël 38:6 as *"die huis van Togarma, in die* ***uithoeke van die noorde****"* beskryf. Togarma is die

antieke naam vir stamme wat na Klein-Asië, bekend as Turkye, gemigreer het. Die geografiese noorde van Jerusalem loop deur die hart van Turkye, oor die Swart See en deur die Oekraïne en Rusland. Beide die Oekraïne en Turkye word as lede van hierdie toekomstige bondgenootskap geïdentifiseer. Die oorspronklike Hebreeuse teks is meer spesifiek as ons Afrikaanse vertaling, en dra die gedagte van "***verre** noorde*" of die "***verste** noord*" oor. Dit beteken dat die profesie nie na Israel se naaste bure Libanon, Sirië of Irak verwys nie.




### *Die Omsingeling van Israel*

Israel bevind hulself in 'n uiters kwesbare posisie. Die kaart van die Midde-Ooste dui aan dat Israel deur twee kringe vyandige nasies omsingel word. Die **binneste kring** bestaan uit Libanon, Irak, Sirië, Jordanië en Egipte ('n bevolking van 100 miljoen mense). Die **buitenste kring** bestaan uit Turkye, Iran, Soedan en Libië ('n bevolking van 200 miljoen). Die bevolking sal tot 425 miljoen mense styg as Rusland, die Oekraïne en die state van die Kaukasiërs bygevoeg word – dit in teenstelling met Israel se 5.4 miljoen **Jode**.



### *Die Opkoms van Heidense Fundamentalisme 1979*

Die voorbereiding vir die finale inval op Israel het reeds begin met die val van die sjah van Persië, en die opkoms van Islamitiese fundamentalisme as 'n politieke mag. 'n Nuwe era van revolusie is onder leiding van die Ayatollah Khomeini begin, slegs 'n jaar nadat Israel en Egipte 'n vredesverdrag onderteken het (1978). Sedert 1979 het die wêreld die gewelddadigheid van Islamitiese fundamentalisme, volgens hul driepunt program, sien groei.





1) Die oorname van gematigde Islamitiese regerings.
2) Die destabilisasie van Westerse nasies.
3) Die vernietiging van die Staat van Israel.

In 2003 was daar meer as 1 biljoen Moslems, een sesde van die wêreldbevolking, en hulle invloed strek oor Noord-Afrika tot in Soedan, Tsjad, Niger en Nigerië. Indonesië, Maleisië, Sentraal-Asië en die Midde-Ooste is ook Moslem. Islam versprei in die weste van China en daar is tans twintig miljoen Moslems in Rusland.

### *Die Val van die Sowjet-Unie in 1989*

In 1917 het die Bolsjewistiese revolusie tsaar Nicholas II onttroon, en sewentig jaar van kommunisme ingelei. Na die Tweede Wêreldoorlog het 'n periode van konfrontasie ontstaan tussen internasionale kommunisme - gelei deur die Sowjet-Unie en die Weste. In 1961 is die Berlynse muur opgerig en het die bedreiging van 'n kernaanval al hoe nader gekruip. In 1949 is die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) gevestig om die militêre bedreiging van die Unie van Sosialistiese Sowjet-Republieke (USSR of Rusland) af te weer.




**'n Kaart wat die teenkanting teen die Russiese bedreiging aandui**

In 1955 reageer Rusland (USSR) daarop deur 'n militêre alliansie met Oos-Europese lande te vorm (Warschau-verdrag). Om die verspreiding van kommunisme in die olieryke Midde-Ooste te voorkom, vestig die Weste 'n verdedigingsmag wat al langs die suidelike grens van Rusland (USSR) gevestig is. Die Bagdad-verdrag (1955) en die Sentraal-Asiatiese Verdragsorganisasie (SAVO, 1958) het daartoe gelei dat Turkye, Iran en Pakistan deur die Weste beleër is. Die USSR is gevolglik toegang tot die Indiese Oseaan en Midde-Oosterse oliebronne geweier.

Die SAVO verdedigingsmag, langs die suidelike front van die USSR, is na die val van die sjah van Persië en die opkoms van militante fundamentalisme verbreek. Die USSR het op hierdie tydstip egter genoeg probleme van sy eie gehad, wat nege jaar later tot sy eie ondergang gelei het. Gedurende die jaar van 1989 vind die mees verstommende gebeurtenisse plaas. Nasies wat deel van die Warschau-verdrag is, breek een na die ander weg van USSR se beheer. Die volgende het plaasgevind:

| | | |
|---|---|---|
| **Pole:** | **16 April** | Die verbod op die Solidariteitsbeweging, gekant teen kommunisme, word opgehef. |
| | **5 Junie** | Die Solidariteitsbeweging wen die verkiesing. |
| | **24 Augustus** | 'n Nie-kommunistiese eerste minister word verkies. |
| **Hongarye** | **11 September** | Die grens met Oostenryk word geopen. |
| | **10 Oktober** | Die Hongaarse kommunistiese party verdwyn. |
| **Oos-Duitsland** | **18 Oktober** | Die kommunistiese leier bedank. |
| | **7 November** | Die kommunistiese kabinet bedank. |
| | **9 November** | Die Berlynse muur word afgebreek. |
| **Bulgarye** | **10 November** | Die kommunistiese leier bedank en word vervang. |
| **Tsjeggo-Slowakye** | **24 November** | Die Politburo (Politieke Buro) bedank en Alexander Debechek, voorheen verban, keer terug. |
| **Roemenië** | **22 Desember** | Die ongewilde Nicolae Ceausescu word uit die weg geruim en op Kersdag tereggestel. |

Gedurende die volgende twee jaar is daar meer veranderinge: Oos- en Wes-Duitsland word verenig (1990), Boris Yeltsin bedank uit die Kommunistiese Party, en die USSR, die Warschau-verdrag en ekonomiese alliansies ontbind (1991). Na die disintegrasie van die USSR is die Statebond van Onafhanklike State gevorm en sluit alle vorige republieke, behalwe Georgië, in.

### *Hoekom het Rusland geval?*

Kommunisme is ateïsties en vereis van jou om geloof in God te verwerp. So 'n houding het die USSR onder die oordeel van God geplaas.

Die Bybel sê: *"Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God ..."* (Ps. 14:1) en *"Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die Here en teen Sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle"* (Ps. 2:1-4).

Teen 1990 was Rusland se ekonomie aan flarde en die einde van 'n bewind aangekondig. Werknemers het maande vir hul salarisse gewag. Daar is egter nog 'n rede vir die val van Rusland. Die Bybel verklaar dat Israeliete terug moes keer na die land wat God aan Abraham en sy saad gegee het. Miljoene Jode was egter steeds agter die "ystergordyn" toegesluit. God sê aan Israel: *"Ek sal jou geslag van die ooste af aanbring en jou versamel van die weste af. Ek* ***sal sê aan die noorde: Gee****! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die aarde af"* (Jes. 43:5-6). Aan die einde van die Sowjet-Unie se heerskappy het ongeveer 'n miljoen Russiese Jode na Israel teruggekeer.

### *Die Weermag van die Heidennasies is Gehaak!*

In Esegiël 38:4 sê God vir Gog, die prins van Ros, Mesag en Tubal, *"En Ek sal jou weglok en* ***hake in jou kakebene sit*** *en jou laat uittrek en jou hele leër...".*

Hierdie weermag se omstandighede noodsaak hulle om saam met ander nasies teen Israel te staan. Die Europese Unie versamel egter alle Katolieke, Ortodokse en Protestantse nasies, aan die weste van Rusland, om 'n Verenigde State van Europa te vorm. Op Rusland se suidelike grens voorsien ander heidense nasies, vanaf Pakistan tot Soedan, 'n ontwikkelende mark van ongeveer 400 miljoen mense. Rusland se ekonomiese

toekoms is geografies tot die suidelike nasies verbind. Hulle deel meeste van die wêreld se olie en natuurlike gasbronne.

Nasies wat deel gevorm het van die Warschau-verdrag skaar hulself tans by die EU en NAVO. Die deur na die Weste is gevolglik vir Rusland gesluit. Israel word deur Amerika ondersteun en vorm ook deel van die EU. Dit is daarom logies dat Rusland se buitelandse beleid pro-Arabies sal wees.

### *Maak Gereed!*

Die voorbereiding vir die finale slag tussen Gog en Israel is volgens dr. Ecob die verantwoordelikheid van Rusland en so deur God bepaal: *"Hou jou reg en maak jou klaar, jy en al jou menigtes wat by jou vergader het; en **wees vir hulle 'n leidsman**"* (Eseg. 38:7).

Israel het ongetwyfeld 'n tegnologiese voorsprong in terme van oorlogvoering. Alhoewel daar minder as ses miljoen **Jode** (2004) in Israel is, beskik hulle oor kernwapens, satelliet bewakingstelsels, gesofistikeerde laserwapens, bestuurstelsels en 'n lugmag wat deur ander lande beny word. Israel vervaardig en verkoop ook wapens aan die res van die wêreld.

As heidense nasies Israel wil aanval, sal moderne wapens noodsaaklik wees. Sonder ondersteuning van buite is die kans egter skraal om enige sukses teen Israel te behaal. Daar is dus reeds by Rusland om hulp aangeklop.

Die *'Guardian Weekly'* van 24 Mei 1998 en die *'Jerusalem Post'* van 30 Mei 1998 het beide berig gegee van planne om 'n Russiese missiellanseerder, met 'n gesofistikeerde radarstelsel, in Sirië op te rig. Hierdie radarstelsel dek 'n radius van 320km en beskik oor die vermoë om alle lugvaart- en missielbewegings vanaf Turkye tot en met Egipte te monitor en af te weer. Die verslag lui soos volg: *"…Brittanje en die Verenigde State vrees dat Moskou in staat sal wees om vertroulike informasie in die hande te kry…".*

Daarbenewens het Rusland ook vir Iran bygestaan om ‘n kernkragaanleg ter waarde van $1 biljoen op te rig. Rusland en Iran het ook saamgewerk om missiele te ontwikkel wat Israel sal kan bereik. Suksesvolle toetse is reeds in 2004 uitgevoer.

Intelligensieverslae dui daarop dat Rusland hul samewerking bied op voorwaarde dat die Islamitiese revolusie nie haar grense bereik nie. Ander verslae toon aan dat Iran ná die ontbinding van die USSR reeds ‘n aantal kernwapens van Kazakhstan aangekoop het.

Iran is sedert 1997 betrokke by oorlogsoefeninge – 200 000 troepe het 'n afstand gelykstaande aan die afstand tussen Iran en Israel afgelê. Die kodenaam van die projek was: *“Die pad na Jerusalem!”.* In Rusland is daar ‘n groeiende nasionalistiese beweging wat ‘n sterk anti-Semitiese beleid volg. Openbare verklarings van hierdie beweging blameer die Jode van Israel as die oorsaak van Rusland se terugslae.

### *Die Toekoms van Turkye*

Die volgende oorsig van die toekoms van Turkye is deur dr. John Ecob ontwikkel. “Een van die nasies wat deel vorm van die heidense alliansies is die '*huis van Togarma, in die uithoeke van die noorde*'. Antieke geskiedenis dui daarop dat die afstammelinge van Togarma (Oos-Turkye / Armenië), ná die groot vloed, regoor Klein-Asië (Turkye) versprei het. Wes-Armenië is deur Oos-Turkye oorgeneem nadat die Turke 1.7 miljoen Armeniërs na Sirië gedryf het (1915-1916). ‘n Totaal van 750 000 mense is as gevolg van hongersnood of Turkse koeëls dood”.

Turkye is sedert die Tweede Wêreldoorlog ‘n lid van NAVO, en in 2004 het hulle die grootste leër in die Midde-Ooste gehad.

Turkye se bevolking is 95% Moslem en word regeer deur ‘n nie-godsdienstige regering, wat deur die weermag in die lewe geroep is. Gedurende vorige verkiesings het die *Islamist*

*Welfare Party* mag verkry, en 'n koalisieregering gevorm totdat die weermag dit as onwettig verklaar het.

Nuwe verkiesings het die *Virtue Party* aan bewind gebring, maar hierdie party is ook kort voor lank as onwettig verklaar. In 2003 het die *Development Party* in eie reg die mag verkry, en benodig slegs vier setels om 'n tweederde meerderheid te verkry en die wetgewing te verander.

Die *'Guardian Weekly'* van 12 Julie 1998 het berig dat Turkye deel wou word van die EU. Die aansoek is verwerp en Turkye het dit as diskriminasie beskryf. Turkye voer aan dat Europa haarself as 'n *'Christelike klub'* beskou en bedreig voel deur die moontlike instroming van immigrante vanaf Anatolië.

### *Die Vernietiging van Gog se Leër*

Wanneer die volk van God deur so 'n groot oormag gekonfronteer word, en vroeg in die sewejaar Verdrukking (Openb. 7) deur 144 000 Joodse predikers uitgedaag word om te bekeer, sal Israel uiteindelik bekeer en Jesus Christus as Messias en Heer aanvaar. God sal daarop antwoord deur die invallende leërs op die volgende maniere te vernietig:

**1. Aardbewings**

*"Waarlik, in dié dag sal daar 'n groot aardbewing wees in die land van Israel, ... en die berge sal omvergegooi word en die kranse inmekaar stort en al die mure op die aarde val"* (Eseg. 38:19-20).

Aardbewingskundiges het in 2004 voorspel dat 'n groot aardbewing Israel sal tref en 'n groot impak op Jerusalem, Haifa en Tel-Aviv sal hê. Daar was al verskeie aardbewings, maar aardbewingskundiges glo dit is net 'n kwessie van tyd voordat hierdie massiewe aardbewing gebeur.

**2. Onenigheid**

*"En Ek sal die swaard oproep teen hom ... die swaard van die een sal teen die ander wees"* (Eseg. 38:21).

Dit laat ons dink aan toe koning Josafat deur 'n bondgenootskap van Ammoniete, Moabiete en Edomiete aangeval is. Ons lees dat die koning *"sy aangesig daarop gerig het om die Here te soek, en hy het oor die hele Juda 'n vasdag uitgeroep"* (2 Kron. 20:3). Die profeet Jahásiël het geantwoord: *"Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die Here by julle"* (2 Kron. 20:17).

Juda het oorlog toe gegaan en begin om God te prys, en *"op die oomblik toe hulle die gejubel en die lofsang aanhef, het die Here 'n hinderlaag opgestel teen die kinders van Ammon, Moab en die mense ... sodat hulle verslaan is ... en toe hulle klaar was … het hulle mekaar in die verderf gehelp. En toe Juda op die wagkop by die woestyn kom en hulle na die menigte kyk, lê hulle daar dood op die grond; en niemand het vrygeraak nie"* (2 Kron. 20:22-24).

Net so sal Israel die woorde van Joël 2:12-20 onthou en *"'n vasdag heilig"*. Die priesters sal *"tussen die voorportaal en die altaar ween en sê: o Here, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?"*

God sal 'n vreeslike oordeel oor Israel se vyande uitstort. Iraniërs, Turke, Russe, Soedannese, Libiërs en andere sal met die swaard na mekaar toe draai wanneer Israel die Messias as Here erken! Die gevolg sal wees dat slegs 'n sesde van die leërs sal oorleef! Die KJV in Engels lees *"and leave but the sixth part of thee"* (Eseg. 39:2).

**3. Siektes**

*"En Ek sal met hom in die gereg gaan deur pes en deur bloed"* (Eseg. 38:22).

Ons dink ook aan die dae van koning Hiskia. Assirië se weermag het die land van Juda ingeneem, behalwe Jerusalem. Die hoofdienskneg van Sanherib, koning van Assirië, het met God die spot gedryf. Nadat Hiskia homself voor God verneder het, het

185 000 Assiriese soldate in een nag in hulle tente omgekom (2 Kon. 19:35). God sal in die laaste dae ook siekte gebruik. Biologiese oorlogvoering word ook as 'n wapen van massavernietiging beskou, en lande soos Iran en Irak neem leiding op die gebied.

**4. Haelstene**

*"... en oorstromende stortreën en haelstene, vuur en swawel op hom laat reën en op sy leërs en op baie volke wat saam met hom is"* (Eseg. 38:22).

Die vernietiging sal slegs 'n sesde van die leërs spaar (Eseg. 39:2), en Joël verklaar dat oorlewendes weggedryf sal word *"na 'n dor en woeste land, sy voorhoede na die **Oostelike See** en sy agterhoede na die **Westelike See** toe"* (Joël 2:20).

Miskien dui dit daarop dat die oorblywendes tot in Siberië sal vlug (Joël 2:20). Die bestemming is *"ver weg"* en die Oostelike See verwys seker na die Stille Oseaan en die Westelike See na die Arktiese Oseaan.

***Gog se einde***

Joël sê: *"... en sy stank sal opstyg, en 'n slegte reuk uit hom opgaan; want hy het alte groot dinge gedoen"* (Joël 2:20).

Esegiël beskryf die nagevolge van die konflik: *"En in dié dag sal Ek aan Gog 'n plek gee waar 'n graf sal wees in Israel, die dal van die trekkers aan die oostekant van die see, en dit sal vir die deurtrekkers die pad toemaak; en daar sal hulle Gog begrawe en sy hele menigte en dit noem: Die dal van Gog se menigte. En die huis van Israel sal hulle begrawe om die land te reinig, sewe maande lank"* (Eseg. 39:11-12).

Honderde duisende lyke sal in 'n vallei aan die oostekant van die Dooie See (Jordanië) begrawe word. Dit sal "*Hamman-gog*" genoem word - die dal van *"Gog se Menigte"* (Eseg. 39:11).




### *Magog en nabygeleë kuslande*

**Die land van Magog (Gog se land)** sal deur brande geteister word: *"En Ek sal 'n* ***vuur slinger in Magog*** *en onder hulle wat* ***in die kuslande*** *veilig woon; en hulle sal weet dat Ek die Here is"* (Eseg. 39:6).

Die kuslande verwys na die seuns van Jawan. Ons het reeds gesien dat Tarsis een van sy seuns was (Gen. 10:4) en dat die handelaars van Tarsis en die jong leeus teen die heidennasies se inval gekant sal wees. Amerika en/of Brittanje sal klaarblyklik ook deur vuur getref word, en nie in staat wees om enige groot militêre rol te speel nie – die gevolg van Russiese konflik of goddelike oordeel.

'*Jane's Intelligence Digest'* maak melding daarvan dat Islamitiese terroriste kernwapens teen Amerika sal gebruik indien sy Israel bystaan. In September 2004 het 'n verslag daarop gedui dat vyftien sensitiewe teikens reeds in Amerika geïdentifiseer is.

### *God se plan met Israel*

Hierdie gebeure sal daartoe lei dat Israel tot bekering kom en *"die gebooie van God bewaar en* ***die getuienis van Jesus Christus***

***hou**"* (Openb. 17:12).

*"En die huis van Israel sal weet dat Ek die Here hulle God is, **VAN DIE DAG AF EN VERDER**. En die nasies sal weet dat die huis van Israel vanweë hulle ongeregtigheid in ballingskap gegaan het; omdat hulle teen my troubreuk begaan het, het Ek my aangesig vir hulle verberg en hulle in die hand van hul teëstanders oorgegee, sodat hulle almal deur die swaard geval het ... **En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie**, omdat Ek my Gees oor die huis van Israel uitgegiet het, spreek die Here Here"* (Eseg. 39:22-29).

Die idee dat Israel tot bekering sal kom **voor** die Wegraping is teenstrydig met die Skrif. Israel sal deur die Verdrukking gaan en met blydskap die Messias se tweede koms verwag. Die Bybel sê *"dat die verharding ten dele oor Israel gekom het **TOTDAT** die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die HELE Israel gered word"* (Rom. 11:25-26).




Joël sê duidelik dat die noordelike inval op die ***"dag van die Here"*** sal plaasvind. Israel moet dus daar teenwoordig wees as die Messias Sy voet op die Olyfberg plaas: *"... en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind"* (Sag. 12:10-14).

Toe die seuns van Israel voor Josef gestaan het, het hulle erken dat hulle in benoudheid is omdat hulle hom twintig jaar gelede as slaaf verkoop het: *"Voorwaar, ons boet nou vanweë ons broer (Josef), omdat ons die benoudheid van sy siel gesien het toe hy ons gesmeek het **en ons nie geluister het nie** – daarom kom hierdie benoudheid oor ons"* (Gen. 42:21).

So sal die dag kom wanneer die seuns van Israel sal erken dat hulle in benoudheid (Verdrukking) is omdat hulle God se enigste Seun 2 000 jaar gelede verwerp het, geweier het om na Hom te luister en Hom aan ‘n kruishout gehang het! Maar net soos Josef se broers ook onder die heerskappy van Josef geseën is na hulle belydenis, sal Israel ook verhoog word om as hoof oor die nasies op te tree.

In die voorsienigheid van God sal Sy predikers met die krag van die Woord van God en die druk wat die nasies op hulle plaas, Israel tot bekering lei. Esegiël gee ons ‘n voorbeeld van hierdie tipe goddelike invloed: *“En die nasies sal weet dat die huis van Israel vanweë hulle ongeregtigheid in ballingskap gegaan het; omdat hulle teen My troubreuk begaan het, het Ek my aangesig vir hulle verberg en hulle in die hand van hul teëstanders oorgegee, sodat hulle almal deur die swaard geval het”* (Eseg. 39:23).

Die ontwikkeling van die alliansies tussen die heidennasies dui daarop dat Christus se koms naby is!



# DEEL 5

# *Die Tekens van die Laaste Dae*



Jesus het gesê: *"En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word."* (Luk. 21:25-26)

### *Hoekom het ons die "Tekens van die Laaste Dae" nodig?*

Tot dusver het ons die eindtydprofesieë rakende die volgende Bybelse temas oorweeg: die Sewe Dispensasies van Tyd, die "70 Weke" van Israel, die herleefde Romeinse ryk en die alliansies tussen die heidennasies. In hierdie volgende studie kyk ons na 'n reeks van eindtydprofesieë wat daarop dui dat ons in die laaste dae is en dat die tweede koms van Jesus Christus vinnig nader kom.

Die samelewing het sedert die twintigste eeu groot veranderinge ondergaan as gevolg van 'n ontploffing op die gebied van kennis en die wêreldreise. Die profeet Daniël het egter in 536 v.C. reeds gepraat van *"die tyd van die einde"* en *"baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder"* (Dan. 12:4).

Die toename van kennis en die afbreek van grense is egter twee van die vele tekens wat ongetwyfeld op die laaste dae dui. Geïsoleerde en eensydige profesieë sou die moontlikheid van die spoedige terugkoms van Christus onder verdenking geplaas het, maar tans maak dit nie saak waar 'n mens kyk nie, hetsy op die politiese, ekonomiese, militêre, sosiale of godsdienstige arenas - alles stem in harmonie saam met die eindtydprofesieë in die Bybel: die tweede koms van die Here Jesus Christus is naby!

Selfs goddelose mense wat nog nooit die Woord van God gelees of ernstig opgeneem het nie, raak al hoe meer bewus daarvan dat wêreldgebeure daarop dui dat iets noemenswaardig groot aan die gebeur is. Die geskiedenis beweeg na 'n onomkeerbare punt en baie in ons gemeenskappe kwyn omdat die bakens van vergete generasies se erfenisse verdwyn. Werkloosheid, die groeiende gaping tussen ryk en arm, die groeiende bedreiging van geweld, revolusies en blinde godsdienstige fanatisme wek vrees by die jonger geslag. Dit het tot gevolg dat menigte hulself na die selfvernietigende opsie van dwelms wend.

Te midde van hierdie onsekerheid bied die Bybel 'n boodskap van hoop. God is steeds besig om die lewens van mense wat gered

word te verander. Wanneer 'n mens in opregte geloof in die Here Jesus Christus en met ware berou na God gaan, kan enige mens die wonderwerk van wedergeboorte ondervind. God begin dan Sy perfekte plan aan hierdie persoon openbaar en, in plaas van chaos, kom daar orde, doelgerigtheid en vrede. Waar skuldgevoelens was, kom daar vergifnis. Die verlede word vir altyd uitgewis. 'n Nuwe lewe begin wat selfs die dood nie kan keer nie - 'n ewige seën wat alle menslike verstand te bowe gaan.

Die doel van hierdie deel in die boek is om mense bewus te maak dat die tyd van genade besig is om uit te loop, en ongelowiges word aangemoedig om hulle enigste moontlike toevlug by 'n genadige Verlosser te soek. Hy is die Een wat vrywilliglik vir hulle sondes gesterf het, opgestaan het uit die dode tot hulle regverdigmaking, en van die hemele sal terugkeer om dié wat Hom ken en liefhet te kom haal. Ons wil hierdie boodskap in nederigheid aan al die lesers van hierdie boek toevertrou.


Die twintigste eeu het meer veranderinge gesien as enige ander eeu in die ongeveer 6 000 jaar se geskiedenis van die mensdom. 'n Honderd jaar gelede sou niemand kon raai dat die wetenskaplike kennis so ver gevorderd sou wees nie. Die groeiende wêreldbevolking, die toename van oorloë en die vermoë om te reis oor grense heen was ondenkbaar. Hierdie dramatiese veranderinge is egter meer as 2 000 jaar gelede in die Bybel voorspel as tekens van die laaste dae.

### *Die Tekens van 'n Bevolkingsontploffing*

Daar word geskat dat die wêreldbevolking in die jaar 1850 op 1 biljoen gestaan het. In die laaste 150 jaar het die getal ongeveer tot 6 biljoen gestyg.

Teen die jaar 2045 sal selfs China, met sy "een kind" gesinsbeleid, 'n toename van ongeveer 400 miljoen mense beleef en daar sal meer Indiërs as Chinese wees. Die Indiërbevolking alleen sal met meer as dubbel die huidige bevolking van die Verenigde State van Amerika toeneem!

Die sosiale implikasies van die beleid op geboortebeperkings is weersinwekkend. Vroue in Indië en China besluit om aborsies te hê indien toetse daarop dui dat die ongebore baba 'n dogtertjie is. Statistieke toon dat daar reeds 'n wanbalans ontstaan het wat tot destabiliserende druk op menslike verhoudings kan lei. Daarmee saam sal voedselproduksie verdubbel moet word indien hongersnood, peste en oorloë die landbouproduksie aanhoudend versteur. In ontwikkelende lande word die beste landbougrond dikwels deur stedelike uitbreidings opgeneem. Werklose plattelandse werkers trek na die stede, en nuwe woongebiede en fabrieke vervang groentetuine.




In die vroeë 1990's is beraam dat daar 120 miljoen werklose plattelandse arbeiders in China was; 80 miljoen het reeds na die stede getrek om werk in die konstruksiebedryf te soek. Die verwagting is dat met die modernisering van nywerhede, werkloosheid sal toeneem. As gevolg van modernisering sal ontwikkelende lande groot werksprobleme in die gesig staar. Arbeiders se lone moet aanhoudend vermeerder word, en om op die wêreldmarkte te kan kompeteer word mense met masjinerie vervang. Hierdie tendens word reeds grootliks in die Asiatiese lande gesien, en dit dra by tot grootskaalse werkloosheid. Gedurende die laaste tien jaar van die twintigste eeu (1990-2000) het Indonesië se bevolking meer gegroei as dié van Australië s'n – met ongeveer 20 miljoen mense! Teen die jaar 2008 het Indonesië se bevolkingsgetalle op 228 miljoen mense gestaan en styg steeds.

In 'n land soos Indonesië waar daar min voorraad beskikbaar is, kan hierdie tipe bevolkingsontploffing lei tot 'n uitbreidingsbeleid (as 'n land sy grense moet vergroot) – soortgelyk aan wat in Timor en Wes-Iran voorgekom het.

Die *"1995 CIA World Fact Book"* dui daarop dat die wêreldbevolkingsgroei in 1995 1.5% was, die geboortegroei 24 per 1 000, sterftes 9 per 1 000, babasterftes 64 per 1 000, vrugbaarheidsverhouding 3.1 kinders gebore per vrou, en lewensverwagting twee-en-sestig jaar. In 1995 was die wêreldbevolking op 5 734 biljoen mense beraam. Gebaseer op 'n persentasiegroei van 1.5% per jaar kan ons 'n baie groot toename in die wêreldbevolking verwag.

Die Bybel sê dat een van die tekens van die laaste dae voor Jesus weer sal kom, 'n sterk bevolkingsgroei sal wees. Jesus het gesê: *"En soos dit gebeur het in **die dae van Noag**, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het"* (Luk. 17:26-27). Jesus gebruik die omstandighede in Noag se dae, wat gekenmerk was deur 'n bevolkingsontploffing, as illustrasie: *"Toe die mense op die aarde begin **vermeerde**r ... en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was ... en die aarde was vol geweld"* (Gen. 6:1-12).

Verstedeliking is een van die sigbare gevolge van die bevolkingsontploffing. Die persentasie mense wat na stede migreer, het sedert die negentiende eeu drasties toegeneem. Groot konstruksieprojekte het wêreldwyd toegeneem, en stede het verrys met sommige stede se bevolkings so groot soos dié van die hele Australië! Jesus het gesê: *"Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, **hulle het** geplant en **gebou**. Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. **Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word**"* (Luk. 17:28-30).

### *Die Konings Van Die Ooste*

Dit is interessant om daarop te let dat die Bybel na 'n leër van 200 miljoen verwys wat van die konings van die Ooste sal kom om in die laaste dae deel te neem aan die oorlog van Armageddon in die land Israel. Eenhonderd jaar gelede sou so 'n groot leër onmoontlik gewees het, maar vandag is dit moontlik. As die bevolkings van die Ooste soos China, Indië, Pakistan, Indonesië, Japan, Thailand, Viëtnam, Birma, Korea, Taiwan en die Filippyne bymekaar getel word sal hierdie getal biljoene mense wees!





**'n Kaart wat die geskatte ligging van die konings van die Ooste aandui**

Toe China in 1979 in die oorlog teen Noord-Viëtnam verloor het, het hulle besef dat moderne wapens noodsaaklik is. Die deur vir Westerse wapentegnologie het oopgegaan. Dit was op daardie stadium berig dat China sy hele militêre mag van vooraf moes oplei om sodoende die moderne wapens te kon gebruik. Dit sou almal ouer as vyf-en-twintig jaar ingesluit het en die **beraamde getal wat opleiding moes ontvang was 200 miljoen!**

Hierdie feite oor die huidige bevolkingsontploffing bevestig die geloofwaardigheid van die Bybel se profesieë oor die opkoms van die konings van die Ooste in die laaste dae. Hulle sal 'n groot rol speel as Christus met Sy tweede koms terugkeer en die oorlog van Armageddon uitbreek. Alle nasies sal by hierdie oorlog betrokke wees, maar spesifieke melding word gemaak van die konings van die Ooste.

Ons lees: *"En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog sodat **die pad van die konings wat van die Ooste** af kom, reggemaak kon word ... drie onreine geeste ... want dit is die geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God ... En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon"* (Openb. 16:12-16).




**Die nuwe 'syroete' dui roetes tussen die Midde-Ooste en Ooste aan**

In Openbaring 9:13-21 lees ons oor die besonderhede van die sesde trompetoordeel wat gedurende die groot verdrukking gaan plaasvind. Dit verwys ook na die Eufraatrivier en die mobilisasie van 'n leër van 200 miljoen wat 'n derde van die mensdom sal vernietig. Hierdie leër word vir 'n spesifieke tyd voorberei: *"wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak"* (Openb. 9:15).

Om 'n weermag van 200 miljoen te mobiliseer om oor Sentraal-Asië na Israel te beweeg vir die slag van Armageddon, sal 'n skouspelagtige gebeurtenis wees. Hierdie tipe oefening sal tyd verg, en daar is geen twyfel dat vliegtuie, skepe en grondmagte ook gebruik sal word nie. Grondmagte sal die Eufraat moet

kruis en die Bybel sê dat die water sal opdroog om dit moontlik te maak (Openb. 16:12).

Dit is ook verder interessant om te weet dat die Wêreld Toeriste Organisasie (WTO) hulle aandag daarop gevestig het om die ou "Syroete" (*"Silk Road")* te heropen. Hierdie is 'n netwerk van roetes wat in antieke tye as die hoofverbinding tussen Asië en die Midde-Ooste gedien het. Dit het vanaf Xian in sentraal China tot by die Middellandse See gestrek.

Spoorwegverbindings is reeds gevestig en daar is planne om 'n natuurlike gaslyn vanaf sentraal Asië na China, al langs hierdie deurgang op te rig. Sneltreintegnologie en die behoefte om toegang tot omliggende ontwikkelende lande in sentraal Asië te verkry, maak dit 'n aantreklike proposisie. As ons kyk na die kaart op die vorige bladsy sien ons dat die "Syroete" na die Midde-Ooste, suid van die Kaspiese See **deur die Eufraat moet gaan.** Volgens Bybelse profesie sal hierdie rivier opdroog vir die Asiatiese leërs om deur te kan beweeg.

### *Die Teken van die Opdroog van die Eufraatrivier*

Die Eufraat- en Tigrisriviere begin in die hoogliggende gebiede van Oos-Turkye rondom die berg Ararat en vloei na die laagliggende gebiede van Sirië en Irak waar dit uiteindelik in die Persiese Golf uitmond. Turkye het alreeds die water van hierdie riviere opgedam en sodoende as 'n politieke wapen teen Sirië gebruik, deur die vloei van water vir vier dae te stop. 'n Verslag deur die *"Intelligence Digest"* van 3 Mei 1996 lees as volg: *"Verlede week het ons gewaarsku dat Sirië heel moontlik sou reageer deur bykomende ondersteuning aan die Kurdiese anti-Turkse terrorisme, en dat Turkye weer op hulle beurt sou reageer deur die waterwapen te gebruik. Die ink op die papier was skaars droog of die nuus het gekom dat Turkye presies dit gedoen het – hulle het die watertoevoer wat in die Eufraatrivier na Sirië afloop, verminder. Turkye het aangekondig dat vir tegniese redes hulle die watertoevoer vir vier dae moes afsny."* (*Intelligence Digest* is beskikbaar by The Stoneyhill Centre, Brimpsfield, Gloucester, GL4 8LF, UK.)

Turkye het egter baie groter planne met die waters van die Eufraat- en Tigrisriviere. In 1996 het Turkye 'n 32 biljoen dollar skema aangekondig om damme, hidro-elektriese kragstasies en besproeiingskemas langs die Eufraat aan te bring. Op 1 Oktober 1997 het die Turkse *"State Hydraulic Works" (DSI)* aangedui hoe hulle hierdie massiewe skema sou implementeer. Hierdie ontwikkeling demonstreer hoe Turkye in staat gestel word om 'n invloed op groot dele van die Midde-Ooste te kan uitoefen deur hulle watervoorrade te beheer. Turkye, 'n nasie van 60 miljoen mense, het 'n magtige militêre mag, en nie Sirië of Irak is in 'n posisie om hulle uit te daag of aan te val nie.

Die verslag van Turkye se plan word in die "*New Europe*" van 11 Oktober 1997 beskryf. In die lig van die belangrikheid van hierdie ontwikkeling haal ons die volgende gedeelte in Engels aan: *"Turkey is planning a series of water projects stretching from Istanbul to its impoverished south-east in a bid to meet growing water and energy demands, a leading water sector official said last Wednesday (1 October). The country's State Hydraulic Works (DSI) unveiled details of a dam project worth US$1 billion near Turkey's border with Syria and Iraq. Plans for a pipeline to carry water to Istanbul and a project to ship water from Turkey's southern shores to northern Cyprus were also in the offing. The dam is being negotiated by Sulzer, and the Union Bank of Switzerland is financing it."*

Onderhandelinge rakende die skema, om 'n dam en 'n 1 200 megawatt hidro-elektriese kragpunt in Ilisu te bou, is gedurende die eerste helfte van 1998 geskeduleer. Hierdie dam sal die grootste van sy soort op die Tigrisrivier wees, en vorm deel van die 32 biljoen dollar energie- en besproeiingsprojek op die Tigris en Eufraat in Suidoos-Turkye.

Die Suidoos-Anatolië Projek (GAP) bestaan uit 'n beplande netwerk van twee-en-twintig damme en negentien kragbronne met 'n kapasiteit van 7 476 megawatt. Irak en Sirië, wat bang is dat Turkye in staat sal wees om hul watervoorrade in tye van oorlog af te sny, is uiters ontsteld oor die projek. Irak se


heersende Baath Party koerant, *al-Thawra*, sê: *"The country where these waters rise should not monopolize waters of such international rivers the way it likes."*

Verder het Turkye planne "vir 'n 900 miljoen dollar pyplyn om water vanaf 'n stroom in Noordwes-Turkye na Istanboel te vervoer". Turkye beplan ook om drinkwater vanaf Manargat in Suid-Anatolië na Ciprus te verskeep. Israel en Libië het ook onderhandel om water te koop.

Die implikasies van Turkye se groot waterplanne is geweldig en illustreer hoe maklik die Bybelse profesie, wat sê dat die Eufraat gedurende die groot verdrukking sal opdroog *"sodat die pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word"* (Openb. 16:12), vervul kan word; net 'n kraan moet toegedraai word!

### *Die Teken van die Opdroog van die Nylrivier*

Volgens die Bybel is dit nie net die Eufraatrivier wat gedurende die laaste dae sal opdroog nie, maar ook die Nylrivier, die langste rivier in die wêreld, sal so droog wees dat die mense droogvoets sal kan deurloop.




**'n Kaart wat die pad wat die konings van die Ooste deur die Eufraatrivier sal neem aandui**

Die Nyl ontspring in die bergagtige dele van Ethiopië waar die Blou Nyl 85% van die water bydra. Die *"Islamic Affairs Analyst"* van September 1996 verklaar dat Ethiopië planne beraam om damme te bou vir groot hidro-elektriese en besproeiingskemas om sodoende die

water as 'n politieke wapen teen Egipte te gebruik. Soos in die "*ABC Lateline*" program van 14 Oktober 1997 aangedui word, is Egipte desperaat. Die Nylrivier is besoedel, en as gevolg van konstruksie op die Aswandam word die landbou- en visserybedryf drasties ingekort.

*Die "Islamic Affairs Analyst"* van 2 September 1996 het die volgende verslag uitgereik: "*Ethiopia's ruler, Meles Zenawi, has developed a plan for controlling the headwaters of the Nile that will give Ethiopia the same power over Egypt as Turkey now holds over Syria and Iraq through that country's control of the headwaters of the Euphrates.*

Eerstens streef hy, Meles Zenawi, daarna om die hele Ethiopië se ekonomie tot sy maksimum potensiaal te ontwikkel. Om dit te vermag hoop hy om damme en reservoirs op die Nyl te bou wat eindelik elektrisiteit van twintig miljoen kilowatt per uur sal opwek. Dit sal vier keer meer wees as dié van Egipte se Aswandam. Dieselfde projek sal Ethiopië se landbougrond en waterbronaanlegte verbeter.

Zenawi se tweede rede hou verband met Egipte. Arabiese bronne sê dat Zenawi se ingesteldheid ten opsigte van Egipte se politieke en ekonomiese toekoms nie positief is nie. Hy glo dat Egipte nie 'n stabiele streeksmag sal kan bly en aanhou om 'n gesonde verhouding met die Verenigde State te behou nie. Inteendeel, hy is van die mening dat Egipte se ernstige ekonomiese en sosiale probleme binne 'n dekade die land tot so 'n mate sal destabiliseer dat Egipte aggressiewe neigings teenoor sy Afrika bure sal ontwikkel. Dit sluit die stroomop Nylstate soos Ethiopië in.

Egipte kry tans 55.5 biljoen kubieke meter water per jaar uit die Nyl. Die Blou Nyl wat in Ethiopië ontspring verskaf 85% hiervan. Dit stoot die totale jaarlikse waterverbruik op na 58.5 biljoen kubieke meter. Daarom glo Zenawi dat Ethiopië haarself die beste sal kan beskerm deur beheer oor 'n groot deel van

Egipte se watervoorsiening te verkry. (Die *"Islamic Affairs Analyst"* is beskikbaar by Intelligence International Ltd, The Stoneyhill Centre, Brimpsfield, Gloucester, GL4 8LF, UK.)


Die profeet Jesaja skryf oor die dae wanneer God *"bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde"* (Jes. 11:12). Dit het natuurlik begin met die terugkeer van die Jode na Israel, wat ongeveer 2 000 jaar onder die nasies verstrooi was. Jesaja gaan voort om te sê: *"En die Here sal die seetong van Egipte met die banvloek tref en deur sy gloeiende wind sy hand oor die Eufraat swaai en dit uitmekaar slaan in sewe strome, SODAT 'N MENS MET SKOENE DAARDEUR KAN LOOP"* (Jes. 11:15). Dit sal dus nie eers nodig wees om skoene uit te trek nie.

Kan die Nyl so opdroog? Sommige mag dalk redeneer dat seewater die varswater van die Nyl gaan vervang, maar ons sien dat die vlak van die land rondom die Nyldelta dramaties verander het. Vir 'n aantal jare het argeoloë opgrawings onder die watervlak in Alexandrië se hawe gedoen vir die paleis van Kleopatra en die groot vuurtoring wat een van die sewe wonders van die wêreld was. As gevolg van 'n aardbewing is al hierdie skatte nou twintig voet onder die seevlak.

As 'n groot gedeelte van die aardoppervlak in die verlede weggesink het, is daar geen rede waarom dit nie weer kan verander nie - net genoeg om te verhoed dat die see die binneland invloei. Die hoeveelheid groot aardbewings het in die laaste eeu toegeneem. Die Bybel voorspel dat daar in die laaste dae groot aardbewings in die Midde-Ooste sal plaasvind (Sag. 14:4-5; Eseg. 38:19-20; Openb. 11:13).

### *Wêreldwye Gebeure*

Slegs twee dae voor Jesus aan die kruis gesterf het, het Sy dissipels aan Hom die groot stene van Herodus se tempel gewys en Jesus het gesê dat al hierdie stene neergewerp sal word. Later, op die Olyfberg, het die dissipels gevra: *"Wanneer*



*sal al hierdie dinge gebeur en wat sal die teken wees van u koms en die einde van hierdie eeu?".* Jesus het hulle daarop gewys dat daar sekere **wêreldwye gebeure** wat kenmerkend van die laaste dae voor Sy koms sal wees, sal plaasvind!

Eerstens het die Here Jesus gesê dat daar altyd *"oorloë en gerugte van oorloë"* sal wees, maar dat dit hulle nie moet ontstel nie. *"Alles moet plaasvind, **maar dit is nog nie die einde nie**"* (Matt. 24:6). Wanneer daar egter 'n **wêreldwye situasie ontstaan** moet daar kennis geneem word. Dit kan die *"begin van smarte"* wees wat die nuwe wêreldorde voor Jesus se tweede koms sal inlei, dit waaroor Jesus Christus uiteindelik as die Koning van die konings sal reageer.

Die swaarkry van hierdie tyd word as geboortepyne beskryf: *"want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander ... daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke"* (Matt. 24:7). Dit word die ***"groot verdrukking"*** (Matt. 24:21) genoem. Dit is wanneer die Antichris sy afgodsbeeld in die herboude tempel in Jerusalem sal oprig. Onmiddellik na hierdie groot verdrukking, sal Jesus Christus 'n tweede keer terugkom om as Koning op aarde te regeer.

### *Die Tekens van Wêreldoorlog*

Patrick Brogan, in sy swaar gedokumenteerde 653 bladsye boek, *"World Conflicts, Why and Where they are Happening"*, noem dat daar ongeveer sewe-en-negentig groot oorloë tussen

1945 en 1992 plaasgevind het, wat die lewens van tussen 15 en 30 miljoen mense geëis het.

In die Eerste Wêreldoorlog (1914–1918) het 10 miljoen mense in skermutselings gesterf, maar die Tweede Wêreldoorlog (1939 – 1945) se syfers staan op 24 miljoen plus 40 miljoen burgerlikes volgens Robert Stewart (PhD) se *"Almanac of Historical Facts"*. Van die 9 miljoen Jode wat voor die Tweede Wêreldoorlog in Europa was, het net 3 miljoen oorleef.

Pol-Pot se uitdunning van Kambodja het ongeveer een derde van sy 8.6 miljoen mense (m.a.w. 3 miljoen) uitgewis en die hele bevolking verstrooi. Die Koreaanse Oorlog het 2.9 miljoen lewens geëis, wat 2 miljoen burgerlikes insluit. Die daaropvolgende Noord-Koreaanse hongersnood vanaf 1996 tot 1998 het 2.5 miljoen lewens geëis. Veertien miljoen mense is met Stalin se onderdrukking van die Oekraïne vermoor.

Die getal vlugtelinge oorskry egter die sterftes. In Afganistan byvoorbeeld, het die Verenigde State verklaar dat tussen 1979 en 1989 daar uit 'n bevolking van 15.5 miljoen mense 1 miljoen gesterf het. Die getal vlugtelinge was egter 7.6 miljoen; dit is 50% van die bevolking! Die Bybel sê dat oorlogvoering op wêreldwye skaal een van die tekens van die laaste dae sal wees. Dit sal die groot verdrukking inlei: *"Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; ... want **dan** sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie"* (Matt. 24:7-21).

Die Iran/Irak-oorlog het 1 miljoen lewens geëis, en vele meer is beseer. En wat kan 'n mens sê van die Arabië/Israel-oorlog, die Golf-oorlog en die Falkland-oorlog. Die menseverlies in die Indië/China-oorlog, die Indië/Pakistan-oorlog, die Viëtnam-oorlog waarin 2.5 miljoen dood is en die China/Viëtnam-oorlog, waarin 40 000 dood is voordat China onttrek het, laat 'n mens ook sprakeloos.

Die gepoogde kommunistiese oorname van Indonesië eis 500 000 lewens, en die voortslepende oorlog in Algerië eis 100 000 lewens in die laaste vyf jaar alleen. Vier opeenvolgende oorloë en hongersnode in Ethiopië tussen 1972 en 1991 het tot 2 miljoen lewens geëis. Lande soos Bosnië, Hongarye, die Koerde, Tsjetsjnië, Armenië, Maleisië, Filippyne, Timor, Angola, Jemen, Kongo, Tsjad, Soedan, Rusland, Tibet, Birma, Laos, China, ensovoorts het op een of ander stadium, òf bloedige revolusies òf oorloë beleef.

Patrick Brogan verklaar dat tussen 1945 en 1991 daar 97 oorloë, 253 veldslae en rewolusies en 199 gepoogde sluipmoorde op sleutelfigure plaasgevind het. Sy gevolgtrekking is dat *"**dit vrugteloos is om te voorspel waar die volgende ramp gaan gebeur**."* **Die teken van wêreldoorlogvoering is dus onmiskenbaar!**

### *Die Tekens van Wêreldwye Hongersnood*

Na Jesus Christus se verklaring dat wêreldoorlogvoering voor Sy tweede koms sal uitbreek, sê Hy die volgende: *"en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke"* (Matt. 24:7).

In 1974 het die Verenigde Nasies verklaar dat hongersnood binne 'n bestek van tien jaar uitgewis sal word. Die *"Wêreld Voedselberaad"* wat op 13 November 1996 in Rome gehou is, het egter erken dat 800 miljoen mense regoor die wêreld aan wanvoeding ly! Dit beteken dat 1 uit 8 mense daagliks moet worstel om genoeg kos in die hande te kry.

In Afrika ly 41% van die mense aan "chroniese wanvoeding", maar die grootste hongersnood word in Asië ondervind. Hierdie vasteland het die grootste bevolkingsgroei, en die getal mense wat aan wanvoeding ly word op nagenoeg 500 miljoen beraam!

Die meeste van China se graan (70%) word in die koue noordelike dele geproduseer, waar die groeiseisoen net vier

maande lank is en oeste dikwels groen geoes word. Massiewe misoeste is heel dikwels aan die orde van die dag. Die industrialisering van China veroorsaak ook dat groot gedeeltes landbougrond plek maak vir fabrieke, en in die jaar 1996 was 120 miljoen landelike werkers sonder werk gelaat. Daar kan verwag word dat hierdie getal tot 200 miljoen sal toeneem. Baie sal na die groot stede trek om 'n bydrae tot die konstruksiebedryf te maak. Nog meer landelike gebiede en kos sal in die proses verloor word. In 1996 het die afgevaardigdes van byna 200 lande die *"Wêreld Voedselberaad"* bygewoon en kon slegs tot die volgende gevolgtrekking kom: *"elkeen het die reg tot toegang van veilige en gesonde kos"*, maar *"geen nuwe fondse sal beskikbaar wees vir die voorsiening daarvan nie"*.

Wêreldkonflik versteur ook voedselproduksie, en teen die einde van 1996 was daar dertig oorloë regoor die wêreld aan die gang. Die verstrooiing van miljoene mense soos wat hulle vlug en in vlugtelingkampe opeindig, is een van die mees bydraende faktore tot hongersnood.

Die '*Guardian Weekly*' van 2 Februarie 1997 het verslag gedoen rakende 'n vergadering van die Verenigde Nasies se omgewingsagentskap wat in Nairobi gehou is. Die verslag het die volgende verklaar: "Binne 50 jaar sal byna 3 biljoen mense 'n tekort aan water hê … 1.23 biljoen akkers (0.5 biljoen hektaar) land in Afrika het alreeds ernstige gronderosie ondergaan ... te veel vis word gevang ... indien die wêreldbevolking soos verwag word in die volgende vyftig jaar verdubbel, sal die wêreld nie die hoeveelheid fossielbrandstof wat verbrand moet word, kan bekostig nie."

As al die faktore wat tot wêreldwye hongersnood bydra in aanmerking geneem word, en die wêreldbevolking in die volgende vyftig jaar verdubbel, watter hoop is daar om 'n ekstra 6 biljoen monde te voed?

**Die Tekens van Wêreldwye Epidemies (Pestilensies)**

Die wêreldwye epidemies wek kommer. *"The European"* van 27 Maart 1996 haal die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) aan: *"Twee jaar nadat die WGO 'n waarskuwing in verband met TB uitgeroep het, het die siekte geen tekens van afname getoon nie ... 40% van die Suid-Afrikaanse bevolking mag draers van TB wees, en ook in Europa neem die lugoordraagbare siekte toe. Daar is ook toenames in Denemarke, Rusland, Noorweë en Italië."*

Die '*Guardian Weekly*' van 31 Maart 1996 het verklaar: *"Tuberkulose versprei oor die wêreld en meer mense as ooit in die geskiedenis sterf daarvan ... hierdie siekte kan oor die volgende 10 jaar tot 30 miljoen mense se dood veroorsaak."*

Soos wat morele standaarde afneem en dwelmgebruik toeneem, sal ongeneeslike siektes soos Vigs ook hul tol eis. Die '*Guardian Weekly*' van 8 Desember 1996 het 'n artikel deur dr. Peter Piot van die VN Vigs-organisasie geplaas. Hy verklaar as volg: *"90% van die 22.5 miljoen mense wat vandag (1996) met HIV/Vigs lewe, woon in ontwikkelende lande... en vele het nie eers toegang tot aspirien nie – nog minder tot anti-retrovirale middels."*

Die VN Vigs-organisasie het 'n verslag gepubliseer, getiteld '*HIV/Aids: The Global Epidemic*'. Hierin word inligting verskaf wat aantoon dat hierdie siekte baie vinnig versprei, heeltemal nuwe gebiede binnedring en sy greep op areas wat reeds geraak is versterk. Gebiede soos Sentraal- en Oos-Europa asook die voormalige Sowjet-Unie word ook ernstig geraak.

Daar is ook 'n definitiewe skakel tussen "malkoeisiekte" en "CJD", 'n fatale breinsiekte in mense wat breinweefsel in 'n jellie-agtige stof omsit. Ons weet nou dat dieresiektes na mense oorgedra kan word. Die '*International Independent*' van 11 Augustus 1998 sê dat 'n parasiet oorgedra deur vee, "Old World Screw"-wurm, byna twee derdes van Irak al besmet het, en vir lande soos Jordanië, Saoedi-Arabië en Sirië 'n bedreiging inhou.

Die verslag verklaar: *"Die infeksie wat onwelriekende afskeidings veroorsaak nadat wonde, snye en letsels binnegedring is, het alreeds tot veertig sterftes gelei …"* George Pumphrey, 'n biologiese oorlogspesialis wat in Duitsland gebaseer is, sê: *"Irak is die grootste slagoffer van die 'screw'-wurm en dit blyk of dit opsetlik oorgedra is as 'n biologiese wapen. In Libië het die infeksie daartoe gelei dat 2 000 diere gevrek het. Die situasie is beveg, maar teen die volgende jaar het dit 35 000 vierkante kilometers gedek en 12 000 diere is dood."*

Die infeksie word deur die larwes van die 'cochliomyia hominivorax'-vlieg veroorsaak. Die vroulike vlieg lê ongeveer vier keer die getal van vierhonderd eiers op die rand van 'n wond, snyplek, vlooibyt, kastrasiewond of baba se naelstring van warmbloedige diere, insluitend die mens. Die verslag gaan voort en sê: *"In slegs twaalf ure sit die larwe vas en dring die liggaam vir voeding binne. HULLE KAN IN VYF TOT SEWE DAE 'N HELE KOEI OPEET!"*

Peste is een van die tekens van die eindtyd, en in Sagaria 14:12-15 word ons vertel van die plaag waarmee God die nasies, wat teen Jerusalem kom, sal tref. Dit sal mense en diere affekteer. Ons lees: *"**En dit sal** die plaag wees waarmee die Here al **die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg. Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hulle voete staan en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond ... En** soos hierdie plaag is, sal **die plaag wees** van die perde, die muile, die kamele en die esels en van al die diere wat in **daardie laers is**"* (Sag 14:12-15).

Die twintigste eeu is gekenmerk deur die ontwikkeling van virusse in laboratoriums, met die doel om peste te vernietig. Mense is betrokke by genetiese ingenieurswese, maar ten spyte van die voordele wat hierdie kennis inhou, is daar 'n gevaar dat die virusse nie tot die laboratorium beperk gaan wees nie. Virusse word vrygestel om hase uit te roei, maar 'n aantal nasies sien die potensiaal daarvan om biologiese wapens te gebruik vir

die uitroei van mense. Hierdie wapens staan as wapens van massa-vernietiging bekend.

As peste eers begin versprei is dit moeilik om te stop en vereis tyd om teenmiddels te produseer. Geskiedenis leer ons van die "Black Death" plaag wat Europa in 1347–1349 getref het. Robert Stewart (PhD) verklaar in '*The Almanac of Historical Facts'*: "*...somewhere between one-quarter and one-third of Europe's people were carried off in just two years… victims succumbed within two or three days of being infected... (it was) almost always fatal.*"


Die 2004 Desember uitgawe van die '*Time Magazine*' het 'n ernstige waarskuwing uitgereik in verband met die moontlikheid van 'n griep-epidemie, 'n epidemie wat 25 – 30% van die wêreld se bevolking kan infekteer. Die waarskuwing is gegee deur dr. Shigera Omi, streekdirekteur van die Wêreld-gesondheidorganisasie.

Die virus, meer bekend as voëlgriep, het al mense uit alle vlakke van die samelewing geraak. In die geval van 'n pandemie sal dit 'n derde van dokters, verpleegsters, polisie en vrywillige werkers raak. Dr. Omi beraam dat daar tot 100 miljoen sterftes kan wees. Nuwe tegnieke om geskikte entstowwe teen voëlgriep te kry word ontwikkel, maar voordat dit vrygestel kan word is daar nog etlike maande vir kliniese toetsing nodig.

'n Bydraende faktor tot die probleem is dat die lande waar voëlgriep 'n groot impak kan hê te arm is om die entstof te bekostig. Dokters sal nie veel meer kan doen as om toe te kyk hoe hul pasiënte sterf nie – dit is te sê as hulle self oorleef. Ons sal maar moet sien of dr. Omi se voorspelling gaan waar word.

### *'n Teken van Wêreldwye Afvalligheid in die Christendom (1 Tim 4:1)*

Die Bybel sê dat die laaste dae gekenmerk sal word deur 'n massiewe afvalligheid van die *"geloof wat eenmaal aan die*



*heiliges oorgelewer is"* (Judas 3). Die Nuwe-Testamentiese Kerk is op die leerstellings van die apostels en profete gebou (Ef. 2:20-22). Die laaste verse van die Bybel waarsku dat *"as iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is"* (Openb. 22:18-19), maar tog wys die geskiedenis dat daar 'n wegbeweeg is van die leer van die apostels soos opgeskrywe in die heilige, geïnspireerde Woord van God.

Die **Rooms-Katolieke kerk** het mense vir eeue verbied om die Bybel te lees, en hul tot onlangse gebruik van Latyn het liturgiek vir baie onverstaanbaar gemaak. Die leerstellings van Rome het bygevoeg en weggelaat uit die Woord van God. Leerstellings soos die babadoop, skuldbelydenis aan 'n priester, gebede vir dooies, redding deur goeie werke, selibaatskap van priesters, gebede van die heiliges, die vagevuur en aanhoudende offers van die Mis, is alles heidense afgodery en word nêrens in die Bybel gevind nie.

Dit was egter nie tot Desember 1854 dat pous Pius IX die onbevlekte ontvangenis van die maagd Maria as 'n noodsaaklike leerstelling van die Katolieke kerk verklaar het nie. Van toe af het die verering van Maria toegeneem, en vandag word aanvaar dat sy na die hemel opgevaar het en daar as middelaar intree vir dié wat tot haar bid. Sommige in die Katolieke kerk wil ook voorstel dat Maria as **medeverlosser saam met Jesus Christus aanvaar moet word**!

**Die Protestantse Hervorming** (1517) het die leerstellings van die Rooms-Katolieke kerk teengestaan en die Bybel vir alle mense beskikbaar gestel. Baie is vrygemaak van hierdie afvallige stelsel van valsheid, maar met verloop van tyd het ook die Protestantse denominasies moderne teologie begin aanhang. Die verbale inspirasie van die Woord van God word ontken; baie belangrike leerstellings aangaande die Persoon van Christus en Sy plaasvervangende offer word verwerp.

Die Lambeth Konferensie (1998) waar 735 biskoppe van die Anglikaanse kerk wêreldwyd bymekaar gekom het, het bewys hoe Protestantisme deel van die afvallige hoofstroom geword het. Daar is gedebatteer of die kerk die huweliksbevestiging tussen homoseksuele sal uitvoer en of homoseksuele persone toegelaat sal word tot die amp van priester. Die voorstel is egter verwerp toe 520 biskoppe vir ortodokse moraliteit gestem het.

Sommige ortodokse biskoppe het gedreig om die Konferensie uit protes te verlaat, en Alexander Malik, biskop van Lahore in Pakistan, het in die *'Guardian Weekly'* van 16 Augustus te kenne gegee dat baie biskoppe hoogs ontsteld is oor homoseksuele huwelike en ordinasie van aktiewe homoseksuele persone. Hy sê (aangehaal in Engels): *"It is not gay-bashing to uphold the authority of Scripture. It is a matter of faith and dogma. What will we do at the next Lambeth Conference when people ask for blessings for union with their pet animals?"*

Die webwerf *'The Times on Line'* van 22 November 2004 rapporteer dat sommige Anglikaanse predikante in die geheim homoseksuele huwelike bevestig, ten spyte van die besluit van die Lambeth Konferensie. Die verslag lui: *"The Church of England is yielding to increasing pressure to conduct gay 'weddings' as the Civil Partnerships Act recognizing same-sex unions comes into force next year (2005). Ceremonies by Anglican priests blessing lesbian and gay partnerships increased by 10 percent last year to 300 in England alone"*.

Die homoseksuele "Christelike" beweging se verspreiding van homoseksuele liturgie neem toe. Dit word gedoen in voorbereiding vir die wetswysiging en die verwagting dat daar tot 'n duisend sulke bevestigings 'n jaar sal plaasvind. Nege uit tien sulke seremonies word deur heteroseksuele priesters bevestig. Ondanks pogings van die konserwatiewes in die wêreldwye Anglikaanse hiërargie om 'n streng Bybelse lyn te behou, neig die Westerse kerk om 'n liberale pad te volg.

Biskoppe hou hulle blind vir homoseksuele seremonies wat plaasvind. Amptelik weier kerke om burgerlike seremonies op hulle gronde toe te laat, maar daar is planne om **homoseksuele Christene** na die tyd ʻn nie-amptelike Anglikaanse "pienk troue" te bied. Daar sal ongetwyfeld teenkanting wees vanuit die Anglikaanse kerk en dit kan daartoe lei dat baie lede die kerk sal verlaat en onafhanklike gemeentes sal vorm.

Nog ʼn vorm van afvalligheid kom voor in die emosionele tonele wat gesien word in buitengewone "wonderwerke", "geloofsgenesings", "heilige lagbuie", "brabbeltaal", "val in die gees", die uitdrywing van demone en profetiese uitsprake. Hierdie beweging staan bekend as die "Toronto Blessing" as gevolg van hul verbintenis met Vineyard kerke in Toronto (Kanada).

Die "Toronto Blessing" en geassosieerde bewegings het uiters gewild geword, wêreldwyd versprei en vele hoofstroom kerke binnegedring. Sommige van hierdie groepe is betrokke by die "Laaste Dae Bevrydingsbediening". Hulle glo basies dat elke sonde ʻn demoon is, en dat ons volmaak sondeloos kan wees as die sondes (demone) uitgedryf word. Dit is ongetwyfeld die "*leringe van duiwels*" waarvan die Bybel praat. Hul teorie hou voor dat ʼn groot aantal mense in die laaste dae op hierdie manier sondeloos gemaak sal word en so die Bruid van Christus gemaak sal word. Daar word ook geleer dat slegs Christene wat volmaak sondeloos is deel van die Wegraping kan wees!

Die Bybel waarsku ons teen hierdie afvalligheid in die laaste dae: *"Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang"* (1 Tim. 4:1).

Jesus waarsku ons dat die laaste dae gekenmerk sal word deur valse profete wat baie sal mislei. Toe daar gevra is wat die teken van Sy koms sal wees, het Hy gesê: *"En baie valse profete sal*

*opstaan en baie mense mislei"* (Mat 24:11). Jesus het ook gewaarsku: *"Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"* (Mat 7:22-23).

Ekumeniese Christendom word gekenmerk deur afgodery, humanistiese geloof, emosionaliteit in plaas van geestelike realiteit en die verdraagsaamheid van homoseksualiteit. Hierdie tekens maak dit duidelik dat ons onsself in die laaste dae bevind!

### ***Die Teken van die Nasie van Israel***

Die teken van die nasie van Israel is die duidelikste teken van die Here se *"koms en die voleinding van die wêreld"* (Mat 24:3).

God het 2 000 jaar v.C. 'n verbond met Abraham gesluit en aan hom, sowel as sy nageslag, die land Kanaän as 'n ewige besitting belowe (Gen 17:1-8). Hy het later weer Sy beloftes aan Isak en Jakob, wie se naam Hy na Israel verander het, bevestig (Gen 26:1-5; Gen 27:26-29).


Onder die Mosaïese verbond, in ongeveer 1500 v.C., het die kinders van Israel 'n nasie geword en het God die Levitiese priesterskap bevestig - *"en hulle salwing moet vir hulle 'n ewige priesterskap in hulle geslagte wees"* (Eks. 40:15).

Met die beëindiging van die veertig jaar swerftog deur die woestyn, en in voorbereiding om die beloofde land wat God aan hulle gegee het in te neem, het God aan hulle voorwaardes gegee waaronder hulle die land sal inneem (Palestynse verbond: Deut 28-30). God het drie dinge vir Israel gesê:

1) As julle My gehoorsaam, sal julle geseënd wees **in die land** (Deut. 28:1-14).
2) As julle ongehoorsaam is, sal julle beleër word en **uit die land gedryf** word en *"'n spreekwoord en 'n spot wees onder al die volke waarheen die Here jou sal wegvoer"* (Deut. 28:37).

3) As al hierdie dinge oor Israel gekom het, en hulle keer terug na God, sal God medelye met hulle hê en **hulle na die land laat terugkeer -** *"en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen die Here jou God jou verstrooi het"* (Deut. 30:1-3), om Sy beloftes te vervul wat Hy aan Abraham gemaak het (Deut. 30:20).

Ongeveer 1000 v.C. het God 'n verbond met Dawid gesluit dat sy saad altyd oor Israel sal regeer (2 Sam. 7:11-29). God het gesê *"jou troon sal vasstaan tot in ewigheid!"* (2 Sam. 7:16), en geskiedenis wys daarop dat die nageslag van Dawid geregeer het tot en met die tyd dat Israel deur God geoordeel is vir haar sonde en na Babilon weggevoer is. Sedekía was die laaste koning van Juda, maar hy was verwerp as die *"onheilige, goddelose vors van Israel"* (Eseg. 21:25-27) en al sy seuns is deur Nebukadnésar doodgemaak (Jer. 52:10-11). Sedekía was die broer van die vorige koning Jójakim en nie sy seun nie. Jójagin, die seun van Jójakim, was alreeds deur Nebukadnésar se tweede inval na Babilon weggevoer, en dit was sy nakomelinge wat die lyn behou het en konings vir die ewige troon, wat aan Dawid belowe is, voorsien het.



**'n Voorstelling van die fisiese familielyn van Jesus Christus**

Die lyn van Dawid kan tot en met Jesus Christus deurgetrek word. Hy is die Seun van Dawid, deur Josef (Matt. 1:1-7) en Maria (Luk. 3:23-38).

Soos die engel gesê het: Jesus Christus is die Erfgenaam van Dawid se troon – *"en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy*

*koninkryk sal daar geen einde wees nie"* (Luk. 1:31-33).

Toe Jesus Christus Homself aan die volk voorgestel het as die *"Gesalfde, 'n Vors"* (Dan. 9:25) en Koning van Israel, het die leiers van die volk Hom as Messias verwerp en Hom aan 'n Romeinse kruis gekruisig. In vervulling van Dan. 9:26 het die Romeinse leërmagte, onder leiding van Titus, die stad agt-en-dertig jaar later (70 n.C.) vernietig, en die Jode is regoor die wêreld versprei waar hulle tot vandag toe voortbestaan.

Die verstrooiing van die Jode het plaasgevind net soos daar in die Palestynse verbond gewaarsku is (Deut. 28:15 tot Deut. 29:29). Die rede vir hierdie verstrooiing was as gevolg van die volk se verwerping van hulle Messias!

Baie Skrifgedeeltes het die terugkeer van Israel in die laaste dae voorspel. Israel is steeds in die hart van God se plan vir die uiteindelike seëning van die wêreld, en sonder 'n goddelike aardse nasie van Israel kan die koninkryk van God nie op aarde gevestig word nie. God het aan Abraham 'n belofte gemaak: *"En Ek sal jou 'n groot nasie maak ... en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word"* (Gen. 12:2-3).

Esegiël het geprofeteer dat daar in die *"laaste jare"* 'n dag sal kom waartydens Israel na hulle land sal terugkeer (Eseg. 38:8, 16), maar **steeds in ongeloof** (Eseg. 36:24-27; Eseg. 37:22-29). **Ná** al hierdie gebeure sal hulle deur erge verdrukking, *"'n tyd van benoudheid vir Jakob"*, gaan (Jer. 30:7). God sal dit gebruik om hulle tot berou en uiteindelik die erkenning van Jesus Christus as die Messias te bring. Wanneer Jesus Christus aan die einde van die groot verdrukking terugkom, sal die oorblyfsel van Israel 'n geredde nasie wees. Die Here sê: *"en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun"* (Sag. 12:10).

Dit is 'n wonderwerk dat Israel na 2 000 jaar van verstrooiing

onder al die nasies steeds hulle identiteit behou het, en in hulle eie land as 'n onafhanklike nasie, tussen die nasies van die wêreld, verenig het. Geen ander nasie in die geskiedenis van die mensdom het dit al vermag nie.

Op 14 Mei 1948, om 16h00, het David Ben-Gurion die Onafhanklikheidsverklaring gelees, en teen 18h10 dieselfde dag het Amerika die staat van Israel as onafhanklik erken. Dit het massiewe immigrasie tot gevolg gehad en vlugtelinge het van regoor die wêreld oor die grense van Israel ingestroom. Die eerste sensus in 1948 het 'n totale bevolking van 713 000 Jode en 69 000 Arabiere getoon. **Volgens die "*CIA World Fact Book*",** gedateer 1 Januarie 2004, was Israel se bevolking 6 199 008. Dit sluit 197 000 Israeliete van die Wesbank in, ongeveer 20 000 in die Golanhoogland, meer as 5 000 in die Gazastrook asook 177 000 in Oos-Jerusalem. In 2004 is gereken dat daar ongeveer 5.2 miljoen Jode en 1 miljoen Arabiere in die land is.

Israel kan spog met oorwinnings oor groot weermagte in groot konflikte met hulle Arabiese bure. In 1948-1949 word die Onafhanklikheidsoorlog gewen. Op 29 Oktober 1956 volg die Suez-krisis, gevolg deur die Sesdaagse Oorlog op 5 Junie 1967 en later, op 6 Oktober 1973, die Yom Kippur-oorlog.

Israel word as een van die mees gevorderde nasies van die wêreld beskou, en is 'n wêreldleier op tegnologiese gebied. Met 'n Joodse bevolking van omtrent die grootte van Sydney in Australië, het dit sy eie verkenningsatelliete, 200 kernplofkoppe en 'n lugmag wat deur die wêreld beny word. Verder beskik hulle ook oor 'n verdedigingsindustrie wat op wêreldmarkte vir die voorsiening van gesofistikeerde wapens kompeteer. Sy eie missiele word vergelyk met die bestes wat in die VSA of Rusland geproduseer word!

Al hierdie is vervullings van Bybelse profesieë wat voorspel het dat Israel in die laaste dae 'n militêre mag sal word: *"En **Juda sal***

***ook in Jerusalem veg** ..."* (Sag. 14:14), en *"die land Juda sal vir die Egiptenaars 'n skrik wees ..."* (Jes. 19:17). *"In dié dag sal Ek die stamhoofde van Juda maak soos 'n pan met vuur onder 'n hoop hout en soos 'n brandende fakkel onder gerwe – **hulle sal regs en links al die volke rondom verteer**; maar Jerusalem sal nog bewoon wees op sy plek in Jerusalem"* (Sag. 12:6).

### *Die Tempel in Jerusalem gaan Herbou word*

God het Jerusalem gekies om Sy Naam te vestig en dit was die enigste plek waar Israel toegelaat is om te offer: *"en daarheen moet julle jul brandoffers bring en julle slagoffers en julle tiendes en die offergawe van julle hand en julle gelofte en julle vrywillige offers en die eersgeborenes van julle beeste en van julle kleinvee"* (Deut. 12:5-6). Daar het Salomo die eerste tempel gebou wat later deur Nebukadnésar in 586 v.C. vernietig is. Na die sewentigjarige Babiloniese ballingskap het Serubabel dit in 517 v.C. herbou, maar koning Herodes het dit in 20 v.C. gerekonstrueer. Volgens Joh. 2:20 het dit 46 jaar geneem om die tempel te bou. Die finale afrondings was nog nie op daardie stadium voltooi nie.

In 70 n.C. is die tempel deur die Romeine vernietig, en die versameling van die halfsikkels is gestop. Hierdie offergawe was wat die manlike Jood ouer as twintig jaar moes betaal het vir die instandhouding van die tabernakel (Eks. 30:11-16).

Die Bybel sê dat die tempel gedurende die sewejaar groot verdrukking, voor Christus terugkeer om te regeer, herbou sal word (Matt. 24:15; 2 Thess. 2:4 en Openb. 11:1-2). Die Heidene sal toegelaat word om die voorhof van die tempel binne te gaan (Openb. 11:1-2). Die Roomse prins, die Antichris, sal egter ná die bekering van Israel, aan die einde van die eerste helfte van die groot verdrukking, teen hulle draai, die tempel beset en 'n afgodsbeeld van homself oprig. Dit word *"die gruwel van die verwoesting"* (Matt. 24:15; Dan. 9:27) genoem.


Met die begin van die duisendjarige Vrederyk van Jesus Christus sal daar, soos beskryf word in Esegiël 40 tot 48, 'n

groter tempel opgerig word. Die priesterdiens sal hervat word en brandoffers sal deur die priesters geoffer word.


Enige vordering met betrekking tot die konstruksie van die tempel is van groot belang en dui daarop dat die groot verdrukking, wat die dag van die Here is, op hande is. Die Wegraping van die ware Kerk, wat die dag van die Here voorafgaan (1 Thess. 5:1-9; 2 Thess. 2:1-12; Openb. 3:10), moet dus baie naby wees.

Daar is gedurende 1997 in die *Jerusalem Post* aangekondig dat die maak en versameling van die halfsikkel, soos deur Moses in Exodus 30:11-16 beskryf word, weer sal begin. Advertensies sê dat dit "as 'n spesiale fonds vir die opbou van Jerusalem" sal dien.

Een van die opskrifte lees in Engels:




'n Ander opskrif lees in Engels:




Die "heilige" halfsikkel word aan Jode regoor die wêreld verkoop. Dit word eenmaal per jaar as 'n donasie gegee om as "tempelskat" toegewy of eenkant gehou te word. Voordat Israel 'n soewereine staat geword het kon eiendom soos hierdie, geheilig vir die tempel ('hekdesh'), nie veilig bewaar word nie. Israel het egter tans haar eie sekuriteitstelsels en die "heilige" halfsikkel kan nou veilig bewaar word. Op 26 Maart 1998 is die eerste van hierdie muntstukke tydens 'n seremonie in Jerusalem geskenk, en het Reuven Prager, wat vir vyftien jaar aan die projek gewerk het,

gesê (aangehaal in Engels): "*With the sound of this coin dropping (into a special casket), THE EXILE OFFICIALLY ENDS.*"*(Met die klank van hierdie geldstuk wat in 'n spesiale houer val, HET DIE BALLINGSKAP FORMEEL TEN EINDE GEKOM.)*

Volgens die ou "*trumat ha lishkah*"-seremonie is die "*hekdesh*" in 'n spesiale kamer gestoor en vir die betaling van daaglikse gemeenskapsorg gebruik. Dit wat oorgebly het is gebruik om Jerusalem voor te berei vir die drie pelgrimvakansies en die opbou van die mure van die stad.

Ons weet dat koning Joas, wat ongeveer 856 v.C. geregeer het, die "heilige" halfsikkels bymekaar gemaak het om die afgebreekte tempel te herstel. Reuven Prager, wat daarop aanspraak maak om 'n Leviet te wees, sê: *"Ons rol was om die voorwerpe te maak en hulle te onderhou. Dit is my werk. Ek maak die voorwerpe"*.

Volgens die "*Your Jerusalem*" van April 1998, wil Reuven Prager die volgende doen: *"Om 'n aktiewe rol te speel in die herbou van die tempel en om die Messias te bring … Sy weergawe van die herbou van die tempel stem nie ooreen met ander organisasies wat toegewy is aan dieselfde doel nie. Hy maak dit duidelik dat hy nooit sal droom om die moskee wat op die Tempelberg staan te vernietig nie; hy glo eerder dat 'n versigtige lees van die Koran sal onthul dat die Moslems goedgunstig ten opsigte van die herbou van die*




The Herald of Hope Keys to Bible Prophecy No 2 ©JR Ecob 1998

*tempel behoort te wees. "*

Dit is presies wat die Nuwe Testament ons leer. Gedurende die groot verdrukking is Johannes aangesê: *"Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin bid. Maar die VOORHOF buitekant die TEMPEL MOET JY UITLAAT en dit nie meet nie, WANT DIT IS AAN DIE HEIDENE GEGEE; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig (42) maande lank vertrap"* (Openb. 11:1-2).

### *Die Oslo-Vredesverdrag*

Die Oslo-vredesverdrag is 'n ooreenkoms tussen Israel en die Palestynse Vryheidsorganisasie met die doel om vrede in Israel te handhaaf. Dit is gedurende September 1993 in Oslo, Swede, onderteken. Die *"Declaration of Principles (DOP)"* beveel twee fases aan. Die eerste fase gee Jerigo, Gaza, Hebron en 'n gedeelte van die Wesbank aan die Palestynse Vryheidsorganisasie terug. Die tweede fase handel oor die vraag van Arabiese vlugtelinge en die status van Jerusalem. Om dit eenvoudig te stel: dit verdeel die land soos daar in die Bybel voorspel word! Joël sê: ***"In** dié dae ... **sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Josafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en** MY LAND WAT HULLE VERDEEL HET"* (Joël 3:1-2).

Daniël verduidelik dat die Antichris homself nie net sal vestig *"op die berg van heilige prag"* en *"hom groot hou bo enige god"* nie, maar sal ook *"GROND AS **BELONING UITDEEL**"* (Dan. 11:36-45). Die Antichris sal, soos reeds genoem, van Europa en die herleefde Romeinse ryk (tans besig om onder die vaandel van die Europese Unie te vorm) afkomstig wees. Daniël verduidelik dat die Antichris 'n sewejarige verbond met Israel sal *"bevestig"* of *"versterk"*. Na drie-en-'n-half (3½) jaar sal hy dit verbreek en die tempeloffers tot 'n einde bring. Die huidige poging om die tempel te herbou dui daarop dat ons nader beweeg aan die einde van die eeue! Is dit moontlik dat die Oslo-verdrag die ooreenkoms sal wees wat versterk of bevestig sal word?




**'n Diagrammatiese uitleg van die fases van Jesus Christus se tweede koms**

***'n Joodse Sanhedrin en Monargie***

Gedurende Oktober 2004 is die Sanhedrin, bestaande uit een-en-sewentig lede, deur die ortodokse Jode hervestig. Hulle het op 'n gereelde basis begin vergader om inspraak en advies te lewer rakende die nasie se toekoms. Die eerste minister Sharon se vrysettingsplan, wat Joodse gemeenskappe verwyder het van die Wesbank en Gazastrook, is veroordeel, en soldate en polisie is verhoed om aan die ontruiming deel te neem. Die nuwe Sanhedrin wou toesien dat 'n monargie die huidige demokratiese regeringstelsel vervang. Stappe is geneem om geskikte persone te identifiseer wat hulle eie herkoms kan deurtrek tot by Dawid, en baie Jode het dit reeds gedoen.

Die Bybel leer dat hulle nie in hul doelwit sal slaag nie. Esegiël skryf dat die troon van Dawid omvergewerp sal word en *"**nie bly nie**, totdat Hy kom wat daarop reg het en aan Hom sal Ek dit gee"* (Eseg. 21:27). Die engel Gabriël het gesê dat Christus *"sal die troon van sy vader Dawid kry"* (Luk. 1:32).

Die Jode sal egter daarin slaag om die *"familie van die huis van Dawid"*, teenwoordig by die terugkeer van Jesus Christus (die Seun van Dawid), te identifiseer.

Die geslagsregister van Jesus Christus is alreeds in Matthéüs 1 en Lukas 3 uitgelê. Sagaria skryf die volgende in verband met daardie tyd: *"En die land sal rouklaag by geslagte, elke geslag afsonderlik;* ***die geslag van die huis van Dawid afsonderlik****, en hulle vroue afsonderlik"* (Sag. 12:12).

### *Wêreldwye Terrorisme*

Sedert 1979 is daar 'n nuwe soort veiligheidsbedreiging wat die nasies van die wêreld in die gesig staar. Op 11 September 2001 het terrorisme 'n nuwe dimensie aangeneem toe die twee torings van die Wêreldhandelsentrum vernietig is. Hierdie gebeurtenis sal in die geskiedenis onthou word as 'n draaipunt in wêreldgebeure.

Ons weet uit die profesieë dat daar in die eerste helfte van die groot verdrukking 'n massiewe aanval op Israel sal wees. Oor die afgelope paar jaar waarsku "*Jane's Intelligence Digest*" dat 'n konvensionele oorlog teen Israel beplan word. Vroeg in die groot verdrukking, met die oopmaak van die tweede seël, sien Johannes 'n rooi perd en "aan hom wat daarop sit, is dit gegee om **die vrede van die aarde af weg te neem** en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee" (Openb. 6:4). Dit kan dui op 'n toestand van wêreldwye anargie, maar kan ook volgens die skrywer met wêreldwye terrorisme verbind word. Terrorisme het geen ontsag vir die regte van onskuldige mense nie. Terroriste se doel is om alles dood te maak wat voorkom en skep 'n atmosfeer van vrees en verlies aan veiligheid; vrede en sekuriteit word weggeneem.

Soos wat ons nader aan die groot verdrukking beweeg, neem die bedreiging van terrorisme toe en 'n klimaks sal kort na die Wegraping bereik word.

As ons na die volgende tabel kyk, word ons herinner aan Joël se profesie aangaande die laaste groot oorlog voordat Christus terugkom: *"Roep dit uit onder die nasies,* ***heilig 'n oorlog****! Wek die helde op, laat al die krygsmanne nader kom, opruk*! ***Smee van julle***

## *Wêreldwye Militêre Uitgawes - 2001n.C.*

*(In biljoene dollar)*

### VSA en Vennote

| | |
|---|---|
| VSA | 396.1 |
| Kanada | 7.7 |
| Israel | 9.0 |
| Australië | 6.6 |
| Saoedi-Arabië | 27.2 |
| Taiwan | 8.2 |
| Emirate | 3.9 |
| Koeweit | 2.6 |
| Suid-Korea | 11.8 |
| Singapoer | 4.3 |
| Filippyne | 1.1 |
| **Totaal(11)** | **$478.5 - 58.5%** |

### Europese Lande

| | |
|---|---|
| VK | 34.0 |
| Frankryk | 25.3 |
| Duitsland | 21.0 |
| Italië | 15.5 |
| Spanje | 6.9 |
| Nederland | 5.6 |
| Swede | 4.2 |
| Pole | 3.7 |
| Griekeland | 3.3 |
| Noorweë | 2.8 |
| Denemarke | 2.4 |
| België | 2.2 |
| Portugal | 1.3 |
| Tsjeggiese Republiek | 1.1 |
| Luxemburg | 0.9 |
| Hongarye | 0.8 |
| Joego-Slawië | 0.5 |
| **Totaal(17)** | **$131.5 -16.0%** |

### Suid-Amerika

| | |
|---|---|
| Brasilië | 17 .9 |
| Argentinië | 3 .1 |
| Colombië | 2 .1 |
| Kuba | 0 .7 |
| **Totaal(4)** | **$23 .8 - 2.9%** |

### Rusland & Moslem Lande

| | |
|---|---|
| Rusland | 60.0 |
| Iran | 9.1 |
| Turkye | 5.1 |
| Pakistan | 2.6 |
| Egipte | 2.1 |
| Irak | 1.4 |
| Libië | 1.2 |
| Sirië | 0.8 |
| Soedan | 0.7 |
| **Totaal(9)** | **$83 .0 -10.15%** |

### Konings van die Ooste

| | |
|---|---|
| China | 42 .0 |
| Japan | 40 .4 |
| Indië | 15 .6 |
| Viëtnam | 1 .8 |
| Noord-Korea | 1 .3 |
| **Totaal(5)** | **$101 .1 - 12.4%** |

**Groottotaal $817.9 biljoen**

**Bron:**


*"Senter vir Verdedigingstudies"*

***pikke swaarde en van julle snoeimesse spiese**; laat die swakke sê: Ek is 'n held"* (Joël 3:9,10).

*"En op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer **SEE EN BRANDERS DREUN**, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom"* (Luk. 21:25,26).

Die bogenoemde vers vorm deel van Christus se antwoord op die dissipels se vraag: *"Wat sal die teken wees van U koms en die einde van die wêreld"*. Jesus se antwoord word duidelik gestel: oseaanversteurings sal voorkom en groot vrees sal onder die mense gewek word. Volgens die skrywer is die 2004 tsoenami aan die kus van Sumatra 'n gedeeltelike vervulling van die tekens van die laaste dae, maar volgens die Skrif sal erger dinge tydens die groot verdrukking plaasvind. Toe Paulus aan die Hebreeuse gelowiges geskryf het, het hy hulle aangemoedig om *"die onderlinge byeenkomste by te woon, mekaar te vermaan EN DIT DES TE MEER **NAMATE JULLE DIE DAG SIEN NADER KOM**"* (Heb. 10:25).

Paulus het aangedui dat alhoewel ons nie die dag en tyd kan bepaal nie, dit wel vir Christene **moontlik sal wees** om die *"dag te sien nader kom"*. Iemand het gesê "komende gebeure gee altyd 'n skaduwee", en soos die dag van die Here (die groot verdrukking) nader kom moet ons verwag om die onweerswolke te sien saamtrek.




Dit is ook duidelik uit die Bybel dat rampe in **intensiteit sal toeneem**, soos wat die eindtyd nader kom. Jesus verwys na die eerste helfte van die sewejarige groot verdrukking as die *"begin*

*van smarte"*. Die geboortepyne soos wat die geboorte nader kom word meer gereeld en meer intens. Dit is dus nie onredelik om te verwag om, soos wat die Here se koms nader beweeg, meer rampe op 'n meer gereelde basis te sien nie.

'n Ondersoek van die rekords van tsoenami's dui daarop dat die Desember 2004 tsoenami deur 'n groot aardbewing veroorsaak is (9 op die Richterskaal). Geen ander tsoenami het al tot hierdie grootskaalse verwoesting en hoë sterftesyfer gelei nie. Selfs die naskokke het tot 7 op die Richterskaal geregistreer, wat as 'n groot aardbewing gereken word. Twaalf dae na die aanvanklike aardbewing was daar 'n naskok van 6 op die Richterskaal.


Tsoenamirampe kom algemeen voor in areas waar seismiese aktiwiteite dikwels langs aardbewingsgebiede ondervind word. Hierdie sones beweeg vanaf Alaska, verby Japan, tot in Indonesië, verby Papoea Nieu-Guinee en af tot by Nieu-Seeland. Nog 'n diep sloot loop vanaf noord na suid langs die weskus van Noord- en Suid-Amerika.

Die relatiewe dun laag van die aarde dryf op gesmelte rots, en buig en draai soos wat die maan skuif en ook die gety styg en sak. Aardbewingsgebiede is ook areas met volop vulkaniese aktiwiteite en ontploffings wat die oorsaak van 'n tsoenami kan wees.

### ***Krakatoa 1883***

Een noemenswaardige geval is Krakatoa, 'n eiland langs die kus van Indonesië, wat in 1883 'n vulkaniese uitbarsting gehad het. Dit het 'n tsoenami van 120 voet (36.57m) hoog langs die kus van Jawa en Sumatra veroorsaak. Ongeveer 36 000 mense is dood. Die bevolking van Indonesië was in 1883 baie minder en toerisme was nie so gevorderd soos vandag nie.

Voor die uitbarsting wat 'n reuse ontploffing tot gevolg gehad het, het die eiland vanaf 'n 1 000 voet (304.8m) onder die see tot 2 660 voet (810.7m) bo seevlak gestyg. Die ontploffing het




**'n Voorstelling van die oppervlak van die aarde onder die Stille Oseaan**

21 kubieke kilometer rotse in die lug geslinger. Rots en as is oor 'n gebied van 800 000 vierkante kilometer versprei (300 000 vierkante myl). Skeepvaart is deur al die drywende puimsteen beïnvloed. Die geraas van die uitbarsting kon so ver as Sydney en Tokio gehoor word, en klankgolwe het vir jare om die aardbol bly tril.

Hierdie dinge is egter niks in vergelyking met wat in die groot verdrukking gaan gebeur nie. Johannes skryf: *"'n Groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword,* ***en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan****"* (Openb. 8:8-9).

'n Derde van die lewende wesens in die see sal vernietig word. Hulle bloed sal die waters van die oseaan verkleur. Dink net aan die tsoenami's wat met hierdie tipe versteuring in die oseane van die wêreld sal voorkom. 'n NASA wetenskaplike het gespekuleer dat die as van die aarde met 'n voet geskuif het na die tsoenami van Desember 2004. In Januarie 2005 was sy aanname nog nie bevestig nie en is daar op satellietopmetings gewag.

Die Bybel gee egter vir ons 'n aanduiding dat die aarde gedurende die groot verdrukking sal "wankel". Jesaja skryf: *"Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan wankel, die aarde word geheel en al geskud. Die aarde waggel geheel en al soos 'n dronkaard en swaai heen en weer soos 'n naghut; en sy*

*oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie"* (Jes 24:19-20).

Wetenskaplikes sê dat die aarde alreeds binne perke "wankel", maar dit is niks in vergelyking met wat gedurende die groot verdrukking sal gebeur nie.

***Tsoenamirampe Wat Geskiedenis Herskryf***

Geen tsoenami, afgesien van Krakatoa, kom naby aan die lewensverlies wat gelei is tydens die Indonesiese tsoenami van Desember 2004 nie. Hier volg 'n selektiewe lys van vorige tsoenamirampe soos opgestel deur die Universiteit van Suid-Kalifornië en ander bronne (www.usc.edu/dept/tsunamis/).



1765: China – 10 000 sterftes
1771: Japan – 13 000 sterftes
1782: Taiwan – 50 000 sterftes
1815: Indonesië – 10 000 sterftes
1868: Chili – 26 000 sterftes
1883: Indonesië – 36 000 sterftes
1896: Japan – 27 000 sterftes
1908: Messina, tussen Italië en Sicilië, ongeveer 60 000 sterftes
1917: Indonesië – 15 000 sterftes
1941: Indië – 5 000 sterftes
1946: Aleoetiese Eilande, Alaska – 165 sterftes
1960: Chili – tussen 490 en 2 290 sterftes
1975: Hawaii – meer as 122 sterftes
1976: Filippyne – 8 000 sterftes
1992: Nicaragua - 170 sterftes en ernstige skade, 9.7m branders en aardbewings het 7.2 op die Richterskaal (RS) gelees.
1992: Indonesië – 1 000 sterftes en ernstige skade, 26m branders en aardbewings het 7.5 op die RS gelees
1994: Indonesië - 250 sterftes en $2.2 miljoen skade, 14m branders en aardbewings het 7.2 op die RS gelees
1994: Kuril Eilande, Rusland (Ooste) - 11 sterftes en skade, 9m branders en aardbewings het 8.1 op die RS gelees

1994: Indonesië - 238 sterftes
1994: Filippyne - 62 sterftes en $25 miljoen skade, 10m branders en aardbewings het 7.0 op die RS gelees
1996: Irian Jaya, Indonesië - 161 sterftes
1998: Papoea Nieu-Guinee - ongeveer 3 000 sterftes, 15m branders en aardbewings het 7.0 op die RS gelees
2001: Peru - ongeveer 100 sterftes, 7m branders en aardbewings het 8.3 op die RS gelees
2002: Papoea Nieu-Guinee - 5 sterftes en 5.5 m branders
2004: Indonesië – meer as 168 000 sterftes, 5 miljoen vlugtelinge, biljoene dollar skade en aardbewings wat tot 9 op RS gelees het.

### *Ander Natuurlike Rampe*

Die Desember 2004 tsoenami is egter nie die ergste natuurramp in die geskiedenis nie. Die "*Time Magazine*" van 10 Januarie 2005 sê dat die grootste natuurlike ramp in China voorgekom het toe die Yangtzerivier in 1931 oorstroom het. Soveel as 145 000 mense het verdrink en 3 miljoen mense is dood as gevolg van hongersnood en siektes wat gevolg het. In 'n meer onlangse geval in 1970 het sikloniese vloede 300 000 lewens in Bangladesj geëis. In 1923 het 'n massiewe aardbewing in Tokio en Jokohama in Japan by benadering 140 000 lewens geëis.

### *Siektes: die Grootste Oorsaak van Sterftes*

Die grootste van alle wêreldrampe, afgesien van die Bybelse vloed in Noag se tyd, was die Swart Dood-plaag van 1347 – 1350. Binne ongeveer twintig jaar het een derde van die bevolking van Engeland, Europa en die Nabye Ooste gesterf. Die presiese getal sterftes kan nie akkuraat vasgestel word nie, maar dit kan tot 40 miljoen wees: 25 miljoen in Europa en tot 'n helfte daarvan net in Engeland alleen. Rusland en die Nabye Ooste se getalle is nie bekend nie.

Die lewensverlies was so groot dat daar 'n tekort aan werkers was en nuwe voorwaardes vir indiensneming is vereis deur landbouers, wat die geleentheid gesien het om in opstand te

kom. Die Swart Dood-plaag het op skepe vanaf die Verre Ooste gekom en was deur vlooibedekte rotte op hawens oorgedra.

Die Groot Plaag van Londen was ook ‘n onmiskenbare ramp en het in 1665, volgens die *Oxford Encyclopedia of World History,* 70 000 lewens geëis.

Ná die Eerste Wêreldoorlog het die wêreldwye griep-epidemie (1918) **22 miljoen** lewens geëis, meer as die sterftes tydens die oorlog. Volgens die "*Timetables of History*" deur Bernard Grun, was daar gedurende die Eerste Wêreldoorlog 8.5 miljoen sterftes, 21 miljoen beserings en 7.5 miljoen gevangenes en vermistes. Die VIGS-epidemie wat tans in Afrika en Asië lewens eis, blyk om veel erger as alle vorige plae te wees. Ten spyte daarvan dat groot bedrae geld op navorsing bestee word, het die wetenskap geen antwoorde nie.

’n Groot aantal navorsing word gedoen om vroeë waarskuwingstekens rakende tsoenamirampe te voorsien. Ongeveer die helfte van die Amerikaanse bevolking van 280 miljoen mense lewe in ‘n vyftig kilometer radius van die kuslyn. Weens die feit dat 'n tsoenami met dieselfde spoed as dié van ‘n straalvliegtuig beweeg, is dit baie moeilik om voldoende waarskuwings uit te stuur vir ontruiming.

Lande aangrensend aan die Stille Oseaan het belê in ‘n stelsel wat vroegtydig waarskuwings uitstuur. Lande rondom die Indiese Oseaan het egter besluit om nie waarskuwingsmaatreëls te tref nie, en dit het daartoe gelei dat tienduisende nie vooraf oor die 2004 tsoenami gewaarsku is nie. Vroeëwaarskuwingstelsel is nou geïnstalleer en dus sal mense in die toekoms betyds gewaarsku kan word.

Hulp is vanaf ryk lande soos die VSA, die Verenigde Koninkryk en Australië aangebied, en mediese spanne het binne die eerste week na die ramp gearriveer. Dit was egter te laat vir baie van die oorlewendes wat te erg beseer was. In die

onhigiëniese tropiese toestande het siektes die lewens van baie bedreig, en owerhede was bang dat die sterftes kon verdubbel. Dit het egter nie gebeur nie. Daar was klagtes dat noodlenings te lank geneem het om by hul bestemmings uit te kom. Pad- en spoorverbindings was egter vernietig, en almal wat kos, water en mediese voorraad voorsien het, het van helikopters of skepe gebruik gemaak. Dit blyk asof daar vergeet word dat 'n aardbewing voor die tsoenami alreeds groot skade berokken het.

### *Die Ergste Moet Nog Plaasvind*

As hulpverlening soveel struikelblokke ná net een ramp in die gesig staar, hoe erg gaan dit nie in die komende tyd van groot verdrukking wees as een ramp op die ander mekaar volg nie? Jesus het aangedui dat daar chaos sal wees ná die Wegraping - *"as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie"* (Matt. 24:22). Dink net hoe dit sal wees as die volgende gebeure in 'n sewe jaar periode kort op mekaar volg:

1. Vrede sal van die aarde weggeneem word, en daar sal oorloë, hongersnode en siektes wees wat 25% van die wêreldbevolking sal uitwis (Openb. 6:4-8).
2. Groot aardbewings sal die aarde skud en *"die stede van die nasies sal val"* (Openb. 16:19). Groot stede soos Tokio, Sjanghai, Los Angeles, Mexiko, ensovoorts het miljoene mense. Mense sal na die spelonke en rotse van berge vlug en vreesbevange word (Openb. 6:12-17).
3. 'n Groot "brandende" berg sal in die see val en 'n derde van die lewende wesens in die see en 'n derde van die skepe sal vernietig word (Openb. 8:8).
4. Die aarde sal 'n droogte van drie-en-'n-half jaar ondervind. Hael en weerlig sal 'n brand veroorsaak wat een derde van die bome en gras sal vernietig (Openb. 8:7; 11:6).
5. Rusland en 'n alliansie van die nasies sal probeer om die Midde-Ooste te beset, maar God sal hulle op die berge van Israel verstrooi soos wat Israel haarself tot God bekeer en die Messias aanvaar (Eseg. 38-39; Joël 2).
6. Demoniese aktiwiteite sal 'n nuwe hoogtepunt bereik as 'n

bodemlose put (die Griekse woord *"abussos"* beteken bodemloos) geopen word en geestelike wesens die mense aanval (Openb. 9:1-11).

7. 'n Wêreldheerser uit die herleefde Romeinse ryk sal 'n groot invloed uitoefen, en sal homself as God verklaar in die herboude tempel in Jerusalem. Op hierdie stadium sal al die Jode hulle tot Christus bekeer het, en die Antichris sal hulle wil vernietig. Hy sal elke godsdiens op aarde probeer vernietig sodat hy alleen aanbid kan word (Openb. 13:1-18; 2 Thess. 2:1-12).
8. Asië sal betrokke raak in 'n oorlog wat 'n derde van die wêreldbevolking sal uitwis. 'n Leër van 200 miljoen sal in die Midde-Ooste saamtrek (Openb. 9:14-21).

Hierdie gebeure is slegs sommige van die Bybel se profesieë rakende die sewe jaar voor Christus se terugkoms om die nasies te oordeel en Sy ewige koninkryk te vestig. Enige pogings om verligting in hierdie omstandighede te bring, sal misluk.

Jesus het gewaarsku dat die groot verdrukking nasies in benoudheid en radeloosheid sal dompel (Luk. 21:25). Die Griekse woord *"benoudheid"* beteken "angs", en *"radeloosheid"* beteken *"om in verleentheid te wees, nie te weet wat om te doen nie, om geen uitweg te hê nie"*.

### ***Voorbereiding vir die Laaste Dae***

Dit is duidelik uit die tekens wat bespreek is dat ons die einde van die huidige dispensasie asook die tweede koms van Christus nader. Alhoewel ons Israel, Europa, Rusland en die wêreld se nasies vir verdere ontwikkelings dophou, kan profesieë wat nog vervul moet word, ná die Wegraping of tydens die sewe jaar groot verdrukking reeds besig wees om af te speel. Gebeure volg vinniger opmekaar, en meeste hiervan word nie in die media bekend gemaak nie – ons kan moontlik selfs nader daaraan wees as wat ons dink.

Daar is een belangrike gebeurtenis wat die "dag van die Here" 'n

aanvang sal laat neem, en daar word in die Bergpredikasie hierna verwys. *"Dan sal daar twee op die land wees; en die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat"* (Matt. 24:40-41).

Hierdie verse is deel van die Bergpredikasie wat **voordat die Kerktydperk begin het** aan **Joodse dissipels** gelewer is. Hulle het die Wegraping van die Kerk as blote "vermiste persone" beskou. Eers nadat God die verborgenheid van die Kerk aan Paulus geopenbaar het, is daar verstaan dat die identiteit van die vermiste persone na die Kerk verwys (Ef. 3:1-7). Nadat die Wegraping plaasgevind het, sal daar 144 000 Jode uit die twaalf stamme van Israel wees wat in Jesus Christus sal glo en deur God verseël sal word om die evangelie van die koninkryk te verkondig: naamlik dat die Koning sal kom om Sy koninkryk te vestig (Matt. 24:14). Die vervolging sal intens wees en die Antichris sal aanbidding vereis. Baie wat weier om sy merk te dra sal doodgemaak word (Openb. 7:1-17; 13:1-18; 20:4).

Ware gelowiges wat in die Tydperk van die Kerk lewe sal **nie** in die groot verdrukking wees nie. Paulus verklaar: "Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat **die dag** julle soos 'n dief sou oorval nie... Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe" (1 Thess. 5:4, 9-10).

Die vraag is: "Is jy gereed?" As die Wegraping op hierdie oomblik moet plaasvind, sal jy die Here tegemoet gaan (1 Thess. 4:13-18) of sal jy agterbly en deur die groot verdrukking moet gaan? *"Die een word aangeneem, en die ander verlaat"!*

### *Hoe kan jy gereed maak?*

Die Bybel sê dat Jesus Christus, alhoewel Hy God is, as mens aarde toe gekom het. Hy is Emmánuel, *"God met ons"*, maar Hy was ook Jesus die Christus wat Sy volk van hul sondes wou

verlos het. Hy het ons nie net kom wys hoe om te lewe nie, maar het ook in ons plek aan 'n kruis gesterf. Daar het Hy as die Seun van God sonder sonde ons sondes gedra. Die profeet Jesaja skryf: *"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel ... en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape ... maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom"* (Jes. 53:5-6).

God het die mens geskape en in die tuin van Eden geplaas met 'n vrye wil om te kan kies tussen goed en kwaad. Adam is deur Satan versoek en Adam het gekies om nie gehoorsaam te wees aan God nie, en so het deur een mens (Adam) "die sonde in die wêreld ingekom" en "deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring" (Rom. 5:12). Die loon van die sonde is die dood volgens Romeine 3:23.

Ons as mense sal een of ander tyd in ons lewens teen God oortree as ons sonde doen. God het ons egter lief en wil ons vergewe en die verhouding tussen ons en Hom herstel. *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê"* (Joh. 3:16). "*God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was"* (Rom 5:8).

Alhoewel God lief is vir ons kan Hy nie ons sondigheid oorsien nie. Nie een van ons kan ooit sê dat ons nooit een van God se gebooie breek nie. Ons kan skaars 'n dag deurgaan sonder om ten minste een van Sy gebooie te breek en daar is tien gebooie. Dit maak ons skuldig voor God, en geen hoeveelheid goeie werke of godsdienstigheid kan ons red en versoening doen vir ons sonde nie. Daar is net een manier volgens die Bybel: "*Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie"* (Ef. 2:8-9).

Christus het Sy kosbare bloed as 'n offer aan God gestort en daarmee die vereistes van God se volmaakte wet volbring – dit

wat ons nie kon doen nie. Nou is daar geen redding in enige ander naam nie, *"want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie"* (Hand. 4:12).

Om gered te word van hierdie strafbare posisie voor God, moet ons tot bekering kom deur te glo dat ons skuldig is, en dat Jesus Christus in ons plek gesterf het aan die kruis van Golgota om te betaal vir ons sonde. Deur 'n eenvoudige en opregte geloof in Jesus Christus as ons persoonlike Verlosser en Saligmaker, sal ons met God versoen word en wedergebore word (Tit. 3:5).

Liewe leser, die keuse is joune. Wat gaan jy met Jesus Christus doen? Jy kan Hom met 'n eenvoudige geloof aanneem en jou sondes voor Hom bely en gered word, of jy kan Hom verwerp en vir ewig verlore wees. Die tyd is kort, en die Wegraping en daarna die gebeure van die groot verdrukking kom nader. *"Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is"* (Jes. 55:6). *"Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie"* (1 Joh. 5:12).
Almal sal voor God moet staan om te antwoord wat hulle met Sy genade in die Here Jesus gedoen het. **Wat sal jou antwoord wees?**


'n Voorgestelde gebed as jy nog nie Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser en Saligmaker aangeneem het nie, is die volgende:

*"Hemelse Vader, ek weet dat ek 'n sondaar is en glo dat Jesus Christus vir my sondes gesterf het aan die kruis van Golgota. Ek bely my sonde voor U en ontvang Jesus Christus nou as my persoonlike Saligmaker en Heer. In Jesus Christus se Naam."*


God sal jou gebed hoor en belowe dat *"elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word"* (Rom. 10:13).


# DEEL 6

# *'n Oorsig van die Boek van die Openbaring van Jesus Christus*




" *Skryf die dinge op wat jy gesien **het,** die wat **is,** sowel as die wat **gaan** gebeur". (Openb. 1: 19)*


'n Oorsig van die Boek Openbaring
Copyright © J R Ecob 2003
1 2 3
Johannes op die eiland Patmos
Die sewe gemeentes van Asië gesien
as die sewe stadiums van Christendom
4 5
Die Kerk word weggeraap
en kom voor die Troon
'n Deur geopen in die hemel en die Kerk word weg-geraap
144 000 Jode verkondig die evangelie
6 7
Antichris neem beheer met
wêreldwye terreur & vrede
3.5 jaar droogte & hongersnood begin
25% van die mensdom sterf
Israel bekeer by 'n inname uit die
Noorde - wêreldwye aardbewing
ISRAEL
Menigtes sterf 'n martelaarsdood
Seëloordele
1 260 dae
Evangelie van die koninkryk verkondig aan Israel
Die Kerk ontvang beloning by die Regterstoel van Christus
8 9
Vier ekologiese rampe -
bome, die see, riviere en die son getref
Satan word uit die hemel gewerp
Die put van die afgrond word geopen
9
200 miljoen weermag uit die Ooste berei
voor om 'n derde van mensdom te dood.
7de Seël - Basuinoordele
Wee
Wee
10 11 12 13 14
Sewe donderslae se boodskap verseël
Twee Joodse profete gedood
Israel vlug na woestyn skuilplek
Antichris sit in die tempel
Engele word getuies aan Israel
Israel
MIDDELPUNT VAN 7 JAAR
"gruwel van die verwoesting"
15 16 17 18
Sewe laaste plae uitgegiet op die
volgelinge van die Dier, die see,
riviere, son, koningkryk van
die Dier. Konings van die Ooste
steek Eufraat oor
Valse Christendom - Verborge
Babilon die Grote verbrand
deur die Antichris
Ewige evangelie verkondig deur engel
1 260 dae
7de Basuin - Skaaloordele
Wee
19
Antichris en die valse profeet
gewerp in die poel van vuur.
Die lewende nasies geoordeel.
Die hemel geopen, Christus kom terug met Sy heiliges
Die Bruilofsmaal van die Lam
Die dier en die valse profeet
20
Die 1 000 jaar Vrederyk van Christus as Koning van konings op die troon van Dawid in Jerusalem
Satan en alle ongereddes in die poel van vuur
21 22
Die aarde verbrand met vuur.
Die nuwe hemel en die nuwe aarde
Die nuwe Jerusalem daal uit die hemel neer



Die Wegraping van die Kerk
Die Kerk by die Regterstoel van Christus vir Beloning
Die TWEEDE KOMS van CHRISTUS met Sy HEILIGES
Die evangelie van die genade van God word deur die Kerk verkondig
Die wat "in Christus" gesterf het sal eerste opstaan en die lewende gelowiges sal verander word
Die evangelie van die Koninkryk word deur 144 000 Jode verkondig
2 getuies word weggeneem
Die ewige evangelie word verkondig deur 'n Engel
Die wet van die Here verkondig deur die Jode
144 000 Verseël
Tempel herbou
Israel bekeer
Tempel offerdiens stop
Israel vlug na 'n veilige skuilplek in die woestyn
Israel verwelkom hulle Messias
Die Verdrukking gelowiges opgewek
Die Antichris sluit 'n 7 jaar vredesverdrag met baie
Verower Egipte, ander & heilige land
1 260 dae
Die gruwel van die verwoesting
1 260 dae
Seëls 1 2 3 4 5 6
DIE SEWENDE SEËL = DIE SEWENDE BASUIN
Die Antichris geopenbaar
Aardbewings
BASUINE 1 2 3 4 5
6
DIE SEWENDE BASUIN = SEWE SKALE
SEWE SKALE 1 2 3 4 5 6 7
4 Ekologiese oordele
1ste Wee - afgrond oopgemaak
2de Wee - 'n 200 miljoen man weermag word voorberei
3de Wee - Oordeel val op die heidennasies, die Antichris, en die vals godsdiens
Die inname van Israel
Die konings van die Ooste en al die nasies versamel vir die slag van Armageddon
Lewendes wat gered is onder die nasies (skape) gaan in die koninkryk
Lewendes wat ondegered is (bokke) word in die hel gewerp
1 000 jaar tot en met die opstanding van almal - om te verskyn voor die groot wit troon
Copyright © J R Ecob 2001
Die Kerktydperk vanaf Pinkster tot en met die Wegraping
DIE DAG VAN DIE HERE = DIE GROOT VERDRUKKING = ISRAEL SE 70ste WEEK = DIE TYD VAN JAKOB SE BENOUDHEID
1 000 jaar Vrederyk heerskappy van Christus op die aarde

### *Inleiding tot die Boek van Openbaring*

Die laaste boek in die Bybel, die Openbaring van Jesus Christus, is nie moeilik om te verstaan as ons die "sleutelvers" tot die verklaring van die boek van Openbaring verstaan en gebruik nie. Daardie sleutelvers wat die Here ons gegee het word uitgelê in Openbaring 1:19 en verdeel die boek Openbaring in drie dele. Hierdie drie dele identifiseer en onderskei die gebeure in die konteks van die verlede tyd, die huidige gebeure en die



toekomstige gebeure. Met ander woorde, die gebeure wat sal plaasvind oor die tydperk vanaf die ontvangs van die Openbaring, deur die vroeë Kerktydperk, tot en met die aanbreek van die nuwe hemel en die nuwe aarde.



Die **SLEUTELVERS** lees soos volg:
*"**Skryf** die dinge op **wat jy gesien het,** die **wat is** sowel as die **wat gaan gebeur**"* (Openb. 1:19).

Hierdie laaste boek in die Bybel is vir ons 'n openbaring van ***"die dinge"*** (profetiese gebeure) *"wat gou moet gebeur"* (Openb. 1:1). In hoofstuk een ontvang Johannes 'n visioen (openbaring) van die opgestane Here Jesus Christus. In hoofstukke 2 en 3 vind ons sewe briewe wat aan "*die sewe gemeentes in Asië*" geskryf is (Openb. 1:4), briewe wat die Here se tevredenheid oor die goeie dinge en Sy besorgdheid oor hul geestelike toestand aan hulle oordra. In hoofstuk 4 tot hoofstuk 22 lees ons 'n beskrywing van daardie gebeure wat nog toekomstig is en wat begin met die woorde: "*Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat **ná** hierdie dinge **moet** gebeur*" (Openb. 4:1).

Die ***"dinge ... wat jy gesien het"*** is dus eerstens die visioen wat Johannes op die eiland Patmos ontvang het.

Die ***"dinge ... wat is"*** beskryf tweedens die sewe gemeentes (kerke) van Asië wat letterlik in Johannes se tyd bestaan het, maar wat ook as tipes van enige individuele Kerk, reg deur die geskiedenis, beskou kan word. Hulle is ook 'n uitbeelding van die

historiese vordering van die Kerk vanaf die uitstorting van die Heilige Gees tot en met die Wegraping, met ander woorde tot en met die voltooiing van die Kerktydperk.

Die ***"dinge ... wat gaan gebeur"*** is laastens die gebeure wat nog toekomstig is: vanaf die Wegraping van die Kerk, gevolg deur die Verdrukking, tot en met die terugkeer van Jesus Christus na die aarde om Sy Vrederyk (wat 'n duisend jaar sal duur) te vestig, die tweede opstanding, en die ewige nuwe hemel en nuwe aarde.

Ons ***hét*** dus in hierdie verse 'n sleutel tot die uitleg van die boek Openbaring ontvang. God het dit soos volg verdeel:

| | | |
|---|---|---|
| ***"dinge … wat jy gesien het…"*** **Hfst. 1** | ***"dinge … wat is…"*** **Hfst. 2-3** | ***"dinge … wat gaan gebeur."*** **Hfst. 4-22** |

### *DEEL 1 - DIE DINGE WAT JY GESIEN HET (Openbaring 1)*

Die Openbaring (αποκαλυψις/apokalupsis) van Jesus Christus aan Johannes op die eiland Patmos, is die "ontsluiering" van die "*dinge wat binnekort (skielik) moet plaasvind.*" God die Vader het hierdie **gebeure** wat tot voordeel van "*Sy dienaars*" strek aan Christus geopenbaar, en Christus het dit aan Johannes deur Sy engel oorgedra**.**

Die boek begin met 'n visioen van die Here Jesus Christus in die gedaante van sy volle Goddelikheid wat soos volg beskryf word:

a) Hy is die tweede Persoon van die God drie-eenheid saam met die Vader en die Heilige Gees. Hy is gelykstaande aan en tot in ewigheid sonder begin en sonder einde (v.4-5).
b) Hy is die "*getroue getuie*" - volmaak ten opsigte van Sy aardse getuienis (v.5).
c) Hy is die "*eersgeborene uit die dode"* - niemand kon voor Hom in dieselfde opstandingskrag opstaan nie (v.5).

d) Hy is die "*Owerste oor die konings van die aarde*" - Hy heers nou op die troon van die hemel, en sal eendag regeer as Koning van konings en Heer van here op die aarde en oor die aarde, op die troon van Dawid (v.8).
e) Hy is "*die Alfa en Omega, die begin en die einde*", die Skepper en finale Regter (Oordelaar) van die hele skepping.
f) Hy is die ewige God, "*wat is en wat was en wat kom, die Almagtige*" (v.8), daar is niemand in die hemel of op die aarde groter as Hy nie.

Die beskrywings hierbo bevestig net weereens vir ons die absolute Godheid van onse Here Jesus Christus. Enige ander minderwaardige beskrywing van Hom sou bloot *"'n ander Jesus"* wees (2 Kor. 11:4).

Die uiteindelike hoogtepunt en seëviering van God se plan is die oorwinning van Christus oor alle magte van boosheid, hetsy menslik of demonies. En Johannes roep dan uit: *"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!"* (*Openb.* 1: 7).

Met Christus se tweede koms sal elke knie moet buig ... en elke tong sal moet bely dat Jesus Christus die Here tot heerlikheid van God die Vader is (Fil. 2: 10-11). Hy sal sigbaar op die wolke van die hemel kom, soos deur die Engel verklaar is (Hand. 1:9-11), en soos Jesus sélf gesê het sal gebeur (Matt. 24:34).

Die volk Israel, *"hulle wat Hom deursteek het"*, sal wanneer Jesus weer terugkom hulle fout besef en berou hê. Hulle "*sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun*" *(Sag. 12:10)*. En in daardie tyd sal 'n mens vra: "*Watter wonde is daardie tussen jou hande? dan sal hy antwoord: So is ek geslaan in die huis van my vriende*" (Sag. 13:6).

*Kyk, Hy kom in die wolke van die hemele,*
*Elke oog sal Hom sien, verhewe omhoog;*

*Israel wat Hom deurboor het sal hard uitroep,*
*En hulle sal onthou:*
*die kruis, die graf, en die wolk.*
*Die Alfa, Omega, begin en einde,*
*Hy sal sy engele stuur vir Sy uitverkore volk,*
*En heidene wat nou voor Hom neerbuig, sal val,*
*Wanneer Jesus, eindelik, gekroon word as HEER VAN ALMAL!*
***(digter onbekend)***

### *Die Gebruik van "Die Dag van die Here"*

Johannes sê: *"Ek was in die Gees op die dag van die Here"*. Hier verwys *"die dag van die Here"* na die eerste dag van die week waartydens die gelowiges vroeër vir gemeenskap saam gekom het. Ons moet onthou dat die Here op die eerste dag van die week, tydens die fees van die Eerste Vrugte, opgestaan het uit die dood. Hy was die *"eersteling … van die wat ontslaap het"* (1 Kor. 15:20-23). Die Kerk is gebore op Pinksterdag, wat ook die eerste dag van die week was. Christene word nie gevra om die Sabbatdag te onderhou nie, want volgens God is die Sabbat *"'n teken tussen My en die kinders van Israel tot in ewigheid"* (Eks. 31:15-17; Kol. 2:16). Dit was dus nog altyd 'n teken aan Israel en nie die Kerk nie.

Die ander gebruike van die *"dag van die Here"* is heeltemal verskillend van die gebruik daarvan in Openb. 1:10. Hierdie *"dag van die HERE"*, wat meer gereeld in die Bybel gebruik word, verwys na daardie tydperk wanneer God Sy toorn en oordele oor die nasies sal uitstort. Dit sal gedurende die sewentigste (70ste) week van Daniël se profesie oor Israel (Dan. 9:24-27) plaasvind. Jesus noem hierdie dag "***'n tyd** van groot verdrukking"* (Matt. 24:21-29); Jeremia beskryf hierdie tyd as *"**die tyd** van Jakob se benoudheid"* (Jer. 30:7); Daniël noem dit *"**'n tyd** van benoudheid"* (Dan. 12:1); en Joël beskryf dit as *"**'n dag** van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag ..."* (Joël 2:1-2).

Die dag van die HERE vind **onmiddellik voor** die tweede koms van Christus na die aarde toe plaas (Matt. 24:29-31), en **kan nie begin voordat die Kerktydperk beëindig word** deur die

Wegraping van die Kerk nie. Paulus sê: *"Daardie dag, die dag van Christus, sal eers plaasvind as die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word"* (2 Thess. 2:1-9).

Nadat die Kerk verwyder of weggeraap is, sal die Antichris geopenbaar word en die laaste sewe jaar van Israel se geskiedenis sal begin. Die dag van die HERE begin met die klank van die basuin van God (1 Thess. 4:16; 1 Kor. 15:51-54). Basuine is in Israel gebruik om 'n opdrag van samekoms aan te kondig soos in die geval van 'n oorlog, of om mense te mobiliseer. Wanneer die basuin van God weerklink, sal dit eerstens 'n aankondiging wees dat die Kerk letterlik *"weggevoer"* gaan word (die Here tegemoet in die lug), tweedens dat die heidennasies gewaarsku word oor die komende en dreigende groot verdrukking, en laastens dat Israel gemobiliseer word as getuies van God gedurende die groot verdrukking!

### ***Johannes se Visioen van die Opgestane Here Jesus Christus***



Die visioen wat Johannes gesien het is baie duidelik. Johannes het gesê: *"Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag"* (Openb. 1:12-16).

Dit is soos die Here aan Johannes verskyn het. Dit is wat Johannes gesien het en dit is die eerste deel van die sleutelvers wat die boek Openbaring vir ons verklaar.

Johannes het na die visioen soos 'n dooie aan die voete van Jesus

geval, maar die Here het hom gerusgestel: *"Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood"* (*Openb.* 1:17-18).

Dit is op hierdie tydstip wat Johannes aangesê word om te ***"Skryf"***. Die kern skrifgedeelte volg hierna (Openb. 1:19):

1) *die dinge ... wat* ***JY GESIEN HET (verlede)***
2) *die dinge ... wat* ***IS (hede)***
3) *die dinge ... wat* ***GAAN GEBEUR (toekomstig)***

Daar is twee ander aspekte in hierdie visioen wat ons kennis van God en die boek van Openbaring sal uitbrei.

***Eerstens: die Getal Sewe***

Die getal **sewe** kom vier-en-veertig keer in Openbaring voor. Dit is die getal van "volheid" of "volmaaktheid", en die sewe goue kandelare dui op die sewe gemeentes in Asië (Openb. 1:20). Hulle beskryf ook die **volledige** Kerktydperk vanaf Pinkster tot en met die Wegraping. Die boek is daarom aan die hele Kerk geskryf en nie net aan die sewe kerke van Asië nie. Ons leer meer hieroor in hoofstukke 2 en 3.

***Tweedens: die Engele in Openbaring***

Daar is ses-en-sewentig verwysings na engele in hierdie boek. Geen ander boek in die Bybel openbaar soveel oor hierdie hemelse wesens nie. Die rede hiervoor is dat die groter gedeelte van die boek (hoofstukke 4-22) klem plaas op die dinge wat Johannes gesien het NADAT hy deur 'n geopende deur in die hemel opgeneem is (Openb. 4:1-2).

Vanaf hierdie punt word hy getoon *"wat na hierdie dinge moet gebeur"* (Openb. 4:1), met ander woorde ná die huidige Kerktydperk wat eindig met die geklank van die basuin en die Here se roepstem: *"Kom op hierheen"* (1 Thess. 4:16, 1 Kor. 15:52, Openb. 4:1).

## *DEEL 2 — DIE DINGE WAT IS*
## *(Openbaring 2 en 3)*

Die sewe gemeentes van Asië is aan die westelike kant van Turkye geleë. Christus openbaar Homself aan elkeen van hierdie gemeentes op 'n manier wat op daardie kerk se geestelike toestand van toepassing is. Net soos Christus voorspel het dat onkruid tussen die koring sal groei, voëls in takke sal bly en suurdeeg met meel gemeng sal word (Matt. 13:24-33), so dui die beskrywing van hierdie sewe gemeentes daarop dat afvalligheid in die plaaslike gemeentes gevind sal word. Die "oorwinnaars" in elke gemeente verteenwoordig die “ware Kerk”. Wat in werklikheid geopenbaar word, is hoe dit in die kerk sal wees tot en met die Wegraping van die ware gelowiges. Al wat daarna oorbly is die finale afvalligheid van Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde (Openb. 17:5).




**‘n Kaart wat die ligging van die sewe gemeentes van Asië aandui**

Die teenwoordigheid van die Heilige Gees in die ware Kerk weerhou die volle verwerkliking van die afvalligheid: "*Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, **uit die weg geruim is; en dan** sal die ongeregtige geopenbaar word. . .* "(2 Thess. 2:7-8).

Elkeen van die sewe briewe is 'n verslag wat Jesus Christus oor die volgende geestelike aspekte aan die gemeente gee:

a) Die openbaring van Christus aan daardie gemeente.
b) Sy aanprysing van daardie gemeente.
c) Sy veroordeling van daardie gemeente (behalwe Smirna en Filadelfia).
d) Sy vermaning van daardie gemeente.
e) Sy waardering vir die oorwinnaars (die geredde oorblyfsel).

Die sewe gemeentes van Asië verteenwoordig sewe stadiums van kerkgeskiedenis. Dit handel oor die tydperk vanaf die apostoliese Kerk tot en met die laaste dae (eindtyd) Kerk. Die oorwinnaars is die geredde oorblyfsel in alle tydperke wat weggeraap sal word. Die afvallige kerk sal deur die groot verdrukking gaan.

### *Die Gemeente van Efese — letterlik "wenslik"* **(Openb. *2:1-7)***

*Prakties*



Aan hierdie gemeente word die Here Jesus geopenbaar waar Hy tussen sewe kandelare loop. Die gemeente word geprys vir haar geduld, **getrouheid aan die Woord van God** en vir haar haat van die dade van die Nikolaïete wat gepoog het om hiërargiese gesag oor die gelowiges te bring (**nikolaïeties** beteken "seëvierend oor die mense"). Sy veroordeling is as gevolg van die feit dat hulle hul eerste liefde, naamlik Christus, verlaat het. Die vermaning is om te "*onthou...en te bekeer*" (Openb. 2:5). Onthou die vreugde van jou verlossing, bekeer jou van vormgodsdiens, en dien die Here met 'n blye, vreugdevolle en liefdevolle hart. Hulle word gewaarsku dat hul kandelaar van getuienis verwyder sal word as hulle nie bekeer nie.



*Profeties*


Die kerk in Efese is 'n beeld van die **vroeë apostoliese Kerk** wat die evangelie regdeur die wêreld versprei het (Kol. 1:6).

Die Here was in hulle midde, hulle het getrou die valse apostels uitgewys en teen hulle opgetree. Die vroeë Kerk het die Nikolaïete, wat 'n kerklike hiërargie wou inbring, teengestaan. Hulle het hul dade gehaat soos God dit gehaat het. Hierdie dade sluit die opkoms van die hiërargiese klas ('n aparte klas van leierskap) binne die Kerk in. Dit het die kanaal geword vir vormgodsdiens, tradisionalisme en bygelowigheid.

Die vroeë Kerk was aanvanklik fundamenteel in sy leer, maar tydens die tweede tydperk het hulle begin om hul eerste liefde te verloor. Uiteindelik was sy getroue verdediging van die groot leerstellings van die Woord van God nie meer as gevolg van 'n ryk en liefdevolle verhouding met Jesus Christus nie.

### *Die Gemeente van Smirna — letterlik "mirre"* **(Openb. *2:8-11*)**

***Prakties***



The Christian Martyrs' Last Prayer by the French artist Jean Leon Gerome Image: Bettmann/Corbis

Christus word geopenbaar as die "*eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het*" (Openb. 2:8). Hierdie gemeente word geprys omdat hulle vir Christus gely het. Daar is geen woord van teregwysing nie. Die Here is sag met dié wat ly, want Hy het self daardie pad geloop. ("*Wat dood was, en lewend is!*") Die dood is nie die einde nie, maar die weg tot finale oorwinning. Die vermaning is om "*getrou te wees tot die dood*" en die beloning is 'n "*kroon van lewe*". "*Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie*" (Openb. 2:11).

Die tweede dood (Openb. 20:14-15) wat die ewige poel van vuur is, kan hulle nooit skade aandoen nie. Party kan miskien op die brandstapel verbrand word hier op aarde, maar dit is niks in vergelyking met die oordeel van die hel se vuur wat voorlê vir dié wat ongered is nie. Lyding op aarde maak die beloning van die

hemel net soveel meer soeter, en ons word aangemoedig dat "*as ons verdra, ons met Hom sal regeer*" (2 Tim. 2:12).

***Profeties***



Die betekenis van Smirna is *"mirre"*, wat lyding impliseer omdat dit gebruik is in die begrafnis van geliefdes. Dit was deur Nikodémus gebruik toe hy die liggaam van onse Here Jesus Christus in die graf neergelê het (Joh. 19:39). Smirna verteenwoordig die tweede fase van kerkgeskiedenis – 'n tydperk wat kerk geskiedkundiges die "Tien Heidense Vervolgings" noem. Die Christene het baie erg onder die Romeine gely. Vele gelowiges het vir hulle geloof in Jesus Christus gesterf. Hierdie periode van vervolging het plaasgevind onder die heerskappye van die volgende keisers:

1. Nero (54-68 n.C.)
2. Domitianus (81-96 n.C.)
3. Trajanus (98-117 n.C.)
4. Markus Aurelius (161-180 n.C.)
5. Severus (193-211 n.C.)
6. Maksimus (235-238 n.C.)
7. Dekius (240-251 n.C.)
8. Valerianus (253-260 n.C.)
9. Aurelianus (270-275 n.C.)
10. Deokletianus (285-305 n.C.)

Die Bybel sê in Openb. 2:10: *"...en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee."*

Die vervolging is soms gerig op die leiers van die Kerk. Rome het gepoog om "die hoë takke korter te sny". Die Woord van God is geteiken, en diegene wat geweier het om hul afskrifte daarvan af te staan is doodgemaak. Ten spyte daarvan het die Kerk in hierdie tyd egter gegroei, en die "bloed van die martelare het die saad van die Kerk geword".

### *Die Gemeente van Pergamus — letterlik "getroud"* *(Openb. 2:12-17)*

***Prakties***



Aan hierdie gemeente is Christus met 'n *"tweesnydende swaard"* geopenbaar, want die Woord van God *"dring deur tot die skeiding van siel en gees"* (Heb. 4:12). Hierdie gemeente word geprys vir die feit dat sy vashou aan die Here se naam en nie die geloof verloën nie, selfs nie in die midde van vervolging nie. Veroordeling word egter uitgespreek oor die wat 'n kompromie aangegaan het deur die leer van Bileam en die Nikolaïete aan te hang. Dwaalleer was besig om in te sypel.

Ons moet onthou dat Bileam, die valse profeet, verbied was om Israel te vervloek, maar hy het Balak, die koning van Moab, toe eerder geleer hoe om Israel te vernietig deur immoraliteit en afgodery in hul geledere in te bring (Num. 25). Die gemeente van Pergamus was veronderstel om afgesonderd van afvalligheid en die sondes van die vlees te lewe. Die Bybel sê: "*Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie*" (1 Joh. 2:15). Tensy bekering plaasvind, sal die Here met die swaard van Sy mond veg teen die afvalliges om sodoende hulle van hul onheilige en wêreldse assosiasies te verwyder.

God sal hemelse manna en 'n *"wit keursteen"* van kwytskelding aan die oorwinnaars gee wat weier om deel te hê aan heidense feeste. Hulle sal ook 'n nuwe persoonlike naam ontvang, wat dui op 'n hegte persoonlike verhouding met Christus. (In Romeinse howe het lede van die hof 'n wit steen in 'n bak gegooi om onskuld aan te dui.)

***Profeties***



Pergamus beskryf die periode van kerkgeskiedenis vanaf 313 n.C. tot 600 n.C. toe die Kerk *'getroud'* was met die staat. Ná keiser Deokletianus was daar 'n magstryd in die Romeinse ryk. Die Romeinse keiser Konstantyn het verskyn as die onbetwiste heerser. Gedurende hierdie stryd om die heerskappy het hy beweer dat hy 'n visioen van 'n kruis in die hemel gesien het met die woorde "BY THIS CONQUER". Hy het die simbool van die kruis aangeneem en dit as 'n ikoon op baniere voor sy magte gehou, en homself begin vereenselwig met die groot aantal Christene wat vervolg was.

In 313 n.C. het Konstantyn 'n edik van verdraagsaamheid uitgereik. Sogenaamde Christenskap het die amptelike godsdiens van die Romeinse ryk geword, en as gevolg hiervan het hierdie vorm van "Christenskap" vermeng geraak met die mistiese Romeinse afgodediens en dit later oorgeneem en vervang.

Hierdie vorm van *"Christenskap"* het gewild geword, en in 325 n.C. het Konstantyn 'n vergadering van meer as 318 biskoppe tydens die Raad van Nicea gelei. Die Geloofsbelydenis van Nicea is saamgestel en die gewildheid van hierdie vorm van Christendom het die deure geopen vir 'n vloedgolf van bygelowigheid en dwaling. 'n Kloosterwese of monnikeorde, sekularisme, die verheerliking van Maria en gebede aan martelaars en heiliges het alles in hierdie tydperk begin, en die leierskap hiërargie het as 'n georganiseerde stelsel 'n bloeityd ervaar.

Die leer van Bileam, die verdraagsaamheid van afgodery en immoraliteit, die leer van die Nikolaïete, en die klerikale beheer van die kerk oor mense se lewens, was sekerlik kenmerkend van die Pergamus tydperk. Die Bisantynse staatskerk het die weg vir die Donker Eeue onder die pousdom se heerskappy gebaan.

### *Die Gemeente van Thiatire — letterlik "aanhoudende offer"* (Openb. *2:18-29)*



***Prakties***
Die Here openbaar Homself aan Thiatire as die "*die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper*" (Openb. 2:18). Christus word aan hierdie gemeente as veroordelend geopenbaar. Geen ander gemeente het tot sulke dieptes van verdorwenheid gedaal nie en daar is teen geen ander gemeente sulke verskriklike oordele uitgespreek nie. Aanhangers van Isébel het tot "*die dieptes van Satan*" gedaal, en God sal "*haar kinders … sekerlik doodmaak*" (Openb. 2:23).

Hul werke word meer geprys as hul geloof, maar hulle word deur die Here veroordeel vir afgodery en onsedelikheid wat deur die profetes Isébel ingestel is.

Daar is 'n duidelike parallel tussen die Isébel van die Ou Testament en die hoervrou van Openbaring. Isébel was die vrou van Agab, koning van Israel. Sy was ook die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs. Sy het die profete van die Here om die lewe gebring (1 Kon. 18:4,13), en 450 profete van Baäl en 400 profete van Asjéra finansieel ondersteun (1 Kon. 18:19). Verder het sy afgodery en onsedelikheid in Israel toegelaat en selfs aangemoedig. Geestelike afvalligheid gaan gewoonlik gepaard met sedelike verdorwenheid.



Die enigste woord van troos word aan diegene "*wat nie die dieptes van Satan geken het nie*" (v.24) gerig. Hulle moet "*vashou wat hulle het, totdat Ek kom*" (v.25) en dan sal hulle beloon word. Hulle sal saam

met Christus in Sy Vrederyk regeer. Die mense van hierdie afvallige Kerk sal deur die Verdrukking gaan en doodgemaak word. Die Rooms-Katolieke kerk sal voortgaan tot in die groot verdrukking: "*Kyk, Ek werp haar neer . . . en die wat met haar owerspel bedryf,* ***in 'n groot verdrukking..."*** (Openb. 2:22).

Gedurende die groot verdrukking sal die afvallige Roomse kerk geoordeel word: "*En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak*" (Openb. 2:23). Dit word in Openb. 17 beskryf waar die hoervrou, wat duidelik na die afvallige Christendom verwys, gedurende die Verdrukking gelei word deur Rome (Openb. 17:9,18). Nadat die afvallige Christendom die vierde dier tot in 'n posisie van magsbeheer gery het (die herleefde Romeinse ryk), sal die Antichris teen die Christendom draai: "*En die tien horings... sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand*" (Openb. 17:16).

Die afvallige Christendom het regdeur die Heilige Romeinse Ryk politieke magsbeheer gehad, en streef tans daarna deur 'n invloed uit te oefen op die Europese Unie. Slegs dié wat gered is sal egter saam met Christus regeer (Openb. 2:26). Aan hulle sal die "*môrester*" gegee word (hulle sal weggeraap word). Christus se tweede koms word vergelyk met die opkoms van die "*son van geregtigheid*" (Mal. 4:2), maar die "*môrester*" kom **eerste op.** Christus sal dus **voor** die groot verdrukking kom om dié wat gered is weg te neem in die Wegraping.

***Profeties***



Thiatire beskryf heel gepas die vierde fase van kerkgeskiedenis. Die pousdom het ongeveer 600 n.C. begin met Gregorius die Grote aan stuur van sake (590-604 n.C.). Die aanhoudende offer van die Mis het die sentrale kenmerk van die Rooms-Katolieke afgodediens geword. Thiatire is ook gekenmerk deur 'n vrou wat afgodery en onsedelikheid aan ander geleer het. Afgodery in die Bybel word hoerery, owerspel en ontug genoem (Eseg. 16:20-41).

Vervolgens het hierdie gemeente ook die karakter van Isébel gehad, sy wat die getroue profete van die Here om die lewe gebring het. Dieselfde brutale eienskap word in die Roomse kerk van hierdie tyd gesien: die kerk wat "*dronk is van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus"* (Openb. 17:6). Aanbidding in die Rooms-Katolieke afgodediens het ook 'n vrou in die middelpunt gestel. Maria word as "*die Koningin van die Hemel*" gesien en voorgehou. Hierdie heidense gebruik het reeds in Jeremia se tyd bestaan, en is deur God veroordeel by monde van Sy profeet (Jer. 45:15-27).

***Die Gemeente van Sardis — letterlik "min ontsnap" (Openb. 3:1-6)***

***Prakties***

Die Here openbaar Homself aan Sardis as die Een wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre (sewe engele) het.



"*Die sewe Geeste van God*" verwys na sewe goddelike eienskappe van die Heilige Gees. Hy is die Gees van God - "*...die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE*" (Jes. 11:2).

Hierdie gemeente ontvang weinig aanprysing. 'n Handjievol is nie verontreinig nie (v.4), maar Christus sê "*dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood*" *(v.1).* Daar word aan die gemeente gesê: "*Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.*" (v.3)

Die oorblyfsel, die oorwinnaars, sal in rein blink klere saam met die Here wandel, in die geregtigheid van die heiliges (Openb. 19: 8), 'n geregtigheid wat deur die Here Jesus toegereken sal word.

***Profeties***



Die gemeente in Sardis is 'n beeld van die kerk in die Hervorming wat in 1517 begin het toe Martin Luther sy vyf-en-negentig leerstellings aan die deur van die kerk in Wittenberg vasgespyker het. Hy het geprotesteer teen die verkoop van aflaatbriewe waardeur geld ingesamel is om die "St. Peter" katedraal in Rome te herstel.

In 1516 het Erasmus die eerste gedrukte Griekse teks saamgestel. Luther het dit in Duits vertaal en dit het daartoe gelei dat die bygelowigheid van die Rooms-Katolieke afgodediens aan mense ontbloot is. In plaas van redding deur werke is regverdigmaking deur geloof verkondig, en talle mense is gered. So kan ons dan die "*weinige ontsnaptes*", wat uitgebreek het uit die greep van die pousdom, identifiseer. Met die verloop van tyd het die Protestantse beweging formeel geword. Dit het egter steeds vasgehou aan die babadoop, 'n priesterlike hiërargiese stelsel, 'n ampsgewaad asook die vereniging van kerk en staat. Dit het 'n naam gehad dat dit die Bybelse leerstellings navolg, maar was van enige geestelike lewe ontledig. Protestantisme glo nie in millennialisme nie. Dit wil sê dat hulle verklaar dat die beloofde duisendjarige Vrederyk op aarde reeds bestaan, en ontken enige toekoms vir die staat van Israel of 'n Wegraping van die Kerk van Christus. Die Here sê: "*as jy dan nie wakker word nie (uitkyk vir Sy koms), sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie*" (Openb. 3:3).

***Die Gemeente van Filadelfia — letterlik "broederliefde" (Open. 3:7-13)***



***Prakties***

Die Here openbaar Homself as dié Een wat " *heilig is, hy wat getrou is, hy wat die sleutel van Dawid het en wat die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand*

*sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie.*" Dit is die ooglopende verwysing na Jes. 22:22 wat van die Christus praat as die regmatige Erfgenaam van die troon van Dawid wat "*afgekap*" sal word, en dat die heerlikheid van Sy vader se huis (Dawid se huis) "*afgesny" sal word.* Christus is op Golgota in 32 n.C. gekruisig of afgekap, en die heerlikheid van sy Vader se huis (Israel) is in 70 n.C. "*afgesny*"(v.25).

Hierdie gemeente ontvang 'n aanprysing van die Here en 'n geopende deur en hul vyande sal weet dat God hulle liefhet. Omdat hulle "*die woord gehou het*", het die Here beloof om hulle "*in die uur van beproewing wat oor die wêreld gaan kom*" (v.10), te beskerm. Hulle moet "*so vashou*" aan die lig van die Here se terugkoms en nie toelaat dat enigiemand hulle kroon wegvat nie. Jesus het gesê: "*Kyk, Ek kom gou!*". Oorwinnaars sal vir altyd by die Here wees, en sal "*nooit meer uitgaan nie*", en sal God se naam en die naam van die nuwe Jerusalem dra - die naam wat uitgehou is vir die Bruid (Openb. 21:2 en 9-10).

***Profeties***



Die gemeente in Filadelfia is 'n pragtige uitbeelding van die groot evangeliese ontwaking wat gedurende die 18de en 19de eeue plaasgevind het. Aan die begin van die 1700's het die Hervorming die mag van Rome in die noorde van Europa verbreek. Luther se Duitse vertaling van die Bybel is in 1522 voltooi, en Tyndale se Engelse vertaling in 1526. Die "King James" Bybel in 1611 wat 'n Engelse weergawe van die Bybel was, het universele aanvaarding verwerf en sendinggenootskappe het die Woord van God regoor die wêreld versprei. Rome kon feitlik niks doen om dit te stop nie. God het 'n deur vir hierdie kerk geopen wat niemand kon toemaak nie (Openb. 3:8)! Manne soos Wesley, Whitfield, Hudson Taylor, Moody, Finney, William Booth, C.T. Studd, die Morawiërs, die Broederskap Beweging en Geloofsending organisasies het almal toegesien dat menigtes tot redding in Jesus Christus kom. Die groot gesange gevul met diep leerstellings, wat Satan sy bes probeer om

van ontslae te raak, was in hierdie tyd geskryf.

Die boodskap van die hoop in die Here Jesus se spoedige terugkoms, is vurig en met baie ywer gepreek. God se planne vir Israel en die Kerk onderskeidelik het duideliker geword deur die prediking van lojale manne van God. Die Here se belofte is om hierdie gemeente uit die Verdrukking te hou: "*. . . in DIE UUR van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel*" (Openb. 3:10).


### *Die Gemeente van Laodicea — letterlik "die volk regeer" (Openb. 3:14-22)*



***Prakties***

Die Here openbaar Homself aan hierdie wêreldse gemeente as "*die getroue en ware getuie, die begin van die skepping van God*". Geen aanprysings word uitgespreek nie. Die Here sê: "*Ek sal jou uit my mond spuug*". Hierdie kerk is nie warm nie en nie koud nie. Dit is materialisties en gemoeid met aardse rykdom, maar God vind dit totaal bankrot, naak en blind. Die enigste oplossing is bekering, anders sal God se straf uitgestort word. Hier staan Christus **BUITE** die deur van die gemeente. Sy wys dat sy nie Christus nodig het om haar programme te bestuur nie. Sy is selfgenoegsaam en het "*niks nodig nie*". Dit is 'n gewilde kerk en weet niks van "*die struikelblok van die kruis*" (Gal. 5:11), dit wat kenmerkend is van 'n goddelike Kerk nie. Die Here se beroep is nie op hierdie kerk as geheel nie, maar op individue daarin. ***"As enige man** my stem hoor en die deur oopmaak, sal ek inkom **na hom,** en sal saam met hom 'n maaltyd nuttig, en hy met my."*

Hierdie kerk het Christus verwerp, en God het geen ander keuse as om die kerk in sy geheel te verwerp nie. Hy beroep Hom daarom op individuele mense - die goddelike oorblyfsel (oorwinnaars) wat saam met Hom sal regeer.



KERKGESKIEDENIS VOORUIT GESIEN IN DIE SEWE GEMEENTES VAN ASIË
n.C. 100 200 300 400 500 600 700 800 900 1000 1100 1200 1300 1400 1500 1600 1700 1800 1900 2000
Die apostoliese Kerk - EFESE
32n.C.
SMIRNA
Tien Heidense Vervolgings
1. Nero (54-68)
2.Domitianus(81-96)
3.Trajanus (98-112)
4.Markus Aurelius (161-180)
5.Severus(193-211)
6.Maksimus (235-238)
7.Dekius(240-251)
8.Valerianus(253-260)
9.Aurelianus(270-275)
10.Deokletianus(285-305)
313
PERGAMUS
Die Staatskerk
Biskoppe aangestel deur die kerk
Die ryk verdeel tussen Oos & Wes(395)
Laaste Westelike keiser (476)
Pelagius(d.420)
Augustinus(354-430)
Die 1 000 jarige Vrederyk leer vergeestelik deur Augustinus - (428)
Konstantyn se dekreet van toelating (313)
600
THIATIRE
Die Pousdom Kerk
Pouslike oppermag Gregorius die Grote (604)
Die "Heilige" Romeinse ryk (800-1804)
Die Inkwisisies (1163 tot die 18de eeu)
Die Agste Kruistog 1095 1270
Die Raad van Trent
1517 n.C.
DIE DONKER EEUE
Mohammed (570-632)
Die groot skeuring tussen die Oostelike en Westelike kerke (1054)
Konstantinopel verower deur die Moslems (1453)
Napoleon (d.1821)
keiser Wilhelm, Hitler
E.U.
SARDIS
Die Protestanse Hervorming
Die Puriteine (1625-1660)
Luther (d.1546)
Calvyn(d.1564)
Knox(d.1572)
Zwingli (d.1531)
Newton (d.1807)
Astruk Hoër Kritiek
Ekumeniese beweging
Wêreldraad van Kerke (1948)
1700 n.C.
Hugenote (Franse Protestante) (1555-1685)
FILADELFIA
Sendingkerk
Die Broeders Beweging
Brainard
China Binnelandse Sending (1865)
CT Studd
J Wesley
J Whitfield
W Booth
DL Moody
Morawiër herlewing
1900
LAODICEA
Charismatiese beweging
Gnostisisme
Origines (d.250)
Arrianisme
Paulus se marteIaarsdood
Pre-millenialisme verkondig
Nestorius (d.428)
Die Nestoriuse kerk in Persië evangeliseer China, Indië, Sri-Lanka, Wes-Afrika en Noord-Europa
Pauliniste in Armenië
Waldense-Spanje, Oostenryk en Duitsland
Petrus se martelaarsdood
Jakobus se martelaarsdood
242
Manicheïsme
Kathare & Albigensies
Uitvinding van drukwerk (1450)
G. Muller
C. Finney
Geloofsending
Nuwe Testament voltooi 96 n.C.
Peshitta Syriac 170
Die Latynse Vulgaat (405)
(170)
Gotiese
Etiopies
Georgies
Armenies
Koptiese en Italies
Handgeskrewe Griekse manuskripte gepreserveer in die Bisantynse ryk
Hebreëuse teks gepreserveer deur die Jode
Wycliffe se vertaling (1380)
Erasmus se Griekse teks (1516)
Tyndale se vertaling (1525)
Luther se vertaling (1522)
K.J.V (1611)
R.V(1881)
Pre-millenialisme Die tweede koms boodskap hersien
Moderne weergawe
W&H Griekse teks
NKJV (1979)

***Profeties***



Die Laodicea kerktydperk was 'n tydperk waar die menslike intellek oorgeneem het. Die Woord van God was vir hulle nie meer die finale outoriteit oor kwessies rakende geloof en gedrag nie. Die kerktydperk waarin ons tans is, is besig om op dieselfde manier tot 'n einde te kom as wat Israel die tydperk van die Rigters afgesluit het. *"Elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë"* (Rigters 21:25).

Die Christendom het ontsettende rykdom verwerf en kan nie meer soos Petrus sê: "*silwer en goud het ek nie*" (Hand. 3:6). Oneerlike leiers het 'n welvaartevangelie begin verkondig, en uitermatig ryk geword soos wat hulle mense met bedrieglike aansprake op genesings en wonderwerke mislei.

Die vermeerdering van moderne weergawes van die Skrif wat op korrupte manuskripte gebaseer is, die aanvaarding van evolusie (teïsties en andersins), die gebruik van "gospel rock"-musiek, die bevordering van vrouens in die amp van kerklike leierskap, die verdraagsaamheid jeens alternatiewe lewenstyle asook ekumeniese inklusiwiteit getuig daarvan dat "*die volk(mens)*" in Christendom "*regeer*". Die Here is gereed om hierdie kerk uit Sy mond te spuug!"

**DEEL 3: DIE DINGE HIERNA**
**(Openbaring 4-22)**

Ons kom nou by die TOEKOMSTIGE GEBEURE wat ná hierdie huidige KERKTYDERK sal volg. Die profetiese gebeure van hierdie tydperk wat ons sal behandel is soos volg:



1) Die Wegraping van die ware Kerk.
2) Die Verdrukking op die aarde.
3) Die opkoms, regering en ondergang van die Antichris.
4) Die groot verdrukking (die tyd van Jakob se benoudheid) - Israel se 70ste "*week*".
5) Christus se tweede koms.

6) Christus se duisendjarige Vrederyk.
7) Die nuwe hemel en die nuwe aarde.

## *1)* DIE WEGRAPING VAN DIE WARE KERK (Openb. 4:1 tot 5:14)

Ons weet dat ons die derde deel van die Openbaring bereik het wanneer Johannes 'n geopende deur in die hemel sien en 'n stem hoor sê: "*Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat* ***ná*** *hierdie dinge moet gebeur*" (Openb. 4:1).

Daar ontvang Johannes dan ʻn voorskou van die toekomstige gebeure, dit wat verby hierdie huidige Kerktydperk strek. Nadat hy **sy eie Wegraping** tot in die Here se teenwoordigheid in sy visioen gesien het, het hy gesien wat hy en elke lid van die liggaam van Christus sal sien wanneer ons om die troon van God vergader sal wees.

Die stem wat hy gehoor het was nie die van 'n engel nie, maar van die Here Jesus self, "*die Alfa en Omega*" (Openb. 1:8). "*Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ʻn geroep*" *(*1 Thess. 4:16). Die Griekse woord vir "*roep*" is "κελευσματι", en dui op 'n "gebiedende roep" of 'n roep van aansporing. Die Here gee die bevel "*Kom op hierheen!*" (Openb. 4:1). Dieselfde bevel word gegee aan twee Joodse profete wat gemartel word gedurende die Verdrukking en ons lees: *"En hulle het ʻn groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou* (Openb. 11:12).

Die Wegraping word elders as volg beskryf: *"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ʻn geroep, met die stem van ʻn aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees"* (1 Thess. 4:16-17).

*"Kyk, ek deel julle ʻn verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in ʻn oomblik, in ʻn oogwink, by*

*die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word*" (1 Kor. 15:51-52).

Hoofstukke 4 en 5 beskryf die toneel in die hemel soos die Kerk reeds rondom die Here en Sy troon van genade vergader is. Ons kan dus weet dat die Wegraping van die gelowiges eerste sal wees omdat dit beskryf word voor die begin van die Verdrukking wat eers in hoofstuk 6 begin.

Alle aandag word gefokus op die Een wat op die troon sit. Sy voorkoms word beskryf as jaspis en sardoniks, wat die laaste en eerste stene op die Joodse hoëpriester se borsplaat is. Petrus sê: "*Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar*" (1 Pet. 2:7). Esegiël het dieselfde troon gesien: "*wat soos saffiersteen gelyk het, in die gestalte van 'n troon; en op die troongestalte 'n gestalte wat soos 'n mens gelyk het... met 'n glans daaromheen. Soos die gedaante van die boog wat in die wolk is op 'n reëndag*" (Eseg. 1:26-28). Die reënboog wat die troon omring is die teken van God se verbond van genade met Noag (Gen. 9:13). Dit leer ons dat die Kerk nie sal verskyn voor die wit troon van oordeel soos beskryf word in Openbaring 20:11 nie, maar eerder voor 'n troon van genade! Voor hierdie troon is 'n kristalsee en rondom die troon is vier engelagtige wesens, elkeen met ses vlerke, wat die ewige heiligheid van God verkondig. Voor die troon is "*sewe lampe van vuur … wat die sewe Geeste van God is*" (Openb. 4:5), en "*in die middel van die troon ... staan daar 'n Lam asof Hy geslag is*" (Openb. 5:6).

Op die vier-en-twintig sitplekke rondom die troon sit ouderlinge met krone op hul koppe. Hierdie ouderlinge is verteenwoordigend van die kerk, want hulle is "*uit elke stam en taal en volk en nasie*" (Openb. 5:9). Hulle sal sonder twyfel die taak hê om ordelike aanbidding van die heiliges in die hemel te verseker, net soos daar vier-en-twintig groepe priesters aangestel is om die aanbidding van Israel te lei (1 Kron. 24:7-19; Luk. 1:9,23). Krone wat aan die gelowiges beloof is as beloning vir diens sal daar gegee en ontvang word. Daar is die kroon van die lewe vir gelowige martelaars (Openb. 2:10; Jak. 1:12), 'n kroon van heerlikheid vir getroue

ouderlinge (leraars) (1 Pet. 5:4), 'n kroon van blydskap vir sielewenners (1 Thess. 2:19; Fil. 4:1) en 'n kroon van geregtigheid vir almal wat Sy verskyning liefhet (2 Tim. 4:8).

Hierdie is die onverwelklike krone (1 Kor. 9:25) wat by die regterstoel van Christus ("Bema"-troon) gegee word aan die wat vir Hom gearbei het. Jesus sê: "*Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie*" (Openb. 3:11). Die ouderlinge "*werp hul krone voor die troon*" (Openb. 4:10). Ons arbeid is tot Sy heerlikheid en eer!

### 2) DIE GROOT VERDRUKKING OP AARDE
### *(Openb. 6:1 tot 18:24)*

Johannes het 'n verseëlde boek met sewe seëls in die regterhand van God gesien. Hy het geween omdat niemand waardig was om die boek oop te maak en te lees nie - niemand om eens daarna te kyk nie. Toe spreek een van die vier-en-twintig ouderlinge met hom: *"Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek*" (Openb. 5:5).

Toe Johannes kyk, sien hy "*'n Lam asof geslag*" wat die boek met die sewe seëls kom neem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit. Onmiddellik het die wat in die hemel is begin sing, en met 'n groot stem het hulle verklaar dat Hy "*die Lam wat geslag is, waardig is om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof*" (Openb. 5:12). Die Leeu van Juda, die Wortel van Dawid, is die Lam wat die toorn van God vir alle menslike sonde gedra het. Hy alleen is waardig om die oordele van die goot verdrukking, wat in die boek van die sewe seëls opgeskryf is, te voltrek. Jesus het gesê: *"En Hy* (die Vader) *het Hom* (die Seun) *mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is"* (Joh. 5:27). Daniël het hierdie oordele wat sou kom "*verseël*" (Dan. 12:4,9) tot die "*tyd van die einde*", en nou lees ons hoe die Lam elkeen van die sewe seëls van die oordele van die groot verdrukking sal oopmaak.

**Die Eerste Seël:** 'n Ruiter op 'n



wit perd gaan as oorwinnaar uit om te oorwin (Openb. 6:1-12). Hy het 'n boog, maar geen pyle nie, en 'n kroon word aan hom gegee. Ander Skrifgedeeltes toon dat sodra die Kerk weggeraap is, die "man van sonde" geopenbaar sal word (2 Thess. 2:3-9). Hierdie openbaring en oorwinning is vredevol en 'n vervalsing van Christus se verskyning (Openb. 19:11). Paulus het die volgende geskryf oor die dag van die Here: "Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle..." (1 Thess. 5:3). Daar word in die Bybel van die groot voorganger van die Antichris, Antiochus Epifanus geskryf, dat hy "deur vrede ... talle sal vernietig" (Dan. 8:25). Die Verdrukking sal met 'n groot vredesbeweging begin wat 'n sewejaar verbond met Israel insluit (Dan. 9:27), maar hy, die Antichris, sal die verbond halfpad deur die sewe jaar verbreek.

**Die Tweede Seël:** 'n



Ruiter op 'n rooi perd verskyn en sal vrede van die aarde wegvat. 'n Toestand van anargie sal heers en mense sal mekaar doodmaak.
(Openb.6:3-4)

**Die Derde Seël:** 'n Ruiter



op 'n swart perd verskyn met 'n weegskaal om basiese voedsel af te meet; hierdie seël dui op hongersnood.
(Openb. 6:5-6)

**Die Vierde Seël:** 'n



Ruiter op 'n vaal perd verskyn met die mag om een kwart van die wêreld se bevolking te dood. As die wêreld se bevolking 6 biljoen mense is, dan beteken dit dat die dodesyfer in hierdie tyd 1.5 biljoen sal bereik!
(Openb. 6:7-8)

**Die Vyfde Seël:** Die siele van martelaars bid vir vergelding. Aan hulle is gesê om *"nog 'n klein tydjie te wag"*. Die Verdrukking sal net vir 'n kort tydperk van sewe jaar duur (Openb. 6:9-11).



**Die Sesde Seël:** 'n Groot aardbewing en ‘n meteoriet tref die aarde. Die son en die maan verdonker en die eilande verskuif. Mense skuil in grotte en roep uit vrees uit vir hierdie dag van die Here, en die toorn van die Lam (Openb. 6:12-17).

**Die Sewende Seël:** Nog sewe oordele word hiermee aangekondig. Die sewende seël is die **sewe basuinoordele** en volg op die sewe seëloordele. Sommige mense reken hierdie is eenvoudig dieselfde as die seëloordele, maar net in groter detail. Dit kan egter nie die geval wees nie, omdat die sewende seël al sewe die basuinoordele bevat. Ons sal ook sien dat die sewende basuin nog ander oordele aankondig. Die sewe seëls word gevolg deur sewe basuine, wat weer op hul beurt gevolg word deur die sewe skaaloordele - die *"sewe laaste plae"*. **Elkeen van hierdie oordele is daarom in volgorde** en word erger soos wat die Verdrukking vorder (Openb. 8:1-6).

Sewe engele word basuine of trompette gegee om te blaas. Elke trompet is 'n ander oordeel, en hierdie oordele is in reaksie op die gebede van die martelaars (Openb. 8:3-5). Jesus het gesê: "*Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie... Ek sê vir julle dat* ***Hy gou aan hulle reg sal doen"*** (Luk. 18:7-8).

Na die Wegraping sal enigeen wat hom tot God wend uiterste vervolging ondervind.

### *Die Sewe Basuinoordele*

Die volgende is 'n kort oorsig van die volgende fase van die groot verdrukking. Die eerste vier basuine sal een derde van die aarde affekteer. Ons word nie vertel watter derde nie. Die vyfde, sesde en sewende basuine word as drie weë of ellendes beskryf - *“Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon”*.

Die laaste wee is die sewende basuin – die sewe skale van oordele.

**Die Eerste Basuin:** Hael,



vuur en bloed, en 'n derde van alle gras word verbrand. Hierdie vuur sal wêreldwyd wees en van reuse omvang (Openb. 8:7).

**Die Tweede Basuin:** 'n



Groot berg wat met vuur brand word in die see gewerp. Een derde van die see verander in bloed. Seelewe en skepe word vernietig (Openb. 8:8).

**Die Derde Basuin:** Bring



'n groot ster, moontlik 'n asteroïede, in botsing met die aarde. Die riviere en waterstelsels word besoedel en vele mense sterf (Openb. 8:10).

**Die Vierde Basuin**: ‘n



Derde van die son, maan en sterre word getref en veroorsaak dat die lig gedurende die dag en nag met ‘n derde sal verminder word. Die klimaat sal sonder twyfel verandering ondergaan (Openb. 8:12).

## DIE EERSTE WEE

**Die Vyfde Basuin:** ‘n Engel open die bodemlose put.



Demone, wat soos sprinkane lyk, maak hul verskyning (Judas 6 en 2 Pet. 2:4). Satan sal vir ‘n kort tydperk voor die duisendjarige Vrederyk die volle hoeveelheid demoniese magte tot sy beskikking stel om teen Christus te veg (Openb. 9:1-12).

## DIE TWEEDE WEE

**Die Sesde Basuin:** Die grootste leër op aarde ooit kom



bymekaar. Die leër is 200 miljoen man sterk en is verantwoordelik vir die dood van een derde van die mensdom. Hierdie operasie word vir 'n spesifieke tyd demonies georganiseer. Mense sal egter steeds nie van hul afgodery en sondes bekeer nie (Openb. 9:13-21).

## DIE DERDE WEE



**Die Sewende Basuin** kondig die koninkryk van God aan. Dis tyd vir God om dié te vernietig wat die aarde vernietig het. Die oestydperk het aangebreek en die koninkryke van die aarde sal gedwing word om hulleself aan Christus te onderdanig. Die sewende basuin voltooi profesie rakende die koms van die Here, en kondig die begin van die sewe skale aan (Openb. 10:7-11, 11:15-19, 15:1-8).

### *Die Sewe Skaaloordele*

Die skale word beskryf as ***"die sewe laaste plae"*** (Openb. 15:1 en 21:9). Hierdie oordele bring ons tot by die **tweede helfte van die sewejarig Verdrukking.**



**Die Eerste Skaal:** Bose swere kom op die mense wat die merk van die dier ontvang het en sy beeld aanbid het (Openb.16:2).



**Die Tweede Skaal:** Die see verander in bloed, en al die lewende wesens in die see sterf (Openb. 16:3).



**Die Derde Skaal:** Die riviere en drinkwater word in bloed verander as straf vir die bloedvergieting van die heiliges (Openb. 16:4-7).



**Die Vierde Skaal:** Die son word geoordeel! Mense word deur die hitte verskroei, maar hulle wil steeds nie bekeer nie (Openb. 16:8-9).



**Die Vyfde Skaal:** Die koninkryk van die Dier word gevul met donkerte en siektes, maar steeds bekeer hulle nie (Openb. 16:10-11).

**Die Sesde Skaal:** Die Eufraatrivier droog op en die leërs van die konings van die Ooste kan sodoende na Armageddon gaan (Openb. 16:12-16).



**Die Sewende Skaal:** 'n Groot aardbewing wat die stede van die nasies laat platval en so word die verborge Babilon geoordeel (Openb. 16:17-21; hfst. 17 en 18).






**'n Diagrammatiese uitleg van die gebeure in die groot verdrukking**

### *3)* DIE OPKOMS, REGERING EN ONDERGANG VAN DIE ANTICHRIS

***(Openb. 6:1-2, 13:1-18, 17:1-18, 19:19-20)***

As die Wegraping plaasvind en die Heilige Gees daarmee saam verwyder word (as gevolg van die inwoning van die gelowiges), sal alle hindernisse wat die "*verborgenheid van ongeregtigheid*" teëhou nie meer daar wees nie (2 Thess. 2:7). Die afvallige en ongelowige 'Kerk' wat agterbly sal voortgaan om die herleefde Romeinse ryk, of die Europese Unie soos dit vandag bekend staan, te ondersteun. Die heersers van die dag sal dan moet verklaar waarom daar miljoene vermiste mense is wie se klere agtergelaat is. Die agterlaat van die klere by die Wegraping sal as 'n getuienis dien, net soos Jesus se klere wat in die grafkelder agtergelaat is na

Sy opstanding. Die Midde-Oosterse krisis sal opgelos moet word, en Israel sal onder uiterste bedreiging kom van die opkomende Islamitiese fundamentaliste wat in samewerking met Rusland sal werk.

### *Die Opgang van die Antichris (Openb. 6:2)*

Die Antichris sal onmiddellik na die Wegraping verskyn as die ruiter op die wit perd met 'n boog (militêre vermoë) in sy hand, maar geen pyl nie (in vrede). Met sy eerste vredesinisiatief "*sal hy een week lank met baie 'n sterk verbond sluit* (sewe jaar lank)" (Dan. 9: 27). (Sien Deel 2.) Hy sal as vredemaker oplossings vir baie van die wêreld se kwellende probleme bied. Hierdie *sterk* verbond of verdrag sal Israel insluit, maar halfpad deur die sewe jaar sal die Antichris die verdrag verbreek en 'n inbraak maak op die Joodse tempel en die wyse van aanbidding: "*hy sal slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels* (afgodery) *sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word*" (Dan. 9:27).

Die Antichris sal uit die herleefde Romeinse ryk kom, want ons lees in Dan. 9:26 "*die volk van* ***'n vors wat sal kom,*** *sal die stad* (Jerusalem) *en die heiligdom* (die tempel) *verwoes*". Die feite van geskiedenis vertel ons dat Romeinse leërs Jerusalem en die tempel in 70 n.C. verwoes het, en daarom moet die **Antichris** hierdie vors wees. Dit moet dus 'n **Romeinse vors of heerser** wees.


Die Antichris word ook gesien as "*die klein horinkie*" wat op die kop van die vierde dier in Daniël se visioen voorkom, soos aangeteken in Dan. 7. Hierdie vierde dier verteenwoordig die "*vierde koninkryk op die aarde*" (Dan. 7:23) - Babilon is die eerste, Medo-Persië die tweede, die Grieke die derde, en die Romeine die vierde. Die Romeinse koninkryk bly onafgebroke tot op die dag van Christus se tweede koms en die heiliges van God wat sal heers: "*hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye (aardse regerings) sal hulle vereer en gehoorsaam wees*" (Dan. 7:27).

Die Antichris sal heers oor die finale fase van die Romeinse ryk wat

ons sien bymekaarkom onder die banier van die Europese Unie (EU). Hy sal onmiddellik na die Wegraping verskyn en 'n sewejaar verbond met Israel bevestig. (Sien Deel 3.)

***Die Heerskappy van die Antichris (Openb. 13:1; 17:1-18)***

Gedurende hierdie tydperk sal twee "diere" op die wêreldtoneel verskyn. Die eerste kom uit die see en ontvang die mag, troon en outoriteit van die draak, wat Satan is (Openb. 12:9). Hy word uitgebeeld as die dier met sewe koppe, tien horings, 'n mond soos 'n leeu, voete soos 'n beer en 'n liggaam soos 'n luiperd. Hier herken ons die ooreenstemmende eienskappe van die vier diere in Daniël se visioen (Dan. 7).



Die vernaamste verskil tussen Daniël se dier en die bogenoemde is die "*sewe berge waar die vrou op sit*" (Openb. 17:9). Die vrou, soos ons sal sien, is die afvallige Christendom (Openb. 17:1-18, Ef. 3:3-9, Rom. 16:25-26, Kol. 1:24 -27).

Die Antichris sal as gevolg van die wonderwerke wat hy en die valse profeet sal doen, deur mense van dwarsoor die wêreld aanbid en gevolg word. *"Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense"* (Openb. 13:13). Hy sal militêre mag hê en daar sal gesê word: *"Wie kan teen hom oorlog voer?"* (Openb. 13:4). Hy sal God en die tempel belaster, en teen die gelowiges draai (Openb. 13:7).

Die Antichris sal 'n politieke staatshoof wees, maar net soos die keisers aanbidding en offergawes afgedwing het, sal "*die mens van sonde . . ., die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is"* ook doen "*sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is*" (2 Thess. 2:3,4).

Om sy nuwe godsdiens te administreer sal hy ook 'n priesterhoof hê — **die valse profeet (die tweede dier).**

Halfpad deur die sewejaar verdrag met Israel sal die Antichris:

a) 'n Verandering van hart ondergaan en draai teen die afvallige Christendom, hulle wat hom gehelp het om sy mag te bekom (die hoervrou, Openb. 17), en die Antichris sal haar met vuur verbrand (Openb. 17:16-18).
b) Sy verbond met die bekeerde nasie van Israel verbreek (sien Deel 4), en begin om die volk genadeloos te vervolg.
c) Die herboude tempel in Jerusalem inneem en "*die gruwel* (afgod) *van die verwoesting*" opstel (Matt. 24:15, Dan. 9:27, Dan. 11:36-39).
d) Beheer neem oor alle kommersiële en ekonomiese aktiwiteite. Sy merk "666" sal aanvaar moet word voordat enigeen kan koop of verkoop (Openb. 13:16-17).

Hierdie godslasterlike regering sal 'n tydperk van twee-en-veertig (42) maande of een-duisend-twee-honderd-en-sestig (1 260) dae, of drie-en-'n-half jare in beheer wees (Openb. 13:5; Openb. 12:6,14) voordat Christus weer kom.

***Die Sewe Koppe (Openb. 17:9-10)***

Die sewe koppe is ook beskrywend van sewe konings (of koninkryke) wat sal regeer. Vyf daarvan het tot en met die dae van Johannes tot 'n einde gekom. Een het gedurende die tydperk van Johannes geheers, een moes nog kom, en 'n agste een, die Antichris self, is nog toekomstig.

Hierdie dier wat uit die see kom is simbolies van die heidennasies (Dan. 7:2-3). Hy is die finale heidense wêreldheerser en sal die "*tyd van die nasies (heidennasies)*" voltooi (Luk. 21:24). Die sewe koppe verteenwoordig daarom die volgende:

***"Vyf het geval"*** – Assirië, Egipte, Babilon, Persië en Griekeland (geskiedenis).

***"Een is"*** – Rome was in die tyd van Johannes aan die stuur van wêreldsake, en het voortgeduur tot 1804 in die vorm van die

Heilige Romeinse Ryk. Pogings om dit te herleef deur Napoleon, keiser Wilhelm en Hitler het egter gefaal.

***"Een wat nog moet kom"*** – Hierdie toekomstige een sal egter vir *"'n kort rukkie"* duur. Dit is moontlik dat hierdie herleefde Romeinse ryk in ons tyd as die EU verrys.

Die Antichris is die *agste heerser* en sal by Christus se tweede koms saam met die valse profeet in die verderf, "*'n poel van vuur*", gewerp word (Openb. 19:20).

### *Die Tien Horings (Openb. 13:1, 17:3 en 12)*

Die tien horings verwys na die "*tien konings*" waaruit die magsbasis van die Antichris se koninkryk sal bestaan. "*Die tien horings ... is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier*" (Openb. 17:12).

Die herleefde Romeinse ryk is op die oomblik besig om interne grense tussen lidlande onder die Schengen-verdrag te laat verwyder, en gesprekke vind plaas oor hoe die EU in streke opgedeel kan word. Dit kan daartoe lei dat Europa in ***tien state verdeel*** word en verantwoording sal moet doen aan 'n sentrale hoof — die Antichris.

### *Die Valse Profeet (Openb. 13:11-18)*

Jesus het teen groot misleiding in die laaste dae gewaarsku. Hy het van "*valse Christusse*" (Matt. 24:5,24) en "*valse profete*" (Matt. 24:11, 24) gepraat. Hy het gesê hulle sal "*groot tekens en wonders verrig*". Dit sal gedurende dieselfde tyd wees wat *"die gruwel van verwoesting"* homself in die tempel oprig. Al hierdie dinge sal plaasvind tydens die Verdrukking, onmiddellik vóór die terugkoms van Christus.

Die hedendaagse valse profete volg dieselfde patroon. Hulle bemoei hulself met tekens, genesings, wonderwerke, "val-in-die gees", "lag-in-die-gees", "praat-in-tale", die uitdryf van demone,

die uiting van sogenaamde profesieë as woorde van God, ensovoorts. Al hierdie dinge berei die wêreldling voor vir die laaste *'geloofsgeneesheer'* en persoon wat bonatuurlike wonders sal doen, en sy valse profeet. Hy sal so oortuigend wees dat hy sonder goddelike ingryping die uitverkore volk van Israel sal laat glo dat hy die beloofde Messias is.

Jesus het gesê: "*Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie* ***in u Naam*** *geprofeteer en* ***in u Naam*** *duiwels uitgedrywe en* ***in u Naam*** *baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê:* ***Ek het julle nooit geken nie.*** *Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!*" (Matt. 7:22-23).

### *Die Hoervrou (Openb. 17:1-18; 18:1-24; 19:1-3)*

Die dier met sewe koppe en tien horings word gesien waar hy deur 'n hoervrou gery word. Sy is getooi in "*goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery*" (Openb. 17:4). Die identifisering van die vrou is duidelik uit die volgende leidrade.

a) **Sy is internasionaal** (wêreldwyd). Sy sit op "*baie waters*" wat die "*volke en menigtes en nasies en tale is*" (Openb. 17:1,15).
b) **Sy is polities ingestel.** "*... met wie die konings van die aarde gehoereer het*" (Openb. 17:2).
c) **Sy is uitermatig ryk.** Sy is "*bekleed met goud en versier met kosbare stene en pêrels*" (Openb. 17:4), en sodra sy vernietig is, sal handelaars uitroep, "*sulke groot rykdom het tot niks gekom nie*" (Openb. 18:17).
d) **Sy is goddeloos en afvallig.** Haar naam is: "*Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde*" (Openb. 17:4-5). Afgodery het in Babilon begin, en die goue beker in haar hand is simbolies daarvan. Die Roomse Mis is 'n lasterlike, afvallige offer en vorm die kern van afvallige Christendom (Openb. 17:4-5).
e) **Sy is skuldig aan die bloed van die martelaars van Jesus.** "*... dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus*" (Openb. 17: 6). Die kerk van Rome het getroue

gelowiges vir meer as 1 000 jaar geslag! Haar geskiedenis is in bloed van die martelaars geskryf.

**f) Haar hoofkwartier is in Rome.** Rome is die stad op "*sewe heuwels*" (Openb. 17:9) en "*is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde*" (Openb. 17:18).

Die vlag van die Europese Unie bevat die "twaalf sterre van die maagd Maria", en die EU word beskryf as "Vesting van Europa". Turkye is toegang tot die EU geweier omdat dit 'n Moslemland is en nie deel van Europa se sogenaamde "Christen Klub" vorm nie. Die Ortodokse Ekumeniese Patriarg van Konstantinopel, Bartholomeüs, het verklaar: "Om die eenheid van Europa te bewaar is die nommer een plig van alle Christene vandag."




**'n Illustrasie wat in die "Time Magazine" van 9 Des 1991 in 'n artikel oor die Europese Unie verskyn het**

Na die Wegraping sal daar niks wees om die vorming van een wêreldkerk te verhinder nie, en Rome sal hierdie wêreldkerk se leier wees. Maar uiteindelik sal die Antichris nie sy politieke aktiwiteite of godsdienstige mededinging verdra nie, en sal haar met vuur verbrand (Openb. 17:16-17). Die afgryslike oordeel wat op haar gaan kom word in Openbaring hoofstuk 18 beskryf.

### *Die Ondergang van die Antichris (Openb. 19:20)*

Met Christus se koms "*is die dier gevange geneem, en saam met hom die valse profeet ... Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand*" (Openb. 19:20).

### *4) DIE GROOT VERDRUKKING – KENMERKEND JOODS*

Israel sal as God se getuies die hoofrolspelers gedurende die groot verdrukking wees:

1) Daar word vanaf hoofstuk 6 tot hoofstuk 18, met ander woorde in die Verdrukking, geen melding van die Kerk op aarde gemaak nie,.
2) Israel, die tempel, Jerusalem, en Joodse profete word in hierdie hoofstukke genoem (hoofstukke 7, 11, 12, en 14).
3) In Openbaring 7 word martelaars beskryf as diegene "*wat uit die groot verdrukking kom*" (Openb. 7:14). Die spesifieke lidwoord "*die*" kom in die Grieks voor. Die gebeure wat vanaf hoofstukke 6 tot 18 beskryf word is die "*dag van die Here*", of die groot verdrukking waarvan Jesus in Matt. 24:21 en 29 praat.



4) Die Bergpredikasie beskryf gedeeltelik die groot verdrukking en is daarom geheel en al Joods in karakter, veral omdat die kerktydperk eers 55 dae later begin. Daaruit kan ons leer dat die groot verdrukking **voor** Christus se tweede koms sal plaasvind, met verwysing na Jerusalem, Judea, die heilige plek en die sabbatdag. "*Onmiddellik na die verdrukking van daardie dae sal die son verdonker... en DAN sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn...*" (Matt. 24:29).
5) Die terugkeer en bevryding van Israel word elders verbind met oordele wat in die laaste dae sonder gelyke sal wees. Jeremia sê: "*want kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander, sê die HERE; en Ek sal hulle terugbring in die land wat Ek aan hulle vaders gegee het, en hulle sal dit in besit neem. ...Wee, want die dag is groot,* ***sonder weerga!*** *En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob;* ***maar hy sal daaruit verlos word"*** (Jer. 30:3-7).
6) Daniël skryf ook oor die groot verdrukking en verbind dit met Israel se bevryding. "*En in dié tyd ... sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar IN DIE TYD* ***sal jou volk gered word"*** (Dan. 12:1).
7) Ander Skrifgedeeltes praat van **'n Joodse tempel** gedurende die dag van die Here (groot verdrukking), waarin die Antichris 'n

> afgod vir aanbidding sal oprig: "*Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval* (letterlik die "vertrek!") *kom en die mens van sonde geopenbaar word ... wat ... hom verhef ... sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is*" (2 Thess. 2:3-4). In Matt. 24:15 lees ons ook van die "*gruwel van die verwoesting*" wat tydens die groot verdrukking in die Joodse tempel *("die heilige plek")* opgerig gaan word.

Die Antichris sal die *"offer en offerande"* wat gebring word halfpad deur die groot verdrukking staak (Dan. 9:27). Dit impliseer dat Israel in daardie stadium reeds in hulle land hervestig sal wees en reeds weer met tempelaanbidding sal begin het. Die Kerk sal verseker nie die tempel bou of offerandes bring nie. Dit móét Israel wees! Verwys na Deel 2 vir 'n volledige bespreking van die "70 Weke" van Israel profesie.

Hierdie Skrifgedeeltes en baie ander verbind Israel met die groot verdrukking tydperk en met die tweede koms van Jesus Christus om oor die aarde te regeer. Dit is daarom nie verrassend dat aansienlike detail in Openbaring gevind word oor Israel as God se getuie in die kort tydperk voor Christus se terugkeer nie.

### *Die 144 000 Joodse Getuies*

Openbaring 7 beskryf die verseëling van 144 000 "*dienaars van God*" wat uit die twaalf stamme van Israel (Openb. 7:1-8) kom. Die Vader plaas Sy seël op hul voorhoofde as beskerming teen die oordele van God wat gereed sal wees om op die aarde uitgestort te word. Dit dui daarop dat die groot verdrukking nie dieselfde is as die verdrukking wat Christene in die kerktydperk ondervind nie. Christene word tans wêreldwyd vervolg, maar die groot verdrukking is ʻn spesifieke tydperk van die oordeel **van God.** Iets soortgelyk het in Esegiël se tyd gebeur toe hy 'n visioen gesien het van God se oordeel wat spoedig op Jerusalem sou neerkom. ʻn Man met ink word aangesê om 'n merk te plaas op elke man in Jerusalem wat "*sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word*" (Eseg. 9:14). Ses manne met swaarde het deur die stad gegaan, en slegs diegene met die merk is gespaar!

Slegs hierdie uitgesoekte Jode kan die taak verrig om in so 'n kort tydperk die evangelie van die komende koninkryk regoor die wêreld te verkondig. Die Jode is wêreldwyd versprei en een van die mees veeltalige mensegroepe op die aarde. Jesus het gesê: *"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom* (Matt. 24:14). Hul prediking sal daartoe lei dat vele mense tot bekering kom en as martelaars sterf: "*daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon (in die hemel) ... En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit [die] groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam* (Openb. 7:9-17).

### *Die Konstruksie van die Tempel (Openb. 11:1-13)*

In Openbaring 11 word opdrag gegee om die tempel in Jerusalem te meet en te bou. Aan Johannes word gesê: "*Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar* ***die voorhof*** *buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap*" (Openb. 11:1b-2).

Dit impliseer dat die tempel in die oop ruimte langs die Koepel van die Rots moskee gebou sal word, die presiese plek waar die fondasie van Herodes se tempel alreeds gevind is. Die Jode beplan reeds om die tempel te bou, en hulle het die heilige halfsikkel kollekte in 1997 vir hierdie doel begin. (Sien Deel 5.)

### *Die Twee Joodse Profete (Openb. 11:3 -13)*

Twee Joodse profete (getuies) word met die bou van die tempel en die herinstelling van tempelaanbidding geassosieer. Hulle moet vir 1 260 dae (3½ jaar) 'n getuienis wees. Hulle sal in sak en as sit om aan te dui dat Israel tot berou geroep word.

Ons lees dat "*hulle die twee olyfbome en die twee kandelare is wat voor die God van die aarde staan*" (Openb. 11:4). Hierdie gedeelte is 'n ooglopende verwysing na die "*twee olyfbome*" in Sagaria se profesie in hoofstuk 4. In hierdie geval word die tempel herbou na die

Babiloniese ballingskap, wat weens teenkanting van die Samaritane gestaak moes word. Die Samaritane het 'n **internasionale dekreet** van die Persiese heerser Artasásta verkry om die werk aan die tempel te staak (Esra 4:21). God het twee Geesvervulde profete, Haggai en Sagaria, opgerig om die volk aan te moedig om die tempel te voltooi en die Persiese dekreet te verwerp. Die dekreet is uiteindelik tydens die regering van Darius herroep tot voordeel van die bouprojek, en die tempel is in 516 v.C. voltooi - twintig jaar na die begin van die bouprojek.

Hierdie twee Olyfbome verskaf olie aan die kandelaar, en ons lees: "*En hy sê: Dit is die* ***twee gesalfdes*** *wat by die Here van die ganse aarde staan*" (Sag. 4:14). Gedurende die groot verdrukking sal daar twee soortgelyke getuies (profete) wees wat Israel sal oortuig om ten spyte van alle internasionale teenkanting voort te gaan om die tempel te bou. Sedert 2005 kan geen Jood meer op die Tempelberg aanbid nie. Hierdie situasie sal egter, net soos in die dae van Sagaria, verander word sodat die tempel gebou kan word.

Sommige mense suggereer dat hierdie twee profete dalk Moses en Elia is weens ooreenkomste in die wonders wat hulle verrig het. Dis egter meer waarskynlik dat dit twee Joodse profete vanuit die 144 000 evangeliste en meer spesifiek uit die stam van Levi sal wees.

Dit is interessant dat die **nasionale simbool van die nasie Israel** sedert 1948 'n kandelaar (sewe lampe) en twee olyftakke uitbeeld, net soos dit in Sagaria 4 beskryf word!




**Die nasionale simbool van die nasie van Israel**

Die twee profete word uiteindelik deur die Antichris gedood. Hulle liggame sal vir drie-en-'n-half dae êrens in die strate van Jerusalem

lê. Die aarde wat mislei word deur die Antichris se wonderdade, sal bly wees en sy "oorwinning" oor God se dienaars vier. Hierna lees ons egter dat die profete uit die dood opgewek sal word! "*En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou. En in dié uur het daar 'n groot aardbewing gekom... en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlikheid toegebring*" (Openb. 11:12-13).

Hierdie Skrifgedeelte kan nie vergeestelik word nie, want ons lees: "*en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad ... waar ook onse Here gekruisig is*" (Openb. 11:8). Ons weet ook dat Jesus Christus ons Here in Jerusalem gekruisig is, en dat die dinge wat beskryf word **dus letterlik geïnterpreteer moet word!**

### *Israel se Geskiedenis van die Begin tot Einde (Openb. 12:1)*

Openbaring 12 bied ons 'n panoramiese beeld van die nasie Israel - beskryf as 'n vrou: "*'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre*" (Openb. 12:1).

Die vrou skenk geboorte aan 'n "*manlike kind*" wat bestem is om "*al die nasies met 'n yster septer te regeer*". Ten tyde van die kind se geboorte probeer die draak, "*die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei*", hom vermoor, maar hy word weggeruk na God en Sy troon.

Die volk Israel word voorgestel as die vrou uit wie Jesus voortgespruit het. Satan het reeds Jesus as kind probeer doodmaak. Hy sal eendag "*alle nasies regeer met 'n ysterstaf*". Dawid skryf in die Psalms: "*U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. Eis van My, en Ek sal nasies (heidene) gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting...* ***U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf,*** *U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot*" (Ps. 2:7-9).

Die nasie van Israel word in die Bybel geïdentifiseer met die son, maan en sterre. In Genesis lees ons dat Josef 'n droom gehad het en

sy broers daarvan vertel het: *Kyk, ek het nog 'n droom gehad – **die son en die maan en elf sterre** het hulle voor my neergebuig ... sy vader het hom hard bestraf en aan hom gesê ... moet ons werklik kom, ek en jou moeder en jou broers, om ons voor jou na die aarde neer te buig?*" (Gen. 37:9-10). Die **son** het Israel voorgestel, die **maan** Josef se moeder, en die **twaalf sterre** die kinders van Israel. Om Skrifgedeelte met Skrifgedeelte te vergelyk is die enigste manier om die betekenis van die simbole in die Bybel waar te neem en te onderskei.

Paulus het die volgende oor Israel geskryf: "*aan wie die vaders behoort en uit **wie die Christus is na die vlees,** Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen*" (Rom. 9:5).

### ***'n Gaping in Israel se Geskiedenis***

Verder lees ons in Openbaring 12 dat "*die vrou na die woestyn gevlug het waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend-twee-honderd-en-sestig dae lank*" (Open. 12:6), (1 260 dae = 42 maande = 3½ jaar). Hierdie tydperk verwys ongetwyfeld na die tweede helfte van die sewejaar groot verdrukking, nadat die Antichris die "*slagoffer en spysoffer*" in die middel van die "*week*" *laat ophou"* het (Dan. 9:27).

Dit is merkwaardig dat hier niks gesê word van Israel se geskiedenis oor die tydperk vanaf die hemelvaart van Christus tot en met die laaste sewe jaar net voor Christus se tweede koms nie!

Die vraag is waarom? Die antwoord moet natuurlik konsekwent wees met al die ander dele van profesie wat verklaar dat hierdie tydperk bekend staan as die verborgenheid of geheimenis Tydperk van die Kerk: *"die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is"* (Rom. 16:25).

Die onvermoë of versuim om hierdie gaping te herken maak dit onmoontlik om Bybelse profesieë letterlik en korrek te verstaan en te verklaar.

### *Israel in die Verdrukking (Openb. 12:6-17)*

Die tweede helfte van die groot verdrukking sal vir Israel ‘n afgryslike tydperk wees. In hierdie stadium het Israel reeds tot bekering gekom en glo hulle in Jesus Christus as die Messias, maar Satan is steeds losgelaat op die aarde. Die geloof van Israel te midde hierdie afgryslike tydperk van slagting is onwrikbaar, en God verklaar oorlog uit die hemel. "*Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp... En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie*" (Openb. 12:10-11).

Net 'n kort tydjie bly oor en Satan se toorn sal ontvlam teen Israel. "*En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou*" (Openb. 12:17).

God sal spesiale bystand aan Sy volk verleen wat in die vorm van ‘n skuiling in die wildernis sal wees (Openb. 12:14). Sommige glo dis die stad van Petra of elders in die grotte van die wildernis van Judea. Die Antichris sal probeer om hulle op te spoor, maar dit sal misluk (Openb. 12:15-16). Soos Jesus gesê het: "*ter wille van die uitverkorenes* (Israel) *sal daardie dae verkort word*" (Matt. 24:22). As Satan Israel totaal kon vernietig, sou God se doel om 'n koninkryk op aarde te vestig en om Sy beloftes aan Abraham en sy saad te vervul tot niet gegaan het.

### *5)* **CHRISTUS SE TWEEDE KOMS** *(Openbaring 19:1-21)*

Die groot verdrukking sluit af met die verskyning van Jesus Christus in die wolke en die "*Halleluja*"-koor sal gehoor word.

Christus sal kom as “*Lam*” en as Bruidegom (verse 7 en 9), “*Getrou en Waaragtig*” (v.11), “*Die Woord van God*”, (v.13), en “*Koning van die konings en die Here van die here*” (v.16). Die swaard wat vanuit Sy mond kom sal die nasies wat "*saamtrek om teen Hom oorlog te maak*" (v.19) verslaan, en die dier en sy valse profeet "*word in die poel van*

*vuur gewerp*" (v.20). Christus se oorwinning is finaal. Baie Skrifgedeeltes beskryf die dag van God se verskyning, en help ons om die omvang van die gebeurtenis beter te verstaan. Geen enkelvoudige gedeelte van die Bybel kan alle aspekte van Sy oorwinning beskryf nie.

Hierdie gebeure moet ook vanuit die perspektief van die Kerk gesien word, wat kort tevore hulle beloning vir diens by die regterstoel ("Bema"-troon) van Christus ontvang het: "*Die bruid het haarself gereed gemaak*" (Openb. 19:7). Sy kom saam met haar Bruidegom na die *"bruilofsmaal van die Lam"*. In hierdie tyd sal Hy kom "*om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te word in almal wat glo, in daardie dag; want ons getuienis het by julle geloof gevind*" (2 Thess. 1:10). Dit is gewis moeilik om ons voor te stel hoe hierdie groot menigte van geredde siele saam sal lyk, maar die opwinding van so 'n samekoms sal die verstand te bowe gaan.

Hoe gaan dit wees? Die apostels, 'n menigte van martelaars, getroue sendelinge, en gewone Christene soos ek en jy sal in die volmaaktheid van Christus vertoon word: "*maar ons weet dat ons... aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is*" (1 Joh. 3:2). In die hemel sal nie net Sy **heerlikheid vertoon** word nie, maar ook die **bewyse van Sy genade.** Miljoene vrygekoopte siele wat uit die put van sonde gelig is sal ewige getuienisse lewer "*tot lof van die heerlikheid van sy genade*" (Ef. 1:6).

Soos A.T. Pierson dit gestel het *(vry vertaal uit Engels)*:

*"Almal van hulle eens sondaars bevlek in Sy aangesig,*
*Maar nou geklee in 'n reine kleed, tot Sy eer klink hulle lofprysing saam:*
*Aan Hom wat ons liefgehad het en gewas het van sonde,*
*Aan Hom behoort die heerlikheid, vir ewig. Amen".*

Ontelbare engele sal op daardie dag toeskouers wees. Mígael, Gabriël, serafs, en gerubs, en dienende geeste wat gewaak het oor die erfgename (kinders) van die verlossing, sal hul blik op die Here van die heerlikheid rig! Die toneel op aarde sal egter totaal anders

wees. Die leërs van die nasies sal teen Jerusalem versamel (Sag. 14:2-3) en die woede (en raserny en gramskap) van die konings van die aarde sal vertoon word. Daar ontmoet twee leërs: die leër van die Koning van konings teen dié van die konings van die aarde (Open. 19:19). Hierdie sal die hoogtepunt van Antichris se woede teen Christus wees, "*teen die HERE en teen sy Gesalfde*" (Ps. 2:2), maar oor die uitslag is daar geen twyfel nie.

*"Dan sal die HERE uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg..."* (Sag. 14:3-4).

*"En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige"* (Openb. 19:15).

Jesaja skets hierdie konflik grafies: "*Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos ... Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie ... Want die dag van wraak was in my hart, en* ***die jaar van my verlossing het gekom"*** (Jes. 63:1-4).

Israel sal die Here se verloste volk wees, wagtend op hul Messias. Eers in rou gedompel (Sag. 12:10) terwyl hulle nadink oor hoe hulle Hom aan 'n Romeinse kruis vasgespyker het. Die spykermerke sal nog steeds sigbaar wees: *"En as iemand vir hom sê: Watter wonde is daardie tussen jou hande? dan sal hy antwoord: So is ek geslaan in die huis van my vriende"* (Sag. 13:6).

Dan sal hartseer in vreugde en blydskap verander word, en 'n geroep al opgaan: "*Kyk,* ***dit is onse God*** *op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp*" (Jes. 25:9). ***"In dié dag sal hierdie lied gesing word in die land Juda:*** *'n Sterk stad het ons; God stel heil tot mure en skanse. Maak oop die poorte, dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou*

*bewaar! U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U. Vertrou op die HERE vir ewig, want in die Here HERE is 'n ewige rots*" (Jes. 26:1-4).

Baie van die Psalms sal 'n nuwe betekenis verkry nadat die Here gekom het. Israel sal Psalms kan sing: "*God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as* ***hulp in benoudhede.*** *Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see. Laat sy waters bruis, laat hulle skuim; laat die berge bewe deur sy onstuimigheid! Sela ...* ***Nasies het gebruis,*** *koninkryke het gewankel; Hy het sy stem verhef; die aarde bewe ... Kom, aanskou die dade van die HERE,* ***wat verskriklike dinge oor die aarde bring,*** *wat die* ***oorloë laat ophou*** *tot by die einde van die aarde, die boog verbreek en die spies stukkend slaan, die* ***strydwaens met vuur verbrand.*** *Laat staan en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees onder die nasies, hoog op die aarde*" (Ps. 46:1-11).

### *Die Oordeel van die Lewende Nasies (Matt. 25:31-46)*

Gedurende die groot verdrukking sal daar drie klasse mense op aarde wees:

**1) Die Joodse nasie (die Here se "broers" Matt. 25:40)**

Die 144 000 sal hul tot die Here wend en die evangelie van die koninkryk verkondig. Later, gedurende die Verdrukking wanneer die alliansie van nasies die land inval, sal die hele nasie na die Here bekeer. "*En die huis van Israel sal weet dat Ek die HERE hulle God is, van dié dag af en verder*" (Eseg. 39:22). As Christus kom sal elke oorlewende van die nasie van Israel gered word (Rom. 11:26-27). En hulle sal uitkyk en wag vir hul Here om terug te keer.

Baie Joodse gelowiges sal vir hul geloof in Jesus Christus doodgemaak word. Dit sluit die 144 000 dienaars van God in, hulle wat in die hemel gesien word waar hulle 'n nuwe lied "*voor die troon*" sing terwyl die groot verdrukking voortduur (Openb. 14:1-5).

**2) Die geredde nie-Jode**

Nie-Joodse mense wat nooit die evangelie gehoor het nie, kan

moontlik tot bekering kom op grond van die getuienis van gelowige Jode. Hulle sal weier om die afgod van die Antichris te aanbid of om sy merk op hul hand of voorkop te plaas.

Dit is moontlik dat vele van die nie-Joodse gelowiges as martelaars vir Christus sal sterf; ons sien hulle "*voor die troon, en voor die Lam, geklee in wit klere*" (Open. 7:9-10). Hulle word aan die einde van die groot verdrukking, as deel van die eerste opstanding, opgewek. Ons lees van hulle in Openbaring 20: "*En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank*" (Openb. 20:4).

**3) Die ongeredde Heidene**
Hierdie mense sal dié wees wat die Antichris volg, sy merk aanneem, en sy afgodsbeeld aanbid: "*As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk ontvang... sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God... gepynig word met vuur en swawel... tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie - hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang*" (Openb. 14:9-11).

Die Heidene wat die groot verdrukking oorleef, sal voor God by die troon van "*Sy heerlikheid*" staan (Matt. 25:31). Daar sal Hy die **skape** van die **bokke** skei nadat Hy sy "*uitverkore*" volk Israel bymekaar gemaak het (Matt. 24:31). Die bewys van die verlossing van die *"skape"* lê in die feit dat hulle die Here se volk bygestaan het: "*Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk... vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen*" (Matt. 25:34-40).

Die **bokke** sal in "*'n ewige vuur*" ingaan. Hulle het in geen manier Joodse of heidense gelowiges bygestaan nie: "*vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie*

*gedoen nie*" (Matt. 25:45).

## *6)* CHRISTUS SE DUISENDJARIGE VREDERYK
### *(1 000 Jaar van Vrede - Openb. 20)*

Menigtes van mense bid die "Onse Vader" al vir amper tweeduisend jaar lank, maar in die Vrederyk sal hierdie gebed uiteindelik ten volle beantwoord word. "***Laat U koninkryk kom.*** *Laat u wil geskied op aarde, soos ook in die hemel*" (Matt. 6:10). Hierdie koninkryk sal eenduisend jaar duur, en word ses keer in Openbaring 20:2-7 in verskeie vorme beskryf:

a) Satan sal vir eenduisend jaar gebind wees (v.2);
b) Satan sal vir eenduisend jaar in die bodemlose put verseël wees (v.3);
c) Trone word gevestig en gelowiges wat vanuit die Verdrukking kom, lewend en dood, sal saam met Christus vir eenduisend jaar regeer (v.4);
d) Ongeredde mense sal moet wag tot aan die einde van die duisend jaar, met ander woorde tot en met die tweede opstanding van die dode (v.5);
e) Die **eerste opstanding** sluit slegs die in wat gered is. Hulle sal priesters van God en van Christus wees en saam met Hom vir eenduisend jaar regeer (v.6);
f) Aan die einde van hierdie eenduisend jaar sal Satan vrygelaat word vir 'n "*kort tydjie*" (Openb. 20:3) en die nasies nog een keer mislei. Hy sal die Gog en die Magog in oproer bring om so die "*kamp van die heiliges*" en "*die geliefde stad*" (Jerusalem) te omsingel (Openb. 20:9). Die Vrederyk tempel en die heerlikheid van God sal hier teenwoordig wees. Hierdie finale rebellie sal met vuur vanuit die hemel geoordeel word, en Satan sal in die poel van vuur gewerp word. Dit is waar die dier en die valse profeet alreeds vir eenduisend jaar is (Openb. 20:7-10). Die Gog is gedurende 'n vorige aanval op Israel, tydens die groot verdrukking, oorwin (Eseg. 38 & 39), **voordat Israel bekeer het** en "*heiliges*" genoem word (die besonderhede van elke aanval is bepaald verskillend).

## *7)* DIE NUWE HEMEL EN DIE NUWE AARDE
## (*Openbaring 21 en 22)*

Met die afsluiting van die duisendjarige Vrederyk sal die aarde met vuur vernietig word en die ewige orde sal 'n aanvang neem in die nuwe hemel en die nuwe aarde. Almal wat tydens die Vrederyk gered word sal ook ‘n opstandingsliggaam ontvang, en daarom sal die finale fase van die eerste opstanding aan die einde van die duisend jaar plaasvind.

### *Die Opstanding van die Regverdige en Onregverdige (Joh. 5:29)*

Die eerste opstanding word vergelyk met 'n oes wat in drie fases versamel word; daar is die eerste vrugte (voor-oes), die hoofoes, en die na-oes.

Toe Christus opgestaan het, het Hy die Ou Testamentiese gelowiges vanuit die paradys na die hemel gelei. Christus was "*die* ***eerste vrugte*** *van hulle wat geslaap het*" (1 Kor. 15:20; Matt. 27:52-52). Die groot **hoofoes** vind met die Wegraping van die Kerk plaas (1 Thess. 4:13-18) en die **na-oes** aan die einde van die groot verdrukking (Open. 20:6) en die duisendjarige Vrederyk. Die eerste opstanding is bedoel vir dié wat gered is.

Die **tweede opstanding** vind as een gebeurtenis aan die einde van die Vrederyk plaas, wanneer al die ongeredde mense vanaf die begin van tyd voor die groot wit troon sal staan en geoordeel sal word. Dit sal nie wees om hul ewige lot te beslis nie, maar om grade van straf in die poel van vuur te ontvang na gelang van hul werke (Openb. 20:11-15).

### *Die Nuwe Jerusalem en die Nuwe Aarde*

'n Gedetailleerde beskrywing van die nuwe Jerusalem word in hoofstuk 21 gegee. Dit is ongetwyfeld die plek waarheen Christus gegaan het om plek vir gelowiges voor te berei (Joh. 14:1-3). Die nuwe Jerusalem se grootheid oortref ons rykste verbeelding.

Dit wil voorkom asof die nuwe Jerusalem met die Kerk geassosieer word, want toe die engel *vir Johannes gesê het "Kom hierheen, ek sal*

*jou die bruid toon, die vrou van die Lam"*, *sê Johannes "... [hy het] my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal"* (Openb. 21:14). Die Kerk is "*gebou op die fondament van die apostels en die profete* (Ef. 2:20). Die nasies van alle tydperke sal "*in die lig wandel*" van daardie stad en "*hulle heerlikheid en eer daarin bring*" (Openb. 21:24); dit is die woonplek van die Bruid van die Lam!

Die vloek van die sondeval sal finaal verwyder word en daar sal geen sonde, siekte, pyn, verdriet of dood meer wees nie. Die troon van God sal daar gevestig wees en elkeen sal 'n sondelose opstandingsliggaam ontvang. Ons sluit af met een van die mooiste verse in die Bybel: "*En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. En* ***hulle sal sy aangesig sien,*** *en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees*" (Openb. 22:3-4).

### *Die Laaste Oproep*

Terwyl ons hierdie studie in die boek van die Openbaring afsluit, staan ons op die kuslyn van die ewigheid. Op hierdie punt is die geleentheid om Christus vir verlossing te vertrou nog vrylik beskikbaar, maar die geleentheid kan dalk enige oomblik vir altyd verby wees. 'n Tyd waar ons lewensdoelwitte vir altyd verspeel mag wees. Die enigste rede waarom enige mens vir ewig verlore sal gaan, is omdat hulle geweier het om die vrye geskenk van die ewige lewe wat deur geloof in Jesus Christus beskikbaar is te ontvang. Drie keer hoor ons die oproep ***"Kom, Kom, Kom"***. God se uitnodiging in die laaste hoofstuk is geen verrassing nie, maar kom uit 'n liefdevolle vaderhart:

*"En die Gees en die bruid (die Kerk) sê:* ***Kom!*** *En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het,* ***kom;*** *en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet* (Openb. 22:17).

Deur 'n eenvoudige geloof in Jesus Christus as persoonlike Verlosser en Saligmaker kan elke mens hierdie ewige lewe deelagtig word. Wil jy nie nou die saak met Hom uitmaak nie?

## *'n Finale Woord van die Uitgewers*

Die waarde van die boodskap van hierdie boek lê in die Heilige Gees se werk in jou hart om jou te oortuig van die waarheid, en om God se liefde deurlopend te openbaar. As jy nog twyfel oor die waarde of betekenis van die eindtydprofesieë in die Bybel, sal hierdie boek ver gaan om jou te oortuig van God se ewigheidsplan vir die wêreld, maar ook vir jou persoonlik. In 'n wêreld van wanorde, woede en wantroue word baie gelowiges kortsigtig en leef nie 'n lewe in God se ewigheidsplan nie. Om 'n lewe te leef onder die invloed van 'n wêreldse perspektief lei na oppervlakkigheid. Ons glo dat onsekerheid, verwarring en twyfel geen plek in 'n Christen se lewe behoort te hê nie.

Die Heilige Gees lei diegene wat gewillig is om Skrif met Skrif te vergelyk. Hulle wat die ware betekenis van God se Woord wil leer ken, behoort na die verse te kyk binne die historiese konteks asook die normale gebruik van die grammatika, met ander woorde die letterlike boodskap daarvan. Dr. Ecob se vars benadering en noukeurige verduidelikings sal vir die volwasse student van God se Woord van waarde wees om daardie andersins moeilik verstaanbare Skrifgedeeltes te verklaar. Sy kennis van wêreldgeskiedenis en huidige gebeure sal 'n waardevolle dimensie byvoeg in die studies van die Ou Testament profesieë en die Nuwe Testamentiese leringe van ons Verlosser en Sy apostels. Alhoewel ander leraars van eindtydprofesie soos Pentecost, Walvoord, ens. ook bydraes kan maak deur ander moontlike interpretasies te bied, is ons oortuig dat dr. Ecob se getrouheid aan die konteks van die Skrifgedeelte en die korrekte gebruik van die beginsels van Bybelse interpretasie 'n bron van ware aanmoediging en insig sal wees.

Alhoewel dispensasieleer en letterlike interpretasie van die Skrifgedeeltes vas en waar is, kan ander moontlik van toepassing gemaak word, veral as dit kom by die spesifieke benaming van 'n nasie of leier as die mees waarskynlike vervulling van die profetiese situasie. Ons glo dat die geestelike volwassenheid van die individuele gelowige afhanklik is van 'n korrekte begrip van God se Woord. Bybelgelowige kerke sal vind dat hierdie boodskap van hoop in Jesus Christus 'n essensiële element is van hulle bediening in die opbouing en toerusting van gelowiges se lewens.

**Ander boeke word ook deur die Herout van Hoop komitee onder leiding van dr. Blackwell beskikbaar gestel.**